# ONDERHOUDVAARDIGHEDE

by

BEROEPSLEIDING aan SKOOLVERLATERS

**MARTHINUS CHRISTOFFEL BREWIS**

B.Com. B.Ed. T.H.O.D. V.D.O.

Skripsie

goedgekeur vir gedeeltelike nakoming van

die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**

in die

Departement Voorligting en Ortopedagogiek

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT**

vir

**CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

Studieleier: Dr. J.L. Marais

Hulpleier : Prof. H.B. Kruger

**1985**

**DANKBETUIGING**

My geagte studieleier, Dr. J.L. Marais, vir sy positiewe leiding, besieling en aanmoediging.

Prof. H.B. Kruger wat opgetree het as hulp-studieleier.

Dr. A. Kruger wat behulpsaam was met die taalversorging.

Mev. C.J. van der Westhuizen vir haar puik tikwerk.

My vrou, Dinie en my seuns Frans, Rudolph en Thinus.

Die Hemelse Vader vir gesondheid en insig waarsonder hierdie studiewerk nie voltooi kon gewees het nie.

NOVEMBER 1985

# I N H O U D S O P G A W E


| HOOFSTUK 1 | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | Aanleiding tot die ondersoek en probleemstelling. | 1 |
| 1.2 | Die doel van die ondersoek. | 2 |
| 1.3 | Begripsverheldering. | 2 |
| 1.3.1 | Voorligteronderwyser. | 2 |
| 1.3.2 | Onderhoudvaardigheid. | 3 |
| 1.4 | Metode van ondersoek. | 3 |
| 1.4.1 | Literatuurstudie. | 3 |
| 1.4.2 | Empiriese ondersoek. | 3 |
| 1.5 | Die verloop van die ondersoek. | 3 |

HOOFSTUK 2

Onderhoudvoering en beroepsleiding

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding. | 5 |
| 2.1.1 | Voorligting. | 5 |
| 2.1.1.1 | Persoonlikheidsvoorligting as komponent van voorligting. | 6 |
| 2.1.1.2 | Opvoedkundige voorligting as komponent van voorligting. | 6 |
| 2.1.1.3 | Beroepsleiding as komponent van voorligting. | 7 |
| 2.1.2 | Berading. | 7 |
| 2.2 | Die begrip "Onderhoud." | 8 |
| 2.3 | Die verskillende gebeure in die onderhoud by beroepsleiding aan die skoolverlater. | 9 |
| 2.3.1 | Probleemidentifisering as 'n gebeure in die onderhoud. | 9 |
| 2.3.2 | Inligting aan die skoolverlater as gebeure in die onderhoud. | 9 |
| 2.3.3 | Korrelering van die kennis van die kind met die kennis oor die beroepswêreld as gebeure in die onderhoud. | 10 |
| 2.4 | Die onderhoud beskou vanuit 'n opvoedkundige perspektief. | 10 |
| 2.5 | Metodes van onderhoudvoering by beroepsleiding aan skoolverlaters. | 12 |
| 2.5.1 | Die direktiewe metode. | 12 |
| 2.5.2 | Die nie-direktiewe metode. | 13 |
| 2.5.3 | Die eklektiese metode. | 14 |
| 2.6 | Die geldigheid en betroubaarheid van die onderhoud. | 14 |
| 2.7 | Die opleiding van voorligteronderwysers in onderhoudvoering. | 15 |
| 2.8 | Samevatting. | 15 |

HOOFSTUK 3

Onderhoudvaardighede


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding. | 17 |
| 3.2 | Kommunikasie. | 17 |
| 3.2.1 | Verbale kommunikasie | 18 |
| 3.2.2 | Nie-Verbale kommunikasie | 18 |
| 3.2.2.1 | Teken- of gebaretaal. | 20 |
| 3.2.2.2 | Die nie-verbale aspek van spraak. | 21 |
| 3.3 | Luister as vaardigheid. | 21 |
| 3.3.1 | Marginale luister. | 23 |
| 3.3.2 | Evaluerende luister. | 23 |
| 3.3.3 | Projektiewe luister. | 23 |
| 3.4 | Die stigting van rapport as onderhoudvaardigheid. | 24 |
| 3.5 | "Stilte" as 'n onderhoudvaardigheid. | 25 |
| 3.5.1 | Die "stilte" geïnisieer deur die onderhoudvoerder. | 25 |
| 3.5.2 | Die "stilte" geïnisieer deur die respondent. | 26 |
| 3.6 | Waarneming as onderhoudvaardigheid. | 27 |
| 3.7 | Empatie as onderhoudvaardigheid. | 29 |
| 3.8 | Houding as onderhoudvaardigheid. | 30 |
| 3.9 | Vraagstelling as onderhoudvaardigheid. | 31 |
| 3.9.1 | Die geslote en oop vraag. | 32 |
| 3.9.1.1 | Die doel van die onderhoud. | 32 |
| 3.9.1.2 | Die hoeveelheid inligting beskikbaar. | 32 |
| 3.9.1.3 | Die struktuering van gedagtes. | 32 |
| 3.9.1.4 | Die wyse van kommunikasie. | 33 |
| 3.9.1.5 | Insig en kennis. | 33 |
| 3.10 | Die vaardige interpretasie van verslae. | 34 |
| 3.10.1 | Bronne van inligting. | 35 |
| 3.10.1.1 | Inligting verkry van onderwyspersoneel in die skoolsituasie. | 35 |
| 3.10.1.1.1 | Inligting uit vooglêer. | 35 |
| 3.10.1.1.2 | Inligting uit kummulatiewe verslagkaart. | 35 |
| 3.10.1.2 | Inligting verkry van leerling self | 38 |
| 3.11 | Die gebruik van die "samevatting" as vaardigheid. | 40 |
| 3.12 | Samevatting. | 41 |


HOOFSTUK 4

Empiriese ondersoek


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 42 |
| 4.2 | Die doel van hierdie ondersoek. | 42 |
| 4.3 | Enkele ondersoekmetodes en keuse van die uiteindelike ondersoekmetode. | 42 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.3.1 | Die onderhoud as ondersoekmetode. | 42 |
| 4.3.1.1 | Gestruktureerde onderhoud. | 43 |
| 4.3.1.2 | Die ongestruktureerde onderhoud. | 43 |
| 4.3.1.3 | Die mees algemene gebruikswaarde van die onderhoud as ondersoekmetode. | 43 |
| 4.3.1.4 | Nadele van die onderhoud as ondersoekmetode. | 43 |
| 4.3.2 | Die vraelys as navorsingsmetode. | 44 |
| 4.3.2.1 | Voordele van die vraelys as navorsingsmetode. | 44 |
| 4.3.2.2 | Enkele nadele van die vraelys as navorsingsmetode. | 44 |
| 4.4 | Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode. | 45 |
| 4.4.1 | Konstruksie van die vraelys. | 45 |
| 4.4.2 | Anonimiteit van die vraelys. | 46 |
| 4.4.3 | Samestelling van die voorlopige vraelys. | 46 |
| 4.4.4 | Inhoud. | 47 |
| 4.4.5 | Verspreiding. | 47 |
| 4.4.6 | Terugontvangste en opvolgbrief. | 47 |
| 4.5 | Die empiriese ondersoek. | 47 |
| 4.5.1 | Keuse van proefpersone. | 47 |
| 4.6 | Samestelling van die vraelys. | 48 |
| 4.6.1 | Motivering en ontwerp van die vraelys. | 48 |
| 4.6.2 | Keuse van soorte items vir die vraelys. | 48 |
| 4.6.3 | Die motivering en eerste redaksie van die vraelys. | 49 |
| 4.6.3.1 | Motivering van items. | 49 |
| 4.6.3.2 | Die eerste redaksie van die vraelys. | 52 |
| 4.7 | Die tweede redaksie van die vraelys. | 58 |
| 4.8 | Voorkoms van die vraelys. | 58 |
| 4.9 | Die begeleidende brief. | 59 |
| 4.10 | Opvolgbrief. | 59 |
| 4.11 | Terugontvangste. | 59 |
| 4.12 | Samevatting. | 59 |


HOOFSTUK 5

<u>Aanbieding, analise en interpretering van die vraelysresponse</u>


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding. | 60 |
| 5.2 | Biografiese besonderhede van respondente. | 60 |
| 5.2.1 | Vraag 1.1 | 60 |
| 5.2.1.1 | Analise van response. | 60 |
| 5.2.1.2 | Interpretasie van response. | 60 |
| 5.2.2 | Vraag 1.2 | 61 |
| 5.2.2.1 | Analise van response. | 61 |
| 5.2.2.2 | Interpretasie van response. | 61 |
| 5.2.3 | Vraag 1.3 | 62 |
| 5.2.3.1 | Analise van response. | 62 |
| 5.2.3.2 | Analise van response. | 63 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.3.3 | Analise van response. | 63 |
| 5.2.3.4 | Analise van response. | 64 |
| 5.2.3.5 | Interpretasie van response. | 64 |
| 5.2.4 | Vraag 1.4 | 66 |
| 5.2.4.1 | Analise van response. | 66 |
| 5.2.4.2 | Analise van response. | 67 |
| 5.2.4.3 | Interpretasie van response. | 67 |
| 5.2.5 | Vraag 1.5 | 67 |
| 5.2.5.1 | Analise van response. | 68 |
| 5.2.5.2 | Interpretasie van response. | 68 |
| 5.3 | Respondente se response op vrae wat handel oor die onderhoudvaardighede. | 68 |
| 5.3.1 | Vraag 2.1 | 68 |
| 5.3.1.1 | Analise van response. | 69 |
| 5.3.1.2 | Analise van response. | 69 |
| 5.3.1.3 | Interpretasie van response. | 69 |
| 5.3.2 | Vraag 2.2 | 70 |
| 5.3.2.1 | Analise van response. | 70 |
| 5.3.2.2 | Analise van response. | 71 |
| 5.3.2.3 | Interpretasie van response. | 71 |
| 5.3.3 | Vraag 2.3 | 71 |
| 5.3.3.1 | Analise van response. | 71 |
| 5.3.3.2 | Analise van response. | 72 |
| 5.3.3.3 | Interpretasie van response. | 72 |
| 5.3.4 | Vraag 2.4 | 72 |
| 5.3.4.1 | Analise van response. | 73 |
| 5.3.4.2 | Analise van response. | 73 |
| 5.3.4.3 | Interpretasie van response. | 74 |
| 5.3.5 | Vraag 2.5 | 74 |
| 5.3.5.1 | Analise van response. | 74 |
| 5.3.5.2 | Analise van response. | 75 |
| 5.3.5.3 | Interpretasie van response. | 75 |
| 5.3.6 | Vraag 2.6 | 75 |
| 5.3.6.1 | Analise van response. | 76 |
| 5.3.6.2 | Analise van response. | 76 |
| 5.3.6.3 | Interpretasie van response. | 76 |
| 5.3.7 | Vraag 2.7 | 77 |
| 5.3.7.1 | Analise van response. | 77 |
| 5.3.7.2 | Analise van response. | 78 |
| 5.3.7.3 | Interpretasie van response. | 78 |
| 5.3.8 | Vraag 2.8 | 78 |
| 5.3.8.1 | Analise van response. | 79 |
| 5.3.8.2 | Analise van response. | 79 |
| 5.3.8.3 | Interpretasie van response. | 80 |
| 5.3.9 | Vraag 2.9 | 80 |
| 5.3.9.1 | Analise van response. | 80 |
| 5.3.9.2 | Analise van response. | 81 |
| 5.3.9.3 | Interpretasie van response. | 81 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.3.10 | Vraag 2.10.1 | 81 |
| 5.3.10.1 | Analise van response. | 82 |
| 5.3.10.2 | Analise van response. | 82 |
| 5.3.10.3 | Interpretasie van response. | 82 |
| 5.3.10.4 | Vraag 2.10.2 | 83 |
| 5.3.10.5 | Analise van response. | 83 |
| 5.3.10.6 | Analise van response. | 84 |
| 5.3.10.7 | Interpretasie van response. | 84 |
| 5.3.10.8 | Vraag 2.10.3 | 84 |
| 5.3.10.9 | Analise van response. | 85 |
| 5.3.10.10 | Analise van response. | 85 |
| 5.3.10.11 | Interpretasie van response. | 86 |
| 5.4 | Respondente se response op vrae oor opleiding. | 86 |
| 5.4.1 | Vraag 3.1 | 86 |
| 5.4.1.1 | Analise van response. | 87 |
| 5.4.2 | Vraag 3.2 | 87 |
| 5.4.2.1 | Analise van response. | 87 |
| 5.4.2.2 | Analise van response. | 88 |
| 5.4.2.3 | Interpretasie van response. | 88 |
| 5.5 | Samevatting. | 88 |

HOOFSTUK 6

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Inleiding. | 90 |
| 6.2 | Probleemstelling. | 90 |
| 6.3 | Die doel van die ondersoek. | 90 |
| 6.4 | Begripsverklaring. | 91 |
| 6.4.1 | Onderhoudvaardigheid. | 91 |
| 6.5 | Metode van ondersoek. | 91 |
| 6.6 | Beroepsleiding as komponent van voorligting. | 91 |
| 6.7 | Die begrip onderhoud. | 91 |
| 6.8 | Gebeure in die onderhoud by beroepsleiding aan die skoolverlater. | 91 |
| 6.8.1 | Probleemidentifisering as 'n gebeure in die onderhoud. | 91 |
| 6.8.2 | Inligting aan die skoolverlater as gebeure in die onderhoud. | 91 |
| 6.8.3 | Korrelering van die kennis van die kind met die kennis oor die beroepswêreld as gebeure in die onderhoud. | 92 |
| 6.9 | Die onderhoud beskou vanuit 'n opvoedkundige perspektief. | 92 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.10 | Metodes van onderhoudvoering by beroepsleiding aan skoolverlaters. | 92 |
| 6.11 | Die geldigheid en betroubaarheid van die onderhoud. | 92 |
| 6.12 | Die opleibaarheid van voorligteronderwysers in onderhoudvoering. | 92 |
| 6.13 | Onderhoudvaardighede. | 93 |
| 6.13.1 | Kommunikasie. | 93 |
| 6.13.2 | Luister. | 93 |
| 6.13.3 | Die stigting van rapport. | 93 |
| 6.13.4 | Stilte. | 93 |
| 6.13.5 | Waarneming. | 94 |
| 6.13.6 | Empatie. | 94 |
| 6.13.7 | Houding. | 94 |
| 6.13.8 | Vraagstelling. | 94 |
| 6.13.9 | Interpretasie van verslae. | 94 |
| 6.13.10 | Samevatting. | 95 |
| 6.14.1 | Die doel van die empiriese ondersoek. | 95 |
| 6.14.2 | Enkele ondersoekmetodes en keuse van die uiteindelike ondersoekmetode. | 95 |
| 6.14.3 | Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode. | 95 |
| 6.14.4 | Die empiriese ondersoek. | 96 |
| 6.14.4.1 | Keuse van proefpersone. | 96 |
| 6.14.4.2 | Samestelling van die vraelys. | 96 |
| 6.14.4.3 | Die motivering en eerste redaksie van die vraelys. | 96 |
| 6.14.4.4 | Terugontvangste. | 96 |
| 6.14.4.5 | Verwerking van vraelys response. | 96 |
| 6.15 | Biografiese besonderhede in verband met respondente. | 96 |
| 6.15.1 | Geslag. | 96 |
| 6.15.2 | Huidige pos. | 97 |
| 6.15.3 | Kwalifikasies. | 97 |
| 6.15.4 | Jare ervaring. | 97 |
| 6.15.5 | Getal personeel betrokke by beroepsleiding. | 97 |
| 6.15.6 | Respondente se response op vrae wat handel oor onderhoudvaardighede. | 97 |
| 6.15.6.1 | Kommunikasie. | 97 |
| 6.15.6.2 | Die stigting van rapport. | 97 |
| 6.15.6.3 | Stilte. | 98 |
| 6.15.6.4 | Houding. | 98 |
| 6.15.6.5 | Luister. | 98 |
| 6.15.6.6 | Empatie. | 98 |
| 6.15.6.7 | Waarneming. | 98 |
| 6.15.6.8 | Samevatting. | 99 |
| 6.15.6.9 | Vraagstelling. | 99 |
| 6.15.6.10 | Korrekte interpretasie van gegewens verkry uit verslae. | 99 |
| 6.15.7 | Opleiding in onderhoudvaardighede. | 99 |
| 6.15.7.1 | Opleiding ontvang. | 100 |
| 6.15.7.2 | Belangstelling in indiensopleiding. | 100 |
| 6.15.7.3 | Opleiding van toekomstige voorligteronderwysers. | 100 |
| 6.16 | Gevolgtrekkings. | 100 |
| 6.16.1 | Die belangrikheid van die onderhoudvaardighede. | 100 |
| 6.16.2 | Ervaring van voorligteronderwysers. | 100 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.16.3 | Kwalifikasies van voorligteronderwysers. | 100 |
| 6.16.4 | Opleiding van voorligteronderwysers. | 101 |
| 6.16.5 | Belangrikheid van onderhoudvaardighede | 101 |
| 6.16.6 | Behendigheid in die hantering van die onderhoudvaardighede. | 101 |
| 6.17 | Aanbevelings. | 101 |
| 6.18 | Tekortkominge van hierdie ondersoek, | 101 |
| 6.19 | Aanbevelings vir verdere navorsing . | 101 |
| 6.20 | Slot | 101 |
| Bronnelys. | | 102 |
| Synopsis. | | i |
| Bylaes, | | iv |

## HOOFSTUK 1

### 1.1 AANLEIDING TOT DIE ONDERSOEK EN PROBLEEMSTELLING

Die onderhoud as aktiwiteit kom universeel voor. Die maatskaplike werker die sielkundige, die prokureur en voorligteronderwyser voer onderskeidelik met kliënte, pasiënte en leerlinge onderhoude. Elkeen van hierdie onderhoude is uniek. Die onderhoud is die belangrikste implementeringsmedium vir die beradingsproses (Kruger, 1975:13). Dit is 'n persoon-tot-persoon gebeurtenis waarin daar deur middel van kommunikasie berading plaasvind. 'n Voorvereiste vir 'n onderhoud is 'n vertrouensverhouding tussen twee persone. Die onderhoud is individueel en persoonlik van aard en kan nooit in die groep plaasvind nie. Individuele onderhoudvoering vorm die kern ("hart") van 'n voorligtingsprogram (O.V.S. 1984:6; Kruger, 1974:8).

Al vier die provinsiale onderwysdepartemente ken 'n belangrike plek aan die onderhoud in hulle onderskeidelike voorligtingsprogramme toe. Daar word op die skoolrooster amptelik bepaalde tye vir onderhoudvoering geskeduleer (T.O.D. 1977:8 en T.O.D. 1978:8).

Die plek en betekenis van onderhoudvoering is van besondere belang omdat die voorligteronderwyser tydens die onderhoud die geleentheid kry om uitspraak oor die verantwoordbaarheid van die onderwys- (vak en studierigting) en beroepskeuses te gee.

Korrelering van die inligting van die kind met inligting van die beroepswêreld is die moeilikste deel van beroepsleiding, omdat dit indringende kennis en insig by die voorligteronderwyser veronderstel (Kruger, 1975:24; Buys, 1984:10; R.G.N., 1979:32). Die interpretering van inligting oor die individuele kind (ipsatiewe data) en normatiewe inligting (hoe hy staan in vergelyking met ander van sy groep) en die korrelering daarvan met die beroepsvereistes onderstreep Deutsch et al. (1965:10) se mening oor die komplekse en ingewikkelde aard van die onderhoud.

Aangesien al die beroepsleidingaktiwiteite van die skoolvoorligtingsprogram in die onderhoud kan kulmineer, sal dit noodwendig hoë eise aan die onderhoudvoerder se vaardighede in onderhoudvoering stel. Objektiwiteit en onbevooroordeeldheid is noodsaaklike vereistes, anders kan dit gebeur dat vooraf verkreë inligting die onderhoud tot mislukking doem. Die voorligteronderwyser moet in staat wees tot empatiese begrip van die leerling. Behoorlike opleiding en

deeglike vakwetenskaplike kennis is noodsaaklik vir die voorligteronderwyser. Daarbenewens is kennis van onderhoudtegnieke, van beroepe, beroepsvereistes, opleidingsvoorwaardes en -geriewe 'n noodsaaklike voorvereiste vir suksesvolle beroepsleiding (Kruger, 1975:18).

Waarnemings en navrae het aan die lig gebring dat nie al die onderwysers wat vir beroepsleiding verantwoordelik is vaardig is met betrekking tot onderhoudvoering nie en dat daar by baie 'n behoefte aan bepaalde onderhoudvaardighede bestaan. Dikwels is die verskoning van geen ervaring of opleiding in onderhoudvoering ook op beroepsleiding van toepassing.

Dit gaan in beroepsleiding en onderhoudvoering nie om 'n enkele onderwyser se vaardigheid en vermoëns nie maar dit gaan om die toekoms van die jeug in die breedste sin van die woord.

Met die voorafgaande probleem in gedagte het die vraag ontstaan in welke mate voorligteronderwysers in Transvaalse sekondêre skole vaardig is met betrekking tot onderhoudvoering by beroepsleiding aan skoolverlaters.

## 1.2 DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om:

1.2.1 algemeen geldende onderhoudvaardighede te identifiseer en

1.2.2 spesifieke vaardighede wat eie is aan die beroepsleidingsituasie te identifiseer en dan

1.2.3 te bepaal hoe belangrik voorligteronderwysers in Transvaalse sekondêre skole die onderhoudvaardighede ag, en in watter mate hulle in onderhoudvoering vaardig is.

## 1.3 BEGRIPSVERHELDERING

### 1.3.1 VOORLIGTERONDERWYSER

Met hierdie studie word daar na die voorligteronderwyser(es) verwys as die lid van die onderwyspersoneel verbonde aan 'n sekondêre skool wat verantwoordelik is vir beroepsleiding (R.G.N. 1978:11).

### 1.3.2 ONDERHOUDVAARDIGHEID

"Vaardigheid volgens Kritzinger *et al.* (1965:1185) beteken "bekwaamheid" of "bedrewenheid" terwyl Schoonees *et al.* (1965:935) die betekenis aandui as "bedrewe".

Vir die ondersoeker verwys die woord onderhoudvaardigheid na twee aspekte van onderhoudvoering, naamlik:

* Bekwaamheid wat verwys na kennis van dit wat gebruik word om die onderhoud suksesvol te laat verloop, en

* Bedrewenheid wat verwys na inoefening van dit wat nodig is om die onderhoud suksesvol te laat verloop.

Onderhoudvaardigheid verwys dus na: "KEN" wat kennis van die vaardigheid en "KAN" wat die bedrewenheid in die gebruik van die vaardigheid by onderhoudvoering is.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

### 1.4.1 LITERATUURSTUDIE

Om die doel van die studie te bereik sal 'n teoretiese deurgronding van die tema aan die hand van 'n literatuurstudie gedoen word.

### 1.4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

'n Vraelys sal opgestel word en aan voorligteronderwysers in Transvaalse sekondêre skole gestuur word. Die vraelys word ontwerp om die vaardigheid van hierdie voorligteronderwysers in onderhoudvoering te bepaal.

## 1.5 DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

Hoofstuk 1 omvat 'n beskrywing van die probleemstelling, die doel van die ondersoek asook die metode wat in die ondersoek gebruik gaan word.

Waar hierdie studie handel oor die onderhoudaktiwiteite in die beroepsleidingsituasie sal daar in hoofstuk 2 aandag gegee word aan die begrippe "voorligting", "beroepsleiding", "berading" en "onderhoud". Verskillende aspekte

van die onderhoud en onderhoudvoering word aangebied.

In hoofstuk 3 sal daar deur middel van 'n literatuurstudie die algemeen geldende asook spesifieke onderhoudvaardighede wat van toepassing op die onderhoud in die beroepsleidingsituasie is geïdentifiseer word.

In hoofstuk 4 sal die empiriese ondersoek teoreties begrond word. Daar sal na verskillende ondersoekmetodes gekyk word. Die vraelys as ondersoekmetode word volledig bespreek en die teoretiese fundering van die items in die vraelys word aangebied.

In hoofstuk 5 word die aanbieding, analise en interpretasie van die vraelysresponse bespreek.

'n Samevatting van die literatuurstudie en empiriese ondersoek word in hoofstuk 6 aangebied. Daarna volg 'n bespreking van die gevolgtrekkings waartoe gekom is uit beide die literatuurstudie en empiriese ondersoek. Hierna volg enkele aanbevelings.

Vervolgens sal daar in hoofstuk 2 oorgegaan word tot 'n bespreking van beroepsleiding as komponent van voorligting. Aandag word aan die onderhoud, die gebeure in die onderhoud sowel as die onderhoud vanuit 'n opvoedkundige perspektief gegee. Die geldigheid en betroubaarheid van die onderhoud tesame met die opleiding van onderhoudvoerders sal van nader beskou word.

# HOOFSTUK 2

# ONDERHOUDVOERING EN BEROEPSLEIDING

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar eers na beroepsleiding as komponent van voorligting gekyk word. Omdat beroepsleiding onder andere in die onderhoud kan kulmineer, sal daar aan die begrip "onderhoud" aandag gegee word, asook aan die gebeure in die onderhoud. Vervolgens sal die onderhoud vanuit 'n opvoedkundige perspektief van nader beskou word terwyl die geldigheid, betroubaarheid asook die metodes van onderhoudvoering onder die loep geneem sal word. Laastens sal daar aan die opleiding van voorligteronderwysers as onderhoudvoerders aandag gegee word.

Ten einde beroepsleiding as komponent van voorligting te kan beskryf is dit eerstens nodig om aandag aan die begrip voorligting te gee.

### 2.1.1 VOORLIGTING

Volgens Belkin (1975:35) dui voorligting op 'n verskeidenheid van georganiseerde dienste in 'n opvoedkundige konteks, wat 'n bydrae lewer tot die verbreding van die gewone skoolkurrikulum.

Kruger (1977:6) beskou voorligting as "die verantwoordelike bemoeiing wat die onderwyser met die kind maak om hom te ondersteun in die voorkoming en uitskakeling van faktore wat sy geestesgesondheid kan versteur, hom te help in die optimale ontplooiing van al sy moontlikhede en hom te bring tot verantwoordelike, mondige uitvoering van sy lewensroeping."

Shertzer en Stone (1976:162) verwys na voorligting as 'n proses van hulpverlening aan individue om hulle self en hulle wêreld te verstaan. Hulle gaan ook verder en dui aan dat voorligting ook verwys na die totale skoolprogram wat gerig is op steungewing aan die kind om voldoende beplanning te doen en bevredigende aanpassings te maak.

Volgens die R.G.N. (1978:12) is voorligting verantwoordelike hulpverlening en steungewing deur die voorligteronderwyser aan die kind (skoolverlater) wat ten aansien van sy beroepskeuse en ander probleme steunbehoewend is, sodat hy op grond van noukeurige selfbeoordeling sodanige insigte in sy situasie verwerf en stellingname teenoor sy beroepstoekoms verower, dat hy op eie verantwoordelik-

heid 'n beroepskeuse sal doen as voorstadium tot taakverrigting as beroepsvolwassene.

Uit bogenoemde beskouinge blyk dit dat voorligting 'n verskeidenheid beplande, steungewende handelinge is wat 'n voorligteronderwyser met die skoolverlater uitvoer ten einde die skoolverlater se kennis omtrent homself en sy wêreld te verbreed sodat hy op grond van noukeurige selfbeoordeling sodanige insig in sy situasie sal verwerf dat hy op eie verantwoordelikheid 'n beroepskeuse sal doen ten einde sy lewensroeping as volwassene te vervul. Hierdie voorligting is vir alle leerlinge en nie net vir die ontspoorde nie (Dinkmeyer en Muro, 1979:4). Voorligting bestaan uit die komponente persoonlikheidsvoorligting, opvoedkundige voorligting en beroepsleiding en word nou kortliks bespreek.

2.1.1.1 PERSOONLIKHEIDSVOORLIGTING AS KOMPONENT VAN VOORLIGTING

Skoolverlaters moet deur middel van die voorligtingsprogram gehelp word om 'n selfbegrip te ontwikkel en uiteindelik hulle self te beoordeel. Dit beteken dat leerlinge leiding moet ontvang ten einde hulle eie persoonsmoontlikhede en belangstellings te ondersoek en te evalueer. Die leiding wat aan die kinders gegee word sluit dus alle aspekte van hulle persoonlikheidsontwikkeling in (R.G.N., 1978:10).

2.1.1.2 OPVOEDKUNDIGE VOORLIGTING AS KOMPONENT VAN VOORLIGTING

Volgens Kruger (1975:3) het opvoedkundige voorligting meer met die skolastiese vorming van die kind te doen bv. studiemetodes; voorligting ten opsigte van vak-, studierigting- en skoolkeuse. Hierdie voorligting het te doen met die leerling in die leersituasie.

Die uitkoms van suksesvolle opvoedkundige voorligting behoort in verantwoordbare en verantwoordelike vak-, studierigting en skoolkeuse tot uitdrukking te kom (R.G.N., 1978:63).

Die kind moet in die leersituasie ondersteun en onderskraag word sodat sy groei na volwassenheid meer doelgerig en doeltreffend kan verloop (Van der Walt, 1979:22).

Samevattend kan daar tot die slotsom gekom word dat opvoedkundige voorligting ten doel het om die kind te ondersteun en te onderskraag in die leersituasie sodat hy tot 'n verantwoordelike en sinvolle keuse kan kom ten opsigte van vak,

studierigting en skool. Hierdie doelgerigte ondersteuning sal die kind doeltreffend lei op weg na volwassenheid.

2.1.1.3 BEROEPSLEIDING AS KOMPONENT VAN VOORLIGTING

Kruger (1975:4) en Van der Walt (1979:22) beskou beroepsleiding as daardie komponent van voorligting wat met beroepskeuses en dus die beroepstoekoms te doen het. Dit moet hier beklemtoon word dat beroepsleiding ten nouste saamhang met persoonlikheids- en opvoedkundige voorligting, omdat die kind in sy totaliteit hier ter sprake is.

Beroepsleiding aan die skoolverlater is gerig op die individuele leerling in groepsverband maar beroepsleiding kan ook gerig wees op die individuele leerling as enkeling.

By die individualisering van beroepsleiding waar die voorligteronderwyser teenoor die leerling as enkeling staan kan daar sprake wees van berading. Hierdie gesprek met die leerling kan beskou word as die kern (hart) van die hele voorligtingsprogram (Kruger, 1975:1).

Vervolgens moet die begrip berading eers onder die loep geneem word.

2.1.2 BERADING

Volgens Belkin (1975:1) dui die begrip berading op 'n groeiende en ontwikkelende konsep wat gedurig aan verandering onderhewig is.

Berading is 'n mens-tot-menshandeling waarin die skoolverlater deur die voorligteronderwyser gelei word tot beter begrip en die vermoë om 'n selfstandige keuse te kan maak (Kruger, 1975:2).

Shertzer en Stone (1976:162) beskou berading as 'n leerproses waarin die individu van homself, sy interpersoonlike verhoudings en gedrag tot bevordering van sy persoonlikheidsontwikkeling leer.

In die beradingsituasie is dit die taak van die voorligteronderwyser om die skoolverlater te help om homself te ken, sy moontlikhede te ondersoek en te evalueer. Die skoolverlater moet gelei word om nuwe moontlikhede te ontdek, besluite te neem en daarvolgens te handel (Ohlsen, 1974:26).

Berading is dus in werklikheid onderhoudvoering in die beroepsleidingsituasie. Alhoewel berading 'n onderhoud impliseer, is dit tog nodig om daarop te wys dat

alle onderhoude nie berading is nie. 'n Onderhoud wat die evaluering van die kind ten doel het en beperk is tot slegs die inwin van inligting, is nie berading nie. Slegs as die onderhoud 'n verandering van gedrag, houding, ens. ten doel het is daar sprake van berading. Volgens Dinkmeyer en Muro (1979:3) kan groepsberading ook plaasvind maar dit val buite die konteks van hierdie studie.

In die volgende paragraaf word die onderhoud van nader beskou.

## 2.2 DIE BEGRIP "ONDERHOUD"

Kahn en Cannel (1975:16) beskryf die onderhoud as 'n gespesialiseerde wyse van verbale interaksie. Dit word geïnisieeer vir 'n bepaalde doel en fokus op 'n spesifieke gebied.

Fenlason (1962:3) stel dit dat daar in 'n onderhoud 'n verbale en nie-verbale interaksie tussen twee persone met 'n bepaalde doel voor oë plaasvind.

Volgens Mackay (1973:2) is 'n onderhoud 'n vaardigheid waarby 'n gemoedelike verhouding met 'n kliënt geskep word met die doel om inligting in te win.

Downs <u>et al</u>. (1980:5) beskou die onderhoud as 'n gespesialiseerde vorm van verbale kommunikasie tussen persone wat gerig is op 'n bepaalde onderwerp met 'n bepaalde doel.

Saamgevat is die kenmerke van 'n onderhoud die volgende:

* Die onderhoud het 'n dinamiese karakter. Daar is altyd 'n beweging na 'n einddoel.

* Die onderhoud bestaan uit 'n mondelinge kommunikasie. Hierdie kommunikasie bestaan uit verbale en nie-verbale boodskappe wat tussen die twee persone oorgedra word.

* Daar vind 'n interaksie plaas waarin elk van die deelnemers aan die onderhoud 'n bydrae lewer en veroorsaak dat daar wedersydse beïnvloeding is.

* Die twee deelnemers aan die onderhoud staan in 'n gemoedelike verhouding tot mekaar.

* Die onderhoud is doelgerig. Met die onderhoud wil iets bereik word. Die onderhoud fokus op die inhoud wat relevant is aan die doel.

Vervolgens gaan daar na die gebeure in die onderhoud by beroepsleiding aan die skoolverlater gekyk word.

## 2.3 DIE VERSKILLENDE GEBEURE IN DIE ONDERHOUD BY BEROEPSLEIDING AAN DIE SKOOLVERLATER

Die volgende gebeure kan onderskei word:

### 2.3.1 PROBLEEMIDENTIFISERING AS 'N GEBEURE IN DIE ONDERHOUD

Dit is die taak van die voorligteronderwyser om die aard en omvang van die beroepskeuseprobleem, indien daar een is, wat soms nie onmiddellik duidelik is nie, te identifiseer. Die voorligteronderwyser en die skoolverlater moet hulle vir mekaar oopstel en kenbaar maak. Op hierdie stadium van die onderhoud verhelder die probleemsituasie vir die voorligteronderwyser en die skoolverlater (R.G.N., 1978:53).

Deur die onderhoud is die voorligteronderwyser besig om inligting van die skoolverlater in te win. Hierdie inligting word ook geprojekteer op die leerling se selfkennis, wat weer meehelp tot die leerling se vorming van sy selfkonsep (Kruger,1975:24). Die inligting kan die skoolverlater se kennis van sy belangstellings, aanlegte, studiegewoontes, houding teenoor die skool, huislike agtergrond en verskeie ander sake insluit (Kruger, 1977:218).

Die sin en betekenis van die beroepsleidingsonderhoud lê daarin dat daar tot 'n grondiger begrip van die leerling se arbeidsmoontlikhede gekom kan word.

### 2.3.2 INLIGTING AAN DIE SKOOLVERLATER AS GEBEURE IN DIE ONDERHOUD

Dit is die taak van die voorligteronderwyser om die inligting waaroor hy beskik op 'n wetenskaplike en doelgerigte wyse aan die skoolverlater beskikbaar te stel (R.G.N., 1978:20). Om gedurende die onderhoud maar net inligting te verskaf dien dikwels geen doel nie en kan die skoolverlater net verwar. Die sin en betekenis van hierdie gebeure in die onderhoud lê daarin dat die inligting saam met die leerling geanaliseer, geïntegreer en as sodanig in perspektief gestel word, sodat indien die skoolverlater 'n probleem ervaar, dit verhelder word (R.G.N., 1978:55).

Die skoolverlater moet gedurende die onderhoud uitgenooi word om self oor sy moontlikhede en die beroepswêreld te praat. Daar moet nie te veel inligting aan die skoolverlater verstrek word nie. Hy moet nie van sy verantwoordelikheid

om self beroepsverkenning te onderneem onthef word nie. Die voorligteronderwyser kan die onderhoud domineer indien hy te veel inligting verstrek. Die betekenis en die waarde van die onderhoud word sodoende geskaad.

2.3.3 KORRELERING VAN DIE KENNIS VAN DIE SKOOLVERLATER MET DIE KENNIS OOR DIE BEROEPSWêRELD AS GEBEURE IN DIE ONDERHOUD

Gedurende hierdie stadium van die onderhoud moet die voorligteronderwyser kennis oor die skoolverlater (ipsatiewe data) en normatiewe inligting (hoe die skoolverlater staan in vergelyking met ander van sy groep) korreleer met die vereistes wat deur die bepaalde beroepe gestel word (Kruger, 1975:24).

Die doel van die beroepsleidingsonderhoud is om die skoolverlater te lei na dit wat hy kan en behoort te word. Dit is noodsaaklik dat die voorligtingonderwyser die wêreld van die leerling betree en deelgenoot daaraan word. Hierdie berading moet altyd toekomsgerig wees in die sin dat die raad wat aan 'n skoolverlater gegee word, 'n middel sal wees waardeur hy perspektief op sy toekoms kan kry (R.G.N., 1978:54).

Hierdie inligting moet primêr as aanbeveling beskou word in die lig waarvan die skoolverlater dan moet kies.

Die skoolverlater moet deur die voorligteronderwyser gelei word om self besluite te neem en om self 'n keuse te maak.

Daar sal vervolgens vanuit 'n opvoedkundige perspektief na die onderhoud gekyk word.

2.4 DIE ONDERHOUD BESKOU VANUIT 'N OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF

Ten einde te kan bepaal of daar sprake van opvoeding is gedurende die onderhoud, is dit eers nodig om kortliks na die begrip opvoeding te kyk.

Preller (soos aangehaal deur Kruger (1975:1)) sien opvoeding as die "doelbewuste, doelgerigte, opsetlike en planmatige toerusting en vorming van die onvolwasse opvoedeling tot wasdom deur die volwasse opvoeder, maar met die aktiewe deelname van die opvoedeling aan die aktiwiteit."

Met hierdie omskrywing as uitgangspunt word daar nou na die gebeure in die onderhoud gekyk.

* Die onderhoud by beroepsleiding aan die skoolverlater is doelgerig.

Die strewe van die voorligteronderwyser is om die skoolverlater te lei na 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse. Hierdie handeling lei dus die skoolverlater tot beroepsvolwassenheid. Beroepsvolwassenheid is niks anders as dié wasdom wat deur alle opvoeding beoog word nie (Kruger, 1975:6).

* In die onderhoud is twee partye teenwoordig, die voorligteronderwyser (opvoeder) en die skoolverlater (opvoedeling). Die verhouding impliseer 'n opvoedingsituasie.

* Daar vind in hierdie onderhoud 'n interaksie plaas tussen die voorligteronderwyser aan die een kant en die skoolverlater aan die ander kant. Deur beïnvloeding wat doelgerig en soms opsetlik is wil die voorligteronderwyser die skoolverlater lei tot beroepsvolwassenheid, wat soos reeds genoem die doel van alle opvoeding is.

* Binne die onderhoud staan die voorligteronderwyser en die skoolverlater in 'n opvoedingsverhouding tot mekaar. Daar word onderskei tussen:

N KENVERHOUDING

Die voorligteronderwyser moet die skoolverlater ken alvorens daar sprake kan wees van doelmatige steungewing tot sinvolle besluitneming ten opsigte van 'n beroepskeuse (R.G.N., 1978:14).

- VERTROUENSVERHOUDING

Voordat die skoolverlater die steun van die voorligteronderwyser kan aanvaar moet daar 'n vertrouensverhouding wees. Die voorligteronderwyser moet die skoolverlater aanvaar soos wat hy is en in alle opsigte sal sy menswaardigheid geëerbiedig moet word. Eers nadat hierdie vertrouensverhouding ontstaan het kan daar sprake wees van 'n opvoedingshandeling wat die beroepsvolwassewording van die skoolverlater ten doel het (R.G.N., 1978:15).

- 'N GESAGSVERHOUDING

Hierdie verhouding spruit voort uit die vertrouens- en kenverhouding wanneer die ontmoeting tussen die voorligteronderwyser en die skoolverlater plaasvind. Die gesagsverhouding is gerig op die selfstandigwording van die skoolverlater wat hunker na gesag. By die stigting van 'n opvoedingsverhouding is simpatieke gesagsleiding van kardinale belang om vertroue by die skoolverlater te wek (Maartinson, 1978:7).

Anders as in die onderwys is die gesagsverhouding nie so prominent teenwoordig in die onderhoudsituasie nie, omdat die voorligteronderwyser nie goed- of afkeur nie en nie gesag en dissipline verteenwoordig nie, alhoewel die leerling dit tog op 'n informele wyse ervaar (Kruger, 1975:16).

In die volgende paragraaf word die metodes van onderhoudvoering wat die voorligteronderwysers by beroepsleiding aan die skoolverlater kan gebruik, van nader beskou.

2.5 METODES VAN ONDERHOUDVOERING BY BEROEPSLEIDING AAN SKOOLVERLATERS

Daar bestaan twee basiese denkrigtings ten opsigte van onderhoudvoering. Dit is die direktiewe en die nie-direktiewe metode. Die keuse van 'n metode sal invloed op die interaksie tussen die twee deelnemers hê. Die verskille tussen die twee metodes het 'n invloed op die struktuur van die onderhoud, die deelname van die skoolverlater en die rol wat die voorligteronderwyser moet vervul (Downs et al. 1980:193). Die metodes sal vervolgens bespreek word.

2.5.1 DIE DIREKTIEWE METODE

Hierdie metode word gekenmerk deur die direkte aanslag van die voorligteronderwyser op die probleem van die skoolverlater. Die voorligteronderwyser sal informasie insamel, die probleem identifiseer en omskryf, informasie gee en 'n oplossing bied (Downs et al. 1980:193).

Die voorstanders van hierdie metode grond hulle siening op die veronderstelling dat die voorligteronderwyser as mens oor die nodige lewenskennis, opleiding en tegniek beskik wat hom in staat stel om die inisiatief te neem by die onderhoud. (Van der Walt, 1979:4). Die kind self speel 'n ondergeskikte rol omdat sy aandeel aan die onderhoud beperk is tot die beantwoording van direkte vrae wat aan hom gestel word. Uit die aard van die saak word die tema van die onderhoud aanvanklik deur die voorligteronderwyser bepaal, maar al gaande stuur die vrae wat gevra word af op die formulering van die skoolverlater se probleem (R.G.N., 1978:57).

Die gevaar bestaan dat die aandeel van die voorligteronderwyser so outoritêr van aard word dat daar in plaas van hulpverlening direk tot die neem van beslissings vir die skoolverlater oorgegaan word (R.G.N., 1978:58).

Volgens die beginsels en doelstellings van beroepsleiding behoort die leerling self 'n pertinente aandeel in sy eie sake en besluite te neem. Eie beluite het groter intrinsieke waarde vir die skoolverlater. Volgens die direktiewe metode

oorheers die voorligteronderwyser die onderhoud terwyl die skoolverlater 'n ondergeskikte rol vervul (Van der Walt, 1979:44).

Die voordeel van die metode is dat dit die huiwerige skoolverlater vinniger help om sy beroepskeuseprobleem die hoof te bied (R.G.N., 1978:58)

Dié metode het ook nadele. Dit kan gebeur dat die beroepskeuseprobleem wat deur die voorligteronderwyser as hoofprobleem geïdentifiseer is, nie noodwendig die probleem sal wees waarmee die skoolverlater worstel nie.

As dit gedurende die onderhoud blyk dat die skoolverlater nie die verantwoordelikheid vir die oplossing van die beroepskeuseprobleem aanvaar nie, moet die voorligteronderwyser die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar tot tyd en wyl die skoolverlater daartoe in staat is (Haasbroek, 1959:28).

2.5.2 DIE NIE-DIREKTIEWE METODE

Carl Rogers word as die grondlegger van dié metode beskou. Dit word ook die ongestruktureerde of kliëntgesentreerde metode genoem en bied die geleentheid en verantwoordelikheid aan die skoolverlater om die onderhoud te rig en te laat vorder. Die skoolverlater kry geleentheid om vrylik te respondeer en te reageer (Richardson et al. 1965:139).

Ondersteuners van hierdie metode is van mening dat leerlinge oor voldoende latente dryfkrag asook behoeftebevredigende motiewe beskik om self die inisiatief te neem (Van der Walt, 1979:46).

Die nie-direktiewe metode is gebaseer op die veronderstellings dat die skoolverlater die moontlikheid besit om uiteindelik oplossings te vind vir sy beroepskeuseprobleem. Een persoon mag nie vir 'n ander keuses maak of besluite neem nie. Alleen die skoolverlater kan oordeel wat die regte besluit is. Luister is die ideale weg vir berading. Op hierdie wyse help die voorligteronderwyser die skoolverlater om sy eie probleme te ondersoek, om sy denke te verfyn en om oplossings te vind (Downs et al. 1980:196).

Die voorligteronderwyser vervul die rol van simpatieke luisteraar, terwyl die skoolverlater veronderstel is om op 'n spontane wyse uitdrukking aan sy diepere gevoelens te gee.

Dit word egter betwyfel of 'n skoolverlater sonder meer spontaan tot die onderhoud sal toetree veral omdat die onderhoud oor sy probleem en toekoms handel (R.G.N., 1978:58).

### 2.6.3 DIE EKLEKTIESE METODE

Die eklektiese metode kan elemente van beide die direktiewe en nie-direktiewe metode insluit. Deur van die eklektiese metode gebruik te maak kan die skoolverlater genooi word tot spontane deelname (R.G.N., 1978:59). Op die keper beskou kan geen onderhoud immers in 'n patroon ingedwing word nie.

Die keuse van metode van onderhoudvoering sal grootliks afhang van die persoonlikheid van die voorligteronderwyser, die oogmerke van die onderhoud en die verhouding tussen die voorligteronderwyser en die skoolverlater. Volgens Downs <u>et al</u>. (1980:196) is die verwagtinge wat die skoolverlater van die voorligteronderwyser koester waarskynlik die belangrikste.

Die geldigheid en betroubaarheid van die onderhoud word vervolgens onder die loep geneem.

## 2.6 DIE GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE ONDERHOUD

Waar die begrip betroubaarheid verwys na die akkuraatheids- en herhaalbaarheidsgraad van waarnemings wat gemaak word, hou die begrip geldigheid verband met die mate waarin dit meet wat dit veronderstel is om te meet (Meerkotter, 1980:80; Kruger, 1977:229; Huysamen, 1978:71).

Alhoewel die onderhoud as tegniek die meeste gebruik word, is daar min oor die betroubaarheid en geldigheid bekend (Swanepoel, 1978:6; Snodgrass en Wheeler, 1983:449).

Volgens Mackay (1973:17) is daar uiteenlopende menings oor die geldigheid en betroubaarheid van die onderhoud. Volgens haar is die onderhoud net so geldig as die onderhoudvoerder.

Lewis (soos aangehaal deur Mackay, 1973:18) het tot die slotsom gekom dat die effektiwiteit van die onderhoud nog nie bewys is nie, en ook nie bewys kan word nie. Hy is van mening dat die gemotiveerde skoolverlater baat vind by die onderhoud ongeag watter kriteria ook al gebruik word om die onderhoud te evalueer. As die doeltreffendheid van die onderhoud in terme van doelwitbereiking (met die veranderlike van motivering in gedagte) gemeet word,kan die onderhoud tog positiewe gevolge hê.

Sidney en Brown (1961:31) is van mening dat onderhoudvoerders gebore en nie opgelei word nie. Kahn en Cannel (1957:233) beskou die onderhoud as onbetroubaar.

Liebenberg (1978:46) stel dit dat alle kritiek op die onderhoud bewys het dat daar niks verkeerd is met die onderhoud as sodanig maar wel moontlik met die onderhoudvoerder.

Dit impliseer dat voorligteronderwysers se vaardigheid met betrekking tot onderhoudvoering verbeter kan word deur sistematiese opleiding.

In die volgende paragraaf word die aandag gevestig op die opleiding van voorligteronderwysers in onderhoudvoering.

## 2.7 DIE OPLEIDING VAN VOORLIGTERONDERWYSERS IN ONDERHOUDVOERING

Alhoewel daar persone is wat jare ervaring in onderhoudvoering het, beskik hulle nie noodwendig oor die noodsaaklike onderhoudvaardighede nie (Sidney en Brown, 1961:10).

Onderhoudvoering moet as 'n kundigheid waarin bepaalde vaardighede ter sprake is gesien word en wat deur oefening verbeter kan word (Walker, 1976:134; Stillman et al. 1982:396).

Die suksesvolle onderhoudvoerder is dié persoon wat die kundigheid ontwikkel het om die vaardighede wat nodig is te beoefen en om die beginsels van onderhoudvoering in die praktyk toe te pas (Kahn en Cannel, 1957:235).

'n Akademiese onderbou is 'n noodsaaklike vereiste vir onderhoudvoering, maar daar moet 'n balans tussen akademies georiënteerde opleiding en die inoefening van onderhoudvaardighede wees (Mackay, 1973:12).

Deur opleiding kan die onderhoudvoerder sy kundigheid en vaardigheid om onderhoude te voer verbeter indien doeltreffende opleiding en inoefening voorsien word, maar dit sal tog steeds gebeur dat sekere persone beter onderhoudvoerders sal wees as ander (Sidney en Brown, 1961:9).

Snodgrass en Wheeler (1983:449) beklemtoon dat daar besonder aandag gegee moet word aan opleiding in onderhoudvaardighede ten einde toe te sien dat die vaardighede effektief in die onderhoud gebruik word.

## 2.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is beroepsleiding as komponent van voorligting bespreek. Daar is getoon dat berading, die kern van beroepsleiding, in werklikheid die onderhoud is. Die gebeure in die beroepsleidingsonderhoud is aangebied en

die onderhoud is vanuit 'n opvoedkundige perspektief bespreek. Die vraagstuk van betroubaarheid en geldigheid van die onderhoud sowel as die verskillende onderhoudmetodes is aangetoon. Laastens is na die opleiding van onderhoudvoerders gekyk.

In hoofstuk 3 sal daar na die belangrikste onderhoudvaardighede waaroor die voorligteronderwyser moet beskik, gekyk word.

# HOOFSTUK 3

# ONDERHOUDVAARDIGHEDE

## 3.1 INLEIDING

In die dinamiek van die onderhoudsituasie bestaan daar basiese algemeengeldende vaardighede waaroor die onderhoudvoerder moet beskik ten einde die onderhoud suksesvol te laat verloop. Die onderhoud as deel van die beroepsleidingaktiwiteite vereis spesifieke vaardighede wat eie is aan so 'n situasie.

In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens 'n beskrywing gegee word van algemene vaardighede waaroor die onderhoudvoerder moet beskik en tweedens die vaardighede wat meer spesifiek eie is aan die beroepsleidingsituasie.

Alhoewel verskillende vaardighede geïdentifiseer kan word moet dit beklemtoon word dat hierdie vaardighede nie afsonderlik in die onderhoud sal voorkom nie, maar dat dit 'n integrale deel van die onderhoud is.

## 3.2 KOMMUNIKASIE

In die algemeen kom kommunikasie altyd in die onderhoudsituasie voor en word dit as vanselfsprekend aanvaar, maar as van doeltreffende kommunikasie gepraat word, is daar geen sprake meer van vanselfsprekendheid nie. Dan is kommunikasie 'n vaardigheid, 'n kundigheid wat steeds verbeter kan word deur inoefening (Garret, 1958:8).

Pace <u>et al</u>. (1979:20) verklaar dat indien bestaande vaardighede verbeter of nuwe vaardighede ontwikkel word dit nodig is dat die onderhoudvoerder begrip sal hê vir dit wat verander of verbeter moet word.

Dit is noodsaaklik dat die onderhoudvoerder wat nuwe vaardighede aanleer die effektiwiteit daarvan kan waarneem. Ten einde hierdie vaardighede te kan aanleer moet die onderhoudvoerder 'n begeerte hê om te verander of te verbeter, begrip hê vir dit wat verander of verbeter moet word, begrip hê vir dié vaardigheid wat meer effektief kan wees, oor die vermoë beskik om die nuwe vaardighede toe te pas en die effektiwiteit van die vaardighede kan waarneem (Pace <u>et al</u>. 1979:20).

Snodgrass en Wheeler (1983:451) beskou kommunikasie as die belangrikste vaardigheid waaroor die onderhoudvoerder moet beskik.

Binne die onderhoud is daar twee vorms van kommunikasie, naamlik verbale en nie-verbale kommunikasie.

3.2.1 VERBALE KOMMUNIKASIE

Verbale kommunikasie bestaan uit woorde wat beide konkrete en abstrakte dinge en idees verteenwoordig (Brown, 1970:65). Hierdie woorde as verteenwoordigend van die taal, vorm 'n medium vir kommunikasie (Sullivan: aangehaal deur Ruesch en Kees, 1961:43).

Die betekenis wat mense aan woorde heg sal van hulle ervaring, kennis en gevoel afhang. Brown (1970:70) en Van der Schoot (197-:24) noem dit die mens se innerlike verwysingsraamwerk.

Die woord "mis" kan deur die vlieënier, die skerpskutter en die grondkundige totaal verskillend geïnterpreteer word en totaal verskillende emosies na vore bring, omdat elk van hulle 'n ander betekenis daaraan heg. Die betekenis van woorde sal afhang van die konteks waarin hulle gebruik word (Brown, 1970:74)

In die onderhoud waar woorde tasbare voorwerpe verteenwoordig, behoort daar nie veel probleme ondervind te word nie; soos byvoorbeeld met die woorde soos tafel en stoel (Ruesch en Kees, 1961:96).

Waar daar egter woorde gebruik word wat die nie-tasbare verteenwoordig, woorde soos "motivering" en "houding" sal dit moeiliker wees om seker te maak dat die respondent, in byvoorbeeld die geval van 'n kind, dieselfde betekenis daaraan heg as die onderhoudvoerder. Brown (1970:86) stel dit duidelik dat die woorde wat gebruik word as uitdrukking van idees binne die verwysingsraamwerk van die persoon behoort te val.

Onderhoude is afhanklik van die vaardige gebruik van woorde. Die verbale uitdrukking van 'n indiwidu gee vir die onderhoudvoerder 'n aanduiding rakende die indiwidu se verwysingsraamwerk (Shertzer en Stone, 1971:261).

3.2.2 NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE

Die gesproke woord - dit is die oordra en ontvang van verbale boodskappe ondersteun deur nie-verbale boodskappe, vorm tesame doeltreffende kommunikasie. By verbale boodskappe vind die oordrag op tweërlei wyses plaas naamlik deur die gesproke of geskrewe woord. Die nie-verbale boodskappe kan gesien, gehoor en aangevoel word (EVKOM, 1980:23).

Om nie-verbale kommunikasie te omskrywe as aksietaal of liggaamstaal kan foutief wees, want die oorsprong van alle kommunikasie lê gesetel in die fisiese aksie van liggaamspiere (Ruesch en Kees, 1961:45). By verbale kommunikasie vind liggaamsbeweging plaas; die beweging van die lippe, die tong en asemhalingsorgane, gesigspiere, oë, ens.

Die verskil tussen verbale en nie-verbale kommunikasie lê gesetel in die stelsel hoe die spreekwyse georganiseer word. Die verbale spreekwyse word gekommunikeer deur die gesproke of geskrewe woord. Die spreekwyse is dus gekoppel aan taal. Vir die begrip "vroulike kind" kan daar verskillende spreekwyses wees bv. "dogter", "girl," "das mädchen", "ntombazana", ens. Vir dieselfde begrip kan daar verskillende spreekwyses wees. Die nie-verbale spreekwyse aan die ander kant is nie gekoppel aan taal nie, maar eerder op die liggaamsbeweging wat die begrip beskryf. Byvoorbeeld deur die fisiese aanduiding van rigting deur 'n vinger-arm beweging. Hierdie aanduiding van rigting word begryp ongeag die taal wat gebesig word.

Verbale en nie-verbale kommunikasie verskil ook ten opsigte van die taalsimbole wat by verbale kommunikasie gestruktureer is volgens elke taal en dus vaste reëls het. By nie-verbale kommunikasie is daar geen vaste reël nie (EVKOM, 1980:24).

Verbale kommunikasie kan enige onderwerp of verhouding beskryf of oordra, maar die nie-verbale uitdrukkings kom veral na vore by die uitdruk van emosie. Die onvermoë om woorde te gebruik kom veral voor in toestande van woede, angs en skaamheid. Ten spyte van die feit dat sekere dinge verswyg word, kan sekere afleidings tog gemaak word na aanleiding van die persoon se aksies en reaksies (Ruesch en Kees, 1961:64).

Vir die onderhoudvoerder lê die belangrikheid van die nie-verbale kommunikasie juis daarin dat by die formulering van 'n verbale boodskap, met 'n sterk emosionele strekking, daardie emosionele gevoellens sterker deur nie-verbale tekens openbaar kan word.

Ruesch en Kees (1961:41) beklemtoon dat met die kennis van universele nie-verbale tekens en taalsisteme, dit al meer en meer na vore kom dat enige isolasie van aspekte van kommunikasie, misleidend kan wees en dat beide die nie-verbale en verbale kommunikasie as 'n totaal en as 'n nie-verdeelbare eenheid hanteer moet word.

Volgens Sapir (aangehaal deur Brown en Keller, 1973:67) is nie-verbale kommunikasie "an elaborate code that is written nowhere, known by none, and understood by all."

Alberts (1974:72-76) onderskei tussen die volgende nie-verbale kommunikasie-tekens.

3.2.2.1 TEKEN- OF GEBARETAAL

Hierdie taal is nie gevokaliseer of hoorbaar nie, maar sigbaar. Hier word meestal van handgebare en in sekere gevalle ook ander liggaamsdele gebruik gemaak en dit gee dikwels 'n suiwer aanduiding van die persoon se bedoelings. Hierdie gebare kan vanaf 'n "eenlettergrepige" teken tot die gebare sisteme van die dowe strek. Sommige gebare dui die algemene emosionele toestand aan, terwyl ander gebare soos gesigsuitdrukkings en die gebal van vuiste die ervaring van aggressie uitbeeld.

Binne hierdie gebaretaal kan daar eerstens die sogenaamde "illustreerders" onderskei word. Hierdie tekens hou gewoonlik verband met spraak. Met die tekens illustreer hulle met die liggaam wat gesê is, gewoonlik met die doel om klem te lê op dít wat gesê is, of op 'n gedeelte van die sinsnede wat beklemtoon wil word. Dink maar veral aan die gebare van 'n predikant.

Tweedens kan die sogenaamde "reguleerders" onderskei word. Dit is daardie tekens wat ten doel het om 'n spreker te vertel om voort te gaan, te herhaal of stil te bly. Die meeste van hierdie tekens kan nie sonder die verbale boodskap duidelik gevolg word nie. Voorbeelde is agtertoe sit, die wenkbroue lig, die kop knik, en so meer.

Derdens is daar die gevoelsuitdrukkings wat gewoonlik die spreker se emosionele toestand aandui. Gesigsuitdrukking is die bekendste vorm hiervan. Hierdie vorm van nie-verbale kommunikasie is in 'n mindere mate afhanklik van verbale uitdrukkings, as byvoorbeeld die voorgaande en is baie minder beheerbaar.

As iemand hom vererg kan hy hom nog beheer om niks te sê of te beduie nie, maar min mense kan voorkom dat hulle wit of rooi in die gesig word, of dat die uitdrukking in hul oë verander.

Vierdens word proksimaliteit as nie-verbale kommunikasie gestel. Dit het te doen met die afstand tussen persone of voorwerpe in die omgewing (Hinde, 1977:24). Die afstand wat twee persone in gesprek van mekaar af staan, kan aandui watter mate van familiariteit tussen hulle bestaan. Nabyheid kan toon dat die persone teenoor mekaar op 'n gelyke voet verkeer of besig is om iets vertroulik te bespreek. In die onderhoudsituasie kan hierdie vorm van nie-verbale kommunikasie vir 'n mens 'n aanduiding gee van die vrypostige persoon wat naby wil wees as hy praat teenoor die meer beskeie persoon wat eerder op die verste stoel sal plaasneem tensy daar vir hom of haar aangedui word waar om plaas te neem.

3.2.2.2 DIE NIE-VERBALE ASPEK VAN SPRAAK (PARALINGUISTIEK")

Dieselfde woorde kan verskillende betekenisse kry deur die stemtoon, klem en tydreëling te verander.

Die fisieke en psigiese toestand van die spreker kan soms daarvan afgelei word. Sekere tipes stemtone is te identifiseer met ouderdom- en geslagsgroep. (Die verskil in stemtoon tussen kind en volwassene en tussen man en vrou). Persoonlike karaktertrekke hou heel dikwels verband met 'n persoon se stemtoon (Hinde, 1977:251). Die luidrugtige en hard pratende persoon is gewoonlik vrypostig, 'n opgewonde, senuagtige mens praat vinniger en op 'n hoër toon. Verder kan daar nog onderskei word tussen die persone wat laggend of huilend praat of soms hoorbaar kerm of kreun. Soms praat die persoon afgemete, d.w.s. hy praat met geluide of stiltes tussen woorde om 'n saak te beklemtoon.

Met Brown en Keller (1973:68) se stelling kan volstaan word dat nie-verbale kommunikasie in so 'n mate aanvullend is tot verbale kommunikasie dat dit verskeie vrae kan beantwoord wat na vore tree by die verbale interaksie.

Vervolgens word die aandag op 'n beskrywing van luister as onderhoudvaardigheid gevestig.

3.3 LUISTER AS ONDERHOUDVAARDIGHEID

Luister is 'n belangrike aspek van kommunikasie: by kommunikasie is daar altyd 'n ontvanger en 'n afsender van 'n boodskap (Flippo, 1966:409).

Om 'n ander se mening te verstaan, is dit primêr nodig om die vaardigheid te besit om na die persoon te luister - nie net die waarneming van geluide wat voortgebring word nie, maar 'n waardering te gee vir dit wat gesê of gesê wil word (Sidney en Brown, 1961:288).

By onderhoudvoering is die vaardigheid om effektief te luister van kardinale belang en daar kan nie genoeg beklemtoon word dat die basiese vaardigheid perseptueel van aard moet wees nie (Eriksen, 1979:38).

Elke sin wat geuiter word, sê iets van die persoon self sowel as iets van dít wat onder bespreking is. Die aksent, woordeskat en sinskonstruksie gee iets van die persoon se agtergrond, opvoeding en ervaring weer. Aspekte van die persoon se belangstelling word verraai in die taal wat hy gebruik, en wanneer 'n vorige ervaring beskryf word, beskrywe dit ook die persoon se gevoel sowel as die objektiewe feite (Sidney en Brown, 1961:289). Kommentaar rondom mense of ervarings is nie slegs kommentaar op mense en ervarings nie, maar altyd hoe die spreker dit geïnterpreteer het, dit wil sê die kommentaar dra beide feite en gevoel en dit is die taak van die onderhoudvoerder om hierdie twee komponente te ontrafel (Sidney en Brown, 1961:289).

Daar kan dus onderskei word tussen kognitiewe inhoude van die boodskap, dit sluit die werklike feite en woorde in en affektiewe inhoude wat weer gevoelens, houdings en gedrag insluit.

Die verskil tussen nie-effektiewe en effektiewe luister word bepaal deur na die verbale boodskap of onderliggende boodskap te luister (Okun, 1976:41).

Alhoewel die mens in staat is om vier keer vinniger te luister as wat gepraat kan word, en dus eintlik meer tyd tot sy beskikking het om effektief te kan luister, kan die teenoorgestelde ook waar wees: dit help soms om luister moeiliker te maak. Daar is te veel tyd beskikbaar en die luisteraar se gedagtes kan dwaal en dan aan ander dinge dink. 'n Groot struikelblok in persoon-tot-persoon-kommunikasie is die mens se onvermoë om intelligent, met insig en vaardig na 'n ander persoon te luister (Flippo, 1966:416).

Flippo (1966:417-418) onderskei tussen:

### 3.3.1 MARGINALE LUISTER

By hierdie vorm van luister word slegs 'n gedeelte van 'n persoon se aandag aan die spreker gegee. Hierdie vorm van luister kan aanleiding gee tot misverstande en kan fataal wees vir 'n suksesvolle onderhoud.

### 3.3.2 EVALUERENDE LUISTER

By hierdie tipe luister word volle aandag geskenk aan wat die persoon sê, maar die tyd wat tot beskikking van die onderhoudvoerder is, word gebruik om dit wat die respondent se oogpunt is, te evalueer.

Hierdie vorm van luister is 'n struikelblok in die kommunikasieproses. In plaas daarvan dat idees van spreker na hoorder oorgedra word, word daar geëindig met twee idees, dié van die spreker en die van die hoorder en dit bemoeilik behoorlike kommunikasie. Alhoewel die onderhoudvoerder beoordelend-evaluerend te werk gaan met die inligting wat hy verkry, aangesien die respondent tog in een of ander vorm beoordeel moet word, moet dit nie aktief gedoen word terwyl die respondent praat nie, maar wel ná al die inligting bekom is. Die onderhoudvoerder moet nie openlik krities optree nie, en moet te alle tye neutraal bly en die respondent geen aanduiding gee of hy bepaalde opmerkings positief of negatief aanslaan nie.

### 3.3.3 PROJEKTIEWE LUISTER

Ware kommunikasie vind plaas waar die hoorder werklik luister wat gesê word en die bedoeling en posisie van die spreker besef en verstaan. Die hoorder projekteer hom in die gedagte van die spreker om sy standpunt te probeer verstaan sonder enige vorm van evaluering op daardie stadium. Die evaluering van die inhoud van 'n spreker se opmerkings moet in enige kommunikasiegebeure voorkom, maar eers nadat die hoorder alles wat gesê is gehoor, bestudeer en volledig die betekenis daarvan verstaan het. Dit is nie nodig om met die spreker se verklaring akkoord te gaan nie, maar daar is 'n behoefte om te probeer verstaan wat die spreker se bedoeling en houding is. Slegs op hierdie wyse kan 'n antwoord geformuleer word wat 'n werklike respons is op dit wat die spreker sê.

Fenlason (1962:144) beskou die volgende faktore as noodsaaklik vir effektiewe luister.

* KONSENTRASIE

Dit verhoed dat die aandag afdwaal van dit wat gesê word.

* AKTIEWE DEELNAME

Dit impliseer dat die verstand in 'n ontspanne, wakende toestand verkeer en oop en plooibaar is vir alle verbandhoudende verandering in die situasie.

* BEGRIP

Dit dui op die vermoë om te verstaan wat die ware idee of betekenis is van dit wat gehoor word.

* OBJEKTIWITEIT

Dit is die aanhoor van dit wat die ander sê sonder om eie afleidings te maak voordat daar klaar gepraat is.

Aktiewe luister skep die geleentheid vir die stigting van rapport. Die doel van aktiewe deelnemende luister is om die ander persoon korrek te verstaan (Shertzer en Stone, 1976:261).

Vervolgens word daar gekyk na die stigting van rapport as 'n onderhoudvaardigheid.

## 3.4 DIE STIGTING VAN RAPPORT AS ONDERHOUDVAARDIGHEID

Aan die begin van die onderhoud is dit 'n vereiste dat daar 'n gunstige, emosionele stemming heers. Die doel daarmee is om die optimale vertroue en samewerking van die respondent te verkry. Hierdie gunstige gestemdheid staan bekend as die vasstelling van rapport (Mackay, 1973:31).

Dit is noodsaaklik dat die onderhoudvoerder die respondent aanvaar (Fenlason <u>et al</u>, 1962:158; Van der Schoot, 197-:20). By aanvaarding word bedoel dat die onderhoudvoerder die persoon onvoorwaardelik moet aanvaar, ongeag die situasie en hoe onaangenaam dit ook al vir die onderhoudvoerder mag wees.

Aanvaarding van die kliënt is afhanklik van die respek wat die mens vir ander mense het en 'n werklike begeerte om ander wat in nood verkeer, te help (Hamilton soos aangehaal deur Fenlason <u>et al</u>. 1962:158).

Dit moet beklemtoon word, dat hierdie stigting van rapport in die onderhoud 'n kontinue proses is. Dit is moeilik om rapport wat verlore gaan te herwin, juis

omdat dit so diep in die basiese vertroue gewortel is (Mackay, 1973:22).

Die kuns om rapport te behou lê in die vind van die regte woorde by die stel van vrae (Sidney en Brown, 1961:175).

Die onderhoudvoerder moet vanaf die begin tot die einde van die onderhoud geïnteresseerd wees in die respondent om dié se onthalwe (May, 1977:178).

Die onderhoudvoerder moet ten volle bewus bly van die respondent en altyd versigtig wees om gepas teenoor die kliënt te reageer. Sy gesigsuitdrukkings, postuur en wyse van praat moet aangepas word by die kliënt se gevoelens en die vlak waarop hy funksioneer (Mackay, 1973:33).

Vervolgens word "stilte" as onderhoudvaardigheid bespreek.

## 3.5 "STILTE" AS 'N ONDERHOUDVAARDIGHEID

Die stilte waarna hier verwys word is die tydsverloop wat die onderhoudvoerder vir die respondent wag om te praat óf om te begin praat óf om die gesprek voort te sit (Eriksen, 1979:104).

Richardson et al. (1965:203) het aangetoon dat dit 'n algemene vrees by die onervare onderhoudvoerder is, veral in die geval van die ongestruktureerde onderhoud, dat hy nie in staat is om die normale verloop van die onderhoud in stand te hou nie. Die onervare onderhoudvoerder beskou stilte as 'n gevaarteken, wat die verloop van die onderhoud kan beïnvloed en, om dit te vermy, word 'n ander vraag dadelik gestel. Die onderhoudvoerder moet die stilte wat voorkom, verstaan en moet weet hoe om dit te hanteer (Fenlason et al. 1962:171).

Daar kan tussen 2 tipes "stilte" onderskei word:

### 3.5.1 DIE "STILTE" GEÏNISIEER DEUR DIE ONDERHOUDVOERDER

Die onderhoudvoerder se doel met stilte kan uiteenlopend van aard wees.

Die persoonlikheid van die onderhoudvoerder is moontlik van so 'n aard dat hy nie verbaal kan deelneem aan die gesprek nie. Die styl van sy handeling reflekteer die interpersoonlike interaksie met mense in die algemeen. Dit kan 'n aanduiding wees dat die onderhoudvoerder homself terughou of beskerm teen ander mense.

Die volgende vorm van stilte wat deur die onderhoudvoerder geïnisieer word, is

daardie stilte wat hy met 'n bepaalde doel skep. Dit kan gebeur dat die onderhoudvoerder ooraktief deelgeneem het aan die gesprek en besluit om die verantwoordelikheid van die gesprek oor te dra na die respondent óf dit kan gebeur dat die onderhoudvoerder aanvoel dat om stil te bly, die geleentheid om meer insig te kry oor die situasie geskep kan word (Hackney en Cormier, 1979:40).

3.5.2 DIE "STILTE" GEÏNISIEER DEUR DIE RESPONDENT

Hierdie stilte het 'n verskeidenheid van bedoelinge en uitwerkings.

Die stilte wat deur die respondent geïnisieer word kan beïnvloed word deur die verantwoordelikheidsgevoel van die respondent. Dit gebeur soms dat die respondent deur sy lewenspatroon sekere persoonlike belewinge vermy. Sodra hierdie belewinge gedurende die onderhoud ter sprake kom, wat moontlik die kern van die probleem kan wees, sal die respondent se natuurlike reaksie wees om dit te vermy en deur middel van stilte die verantwoordelikheid oor te dra na die onderhoudvoerder (Hacney en Cormier, 1979:41).

Die vaardige hantering van stilte in die onderhoud hang af van die onderhoudvoerder se insig om vas te stel wat oorgedra word deur die stilte (Fenlason et al. 1962:172).

Dit is belangrik dat die doel van stilte bepaal word. Dit kan gedoen word deur die respondent fyn waar te neem en sensitief te wees vir dit wat onder bespreking is en gevoelens wat uitgespreek is. Hieruit kan leidrade gesoek word wat aanleiding gegee het tot die stilte (Hackney en Cormier, 1979:41).

Dit gebeur soms dat daar gewerk word tot by 'n situasie waar alternatiewe ter sprake kom. Die respondent kan verward raak, en benodig stilte om alles wat gesê is te beoordeel. Indien dit wat onder bespreking was emosioneel belaai was, sal die respondent stiltetyd benodig om kalm te word en in staat te wees om na verloop van tyd die gesprek voort te sit (Eriksen, 1979:68).

"If the interviewer is sensitive to the function of silence in the conversational style of the social milieu of the respondent, he may, through adapting in the direction of what is congenial to them, increase their participation" (Richardson et al. 1965:204).

Vervolgens word aan waarneming as onderhoudvaardigheid aandag gegee.

## 3.6 WAARNEMING AS ONDERHOUDVAARDIGHEID

Die woorde persepsie en waarneming word in die alledaagse lewe soms as sinoniem beskou. Om die onderskeid aan te toon sal dit nodig wees om na enkele definisies van die term persepsie te kyk.

Wallace en McLaughlin (1975:82) beskryf persepsie as die kognitiewe vermoë van die individu om 'n eksterne stimuli te herken en te integreer terwyl Silverman (1974:150) dit as bewuswording en reaksie van 'n individu op stimuli beskou. Dit vorm 'n besondere aspek van 'n individu se gedrag en is die unieke wyse waarvolgens elke individu gegewens verwerk en inhoud daaraan gee.

Persepsie is 'n komplekse handeling waardeur mense sensoriese stimulasie (sintuiglike waarneming) kan selekteer, organiseer en interpreteer in 'n betekenisvolle beeld van die wêreld (Berelson en Steiner, 1964:88).

'n Basiese kenmerk van persepsie is die reaksie op voorwerpe ooreenkomstig hulle gestruktureerde eienskappe en nie volgens die wyse waarop hulle die waarnemingsorgane prikkel nie (Valentine en Wickens, 1959:307).

Silverman (1974:150) stel dit duidelik dat vir persepsie daar basies twee voorwaardes is.

* In die eerste plek moet daar aandag gegee word aan een stimulus of patroon van stimuli terwyl ander stimuli geïgnoreer word.

* Tweedens die konteks waaruit die stimuli na vore kom. Die persepsie van die stimulus kan verander indien die konteks waarin dit voorkom, verander.

Vir die onderhoudvoerder is die korrekte interpretasie van dit wat hy waarneem net so belangrik, indien nie belangriker nie, as die sintuiglike waarneming self (Fenlason <u>et al</u>. 1962:151).

Die onderhoudvoerder moet kennis dra van die volgende aspekte rakende persepsie.

* PERSOONLIKE ANGS EN SPANNING VAN DIE ONDERHOUDVOERDER. Die sensitiwiteit waarmee die onderhoudvoerder die stimuli waarneem en interpreteer (persepsie) kan beïnvloed word deur die mate van angs en spanning wat hyself beleef (Wallace en McLaughlin 1975:216).

* DIE ERVARING EN KENNIS. Deur ervaring en ondervinding leer die mens. Die ervare en ontwikkelde mens sal beter waarneem en interpreteer (persepsie) as dié minder ontwikkelde en onervarene (Morgan en King, 1971:14).

* KENNIS VAN DIE KONTEKS. Dit is vir die onderhoudvoerder belangrik om te besef dat hoe meer 'n mens van die konteks of verband waarin hy poog om iemand anders te beoordeel weet, des te akkurater sal sy persepsie van daardie persoon wees (Silverman, 1974:150; Gilmore, 1973:227).

* MOTIVERING. Persepsie word beïnvloed deur motivering. Tot 'n groot mate word slegs dit waargeneem wat die mens wil (Morgan en King, 1971:284).

Dit is noodsaaklik dat die onderhoudvoerder nooit sal toelaat dat sy eie behoeftes en motivering 'n rol speel in die kommunikasie gebeure nie. Hy moet te alle tye objektief en neutraal bly. Sover moontlik behoort persoonlike emosies aan die onderhoudsituasie ondergeskik gemaak te word.

Gillmore (1973:246) stel dit dat die mens se persepsie van veral die ander mens se gevoelens, sterk beïnvloed word deur die mens se eie emosies en partydigheid.

By alle onderhoude is daar die emosionele faktore wat te voorskyn tree deur gesigsuitdrukkings, bewegings van die liggaam, spierspanning, verandering in volume en kwaliteit van die stem. Dit sal vir die onderhoudvoerder nodig wees om van hierdie simptome kennis te neem. Nadat hy meer kennis van die persoon ingewin het, kan hy die simptome interpreteer. Gedurende enige stadium van die onderhoud is die onderhoudvoerder besig om 'n veronderstelling te maak. Hierdie veronderstelling is onderhewig aan veranderings soos wat die onderhoudvoerder meer insig verkry in hul onderhoudvoering (Fenlason <u>et al</u>. 1962:15).

Uit voorgaande kan afgelei word dat die onderhoudvoerder dus oor voldoende kennis en ervaring moet beskik en die vermoë en vaardigheid moet besit om akkuraat te kan waarneem en te interpreteer, indien hy werklik doeltreffend wil wees in sy taak as onderhoudvoerder.

Wallace en McLaughlin (1975:82) stel dit duidelik dat persepsie 'n vaardigheid is wat deur die onderhoudvoerder aangeleer kan word.

Vervolgens word gekyk na empatie as onderhoudvaardigheid.

## 3.7 EMPATIE AS ONDERHOUDVAARDIGHEID

Empatie is daardie vermoë wat die mens besit om hom in die plek van ander te stel sonder om emosioneel betrokke te raak. 'n Persoon met empatie sal 'n direkte begrip van die ander se gevoelens besit. Empatie word van simpatie onderskei waar die persoon soos die ander probeer voel.

By empatie identifiseer 'n persoon hom met 'n ander ten opsigte van hoe die ander persoon sal voel en optree (Fenlason <u>et al.</u> 1962). Empatie omsluit die identifikasie van persoonlikhede waar die een persoon hom tydelik los maak van sy eie identiteit (May, 1977:75).

'n Persoon wat oor die nodige empatie beskik respekteer die ander se gevoelslewe en probeer begrip daarvoor ontwikkel (Eriksen, 1979:31). Die onderhoudvoerder met empatie het 'n openheid sowel as warmte en agting vir die ander mens se gevoelens en gedagtes.

Hackney en Cormier (1979:85) verklaar dat die aanwesigheid van empatie emosionele nabyheid bevorder en dit skep 'n atmosfeer van nabyheid en ontwikkel warmte.

Om met empatie op te tree, beteken nie noodwendig dat dieselfde ervaring met die ander gedeel word nie, maar indien wel, moet die onderhoudvoerder hom daarvan weerhou om te projekteer hoe hy die ervaring beleef het.

Die taak en doel van die onderhoudvoerder is om die persoon met wie hy werk te verstaan ooreenkomstig laasgenoemde se eie unieke eienskappe (May, 1977:82).

Empatie dra by tot die kliënt se aanvaarding van homself. Wanneer een persoon die gevoel het dat 'n ander hom verstaan kan daar 'n gevoel van verligting by hom wees (Hackney en Cormier, 1979:85)

Volgens May (1977:92) is die resultaat van empatie, beïnvloeding. Hierdie beïnvloeding kan wees die van idees of selfs tydelike beïnvloeding van persoonlikheid.

Die onderhoudvoerder moet aanleer om met empatie te werk te gaan. Dit sluit onder andere in om geestelik, verstandelik asook fisies te leer ontspan. Hulle moet leer om hulself binne die situasie van die respondent te plaas met die bereidwilligheid om by veranderings wat in die proses mag plaasvind aan te pas (May, 1977:97).

Vervolgens gaan gekyk word na die houding (ingesteldheid) van die onderhoudvoerder as 'n onderhoudvaardigheid.

3.8 HOUDING AS ONDERHOUDVAARDIGHEID

Die houding wat die onderhoudvoerder teenoor die respondent inneem, kan 'n primêre rol speel by die mislukking of sukses van die onderhoud. Die houding van die onderhoudvoerder bepaal die wyse waarop die kommunikasie vorder. Die onderhoudvoerder moet gedurende die onderhoud positief en objektief wees, vooroordeel moet te alle tye uitgeskakel word en afleidings moet slegs op grond van die beskikbare inligting gemaak word (Fenlason et al. 1962:201).

Die onderhoudvoerder sal gedurende die inoefening van vaardighede in onderhoudvoering direk te doen hê met 'n reeks probleme wat 'n uitvloeisel van sy eie partydighede en vooroordele is (Mayo, 1979:66).

Binne elke onderhoud is daar 'n besondere verhouding tussen die onderhoudvoerder en respondent. Hierdie verhouding beïnvloed die verloop van die onderhoud. Dit is die houding van die onderhoudvoerder teenoor homself en teenoor die respondent wat die verloop en sukses van die onderhoud bepaal (Fenlason et al. 1962:200).

Dit is noodsaaklik dat die onderhoudvoerder sy eie tekortkominge en sy sterk hoedanighede moet ken.

Vir 'n suksesvolle onderhoud sal dit die mikpunt van die onderhoudvoerder wees om met die eerste ontmoeting die respondent se vertroue te wen. Dit is nodig vir die onderhoudvoerder om sy onverdeelde belangstelling en aandag aan die respondent te skenk. Die onderhoudvoerder sal maklik kontak kan maak as hy 'n neutrale maar vriendelike en aanmoedigende houding openbaar. Nóg 'n woord,nóg 'n houding van die onderhoudvoerder moet enige ongeduld of kritiek impliseer.

'n Eie mening, argumente of enige ander optrede aan die kant van die onderhoudvoerder wat 'n konfliksituasie tussen onderhoudvoerder en respondent teweeg kan bring, sal die sukses van die onderhoud verydel. Daardeur sal die onderhoudvoerder 'n verkeerde beeld van die respondent vorm wat by besluitneming, beoordeling en aanbeveling fataal kan wees.

Volgens Fenlason <u>et al</u>. (1962:20) is houding "the dominant spirit of the individual and the care of the interviewers skill."

In die volgende paragraaf word vraagstelling as onderhoudvaardigheid onder die loep geneem.

3.9 VRAAGSTELLING AS ONDERHOUDVAARDIGHEID

Die deelname van die respondent is 'n belangrike voorwaarde vir 'n suksesvolle onderhoud. Die kwaliteit en kwantiteit van inligting wat benodig word, noodsaak die onderhoudvoerder om in besonder aandag te skenk aan die kwaliteit van die kliënt se deelname (Richardson <u>et al</u>. 1965:128).

Deur die formulering en stel van vrae het die onderhoudvoerder direkte invloed op die respondent se antwoorde. Daar kan tereg beweer word dat vrae die werktuie is waarmee die onderhoudvoerder werk, maar hierdie vrae moet met die grootste omsigtigheid gestel word. Dit is daarom dat Eriksen (1979:61) beweer dat die kwaliteit en kwantiteit van die gekose vrae en die wyse waarop die vrae geformuleer word, van besondere belang by die hulpverleningproses is.

Enkele gedagtes rakende vrae en vraagstelling

* Vrae is deel van die onderhoudvoerder se toerusting.
* Met elke vraag moet daar 'n doel wees.
* Vrae beïnvloed die respondent se vermoë en bereidwilligheid tot deelname.
* 'n Vraag moet handel oor dit waaroor die gesprek op daardie moment handel.
* Alle vrae moet antwoorde veronderstel (EVKOM, 1980:96).

Met betrekking tot die stel van vrae is dit belangrik dat, wat ook al die doelstellings met die vraag is, die onderhoudvoerder neutraal teenoor beide die vraag en die antwoord moet bly. Hierdeur kan die onderhoudvoerder

die verhouding tussen hom en die respondent handhaaf en groter objektiwiteit behou. 'n Vraag behoort nooit die onderhoudvoerder se gevoel te weerspieël of die antwoorde wat hy wil hê, te verskaf nie.

### 3.9.1 DIE GESLOTE EN OOP VRAAG

Volgens Richardson et al. (1965:142) word vrae as geslote beskou indien die vrae direk of baie kort beantwoord word en oop indien die vrae lang antwoorde met baie besonderhede tot gevolg het. Beveridge (1968:54) verdeel weer vrae in algemene vrae wat die respondent in staat stel om in sy eie woorde die vrae te beantwoord,

"and to whatever extent he wishes to develop his answers"

en spesifieke vrae wat lei tot 'n "Ja" of "Nee" respons. Volgens die skrywer is die probleem van spesifieke vrae daarin geleë dat hierdie vrae die gesprek bind met dit wat in die gedagtes van die onderhoudvoerder is, alhoewel die doel van die onderhoud naamlik dit is om die respondent die geleentheid te gee om dit wat in sy gedagtes is, te noem en te bespreek.

Wat die gebruik van oop of geslote vrae betref, kom Kahn en Cannel (1957:164) tot die slotsom dat daar nie 'n voorkeur is vir 'n tipe vraag bo die ander vir alle doeleindes en situasies nie.

Die keuse van vrae hang onder meer van die volgende af:

#### 3.9.1.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERHOUD

Waar klassifisering van die respondent die doel is sal die geslote vraag oorweeg word.

#### 3.9.1.2 DIE HOEVEELHEID INLIGTING BESKIKBAAR

Die oop vrae kan veral gebruik word waar min inligting ten opsigte van die respondent beskikbaar is.

#### 3.9.1.3 DIE STRUKTURERING VAN GEDAGTES

Die vermoë waaroor die respondent ten opsigte van die strukturering van gedagtes beskik sal bepaal watter tipe vraag gevra moet word. Die oopvraag kan gebruik word waar die respondent 'n bepaalde probleemgebied het, waar

hy poog om die antwoorde versigtig te bewoord, of waar die respondent 'n opinie moet uitspreek.

3.9.1.4 DIE WYSE VAN KOMMUNIKASIE

Die gemak waarmee gekommunikeer word in die bepaalde gedeelte van die onderhoudsituasie kan bepaal of 'n oop of geslote vraag gestel moet word. Geslote vrae kan in die geval waar kommunikasie glad verloop, oorweeg word.

3.9.1.5 INSIG EN KENNIS

Die mate van insig en kennis wat die onderhoudvoerder van die omstandighede van die respondent het sal die keuse van vrae beïnvloed. Geslote vrae kan met vrug gebruik word as die onderhoudvoerder oor voldoende inligting van die respondent beskik (Kahn en Cannel, 1957:164 en Richardson <u>et al</u>. 1965:148-151).

Die volgende is tipiese voorbeelde van geslote vrae wat in die onderhoudsituasie gestel kan word.

* 'n Vraag met die doel om te identifiseer deur te vra: wie?; waar?; wanneer?; hoe?; hoeveel? of watter?

* 'n Vraag met die oog op seleksie, waar die respondent 'n keuse moet maak: "Sien jy uit na 'n universiteitsopleiding of nie?"

* 'n Vraag wat voldoende beantwoord kan word deur 'n Ja of Nee: "Het jy finaal besluit dat jy verder wil gaan studeer?"

Oop vrae kan die volgende insluit: "Jy was by toe die ongelukkige gebeurtenis plaasgevind het. Wat het gebeur?" (Richardson <u>et al</u>. 1965:146). Hier is die vereiste dat die antwoord nie slegs uit 'n "Ja" of "Nee" moet bestaan nie. 'n Meer breedvoerige antwoord moet verskaf word.

Die volgende is algemene beginsels wat as hulpmiddel kan dien by die formulering van vrae:

* Vermy lang verwarrende vrae.

* Verduidelik onbekende begrippe in die vraag.

* Vrae moet nooit die respondent op die verdediging plaas nie. Die woord "waarom" plaas die mens om een of ander rede in 'n verdedigende houding. "Waarom was jy laat?" Dit is wenslik dat woorde soos "hoe" of "wat" gebruik word, bv. "Hoe het dit gebeur dat jy laat was?"; "Wat het veroorsaak dat jy laat is?" (Eriksen, 1979:62).

* Gebruik eufemismes; Hierdie woorde stel die saak in 'n meer aanvaarbare lig en laat die werklikheid sagter klink, byvoorbeeld oorlede in plaas van dood; "Jy is onredelik" eerder as "Jy is belaglik."

* By kritieke en sensitiewe onderwerpe moet verkieslik beide die positiewe en die negatiewe aspekte gestel word. Verkieslik word die positiewe eerste gestel, bv. Ek sien jy het die werk wat jy gedoen het netjies en korrek gedoen, maar hoekom het jy nie al die werk gedoen nie?"

* Die taal wat by vraagstelling gebesig word moet op dieselfde vlak as die van die respondent wees.

* 'n Goeie vraag vereis 'n goeie antwoord. Dit is belangrik dat vrae gestel word wat binne die kennisgebied en verwysingsraamwerk van die respondent val.

* Die sosiale aanvaarbaarheid van antwoorde wat deur die respondent verskaf word moet ook by die formulering van vrae in ag geneem word.

Vervolgens word vaardige interpretasie van verslae as onderhoudvaardigheid beskryf.

## 3.10 DIE VAARDIGE INTERPRETASIE VAN VERSLAE

Die vaardige gebruik van verslae deur die voorligteronderwyser is essensiëel. Hy het die unieke geleentheid om met 'n magdom gegewens uit die verslae die leerling te beoordeel. Hy is daarbenewens genoodsaak om uit hierdie groot hoeveelheid informasie slegs daardie te selekteer wat relevant is.

Wanneer die voorligteronderwyser nie daarin slaag om irrelevante inligting uit te skakel nie, word die hele proses ondoeltreffend en tydrowend (Kahn en Cannel, 1957:15 en Van der Walt, 1979:63).

Elke leerling het 'n verlede, 'n hede en 'n toekoms. Dat daar 'n korrelasie is tussen sy inherente vermoëns en geleenthede aan die een kant, en sy prestasie en optredes aan die ander kant, is nie te betwyfel nie. Ten einde 'n objektiewe evaluering van 'n kind se gesitueerdheid te maak, is dit noodsaaklik dat alle inligting van die kind se verlede en hede deeglik bestudeer word. Sodoende word bespiegelinge oor die moontlike verwagtings en toekoms van die leerling beoordeel (Van der Walt, 1979:63).

Die geakkumuleerde data wat oor 'n wye spektrum en oor 'n lang periode byeengebring is, is die eerste stap tot suksesvolle voorligting aan die skoolverlater (Van der Walt, 1979:64).

### 3.10.1 BRONNE VAN INLIGTING

Daar kan in die beroepsleidingsituasie onderskei word tussen data verkry uit bronne wat opgestel is deur onderwyspersoneel in die skoolsituasies en daardie data wat deur die kind self aangebied word.

#### 3.10.1.1 INLIGTING VERKRY VAN ONDERWYSPERSONEEL IN DIE SKOOLSITUASIE

##### 3.10.1.1.1 INLIGTING UIT VOOGLêER

Die voogstelsel kan 'n uiters belangrike bydrae maak om die kind beter te leer ken, sodat hy tydig uitgeken kan word met die oog op hulpverlening (T.O.D. 1973:4). Die ideaal is dat elke kind geken sal word, om hom te help om tot selfkennis en selfbegrip te kom. In hierdie aangeleentheid is dit belangrik dat alle onderwyspersoneel sal saamwerk om gegewens oor leerlinge te verstrek wat dan deur die voogonderwyser op lêer geplaas word. Uit hierdie historisiteitskennis kan belangrike insigte verkry word met betrekking tot die spesifieke invloed van die gesin en die nawerking van die verlede as belewing deur die kind en hoe dit betekenisvol kan wees in die verwerkliking van sy verwagte toekomsmoontlikhede.

##### 3.10.1.1.2 INLIGTING UIT KUMULATIEWE VERSLAGKAART

In skole van die TOD word die sogenaamde Ed.Lab.-kaart gebruik.

Waar die inligting uit die vooglêer hoofsaaklik net vir enkele leidingsituasies gebruik word, strek die kumulatiewe verslagkaart se inligting vanaf skooltoetrede tot skoolverlating (Alberts, 197-:149).

Hierdie verslag is in verskillende kategorieë verdeel.

Par.1. IDENTIFIKASIE - Alhoewel hierdie inligting op die oog af van geen betekenis kan wees, is dit tog nodig vir die voorligteronderwyser om op die volgende te let.

* Vergelyk die van van die leerling met dié van die ouer. Hieruit kan afgelei word of die gesin nog volledig is. Op 'n taktvolle wyse kan daar vasgestel word by die leerling waarom die gesin nie volledig is nie - dood van vader of egskeiding.

* NAAM VAN LEERLING

Uit die naam van die leerling kan inligting ten opsigte van sosio-kulturele agtergrond, algemene taalvermoë en gesinslewe afgelei word. Oorweeg name soos: Johannes Hilton-Smith of Petrus Conradie in 'n Engelsmedium skool.

* TAALMEDIUM

Is daar verskil tussen medium van onderrig en huistaal? Dit kan die oorsaak van prestasieprobleme en dus uiteindelik beroepskeuseprobleme wees.

* BEROEP VAN OUER

Hieruit kan afleidings gemaak word ten aansien van die gesin se finansiële posisie sowel as algemene akademiese agtergrond.

* ADRES

Wat is die sosio-ekonomiese stand van die gebied waar die kind woon. Is daar sprake van fisiese verwaarlosing? Is die kulturele agterstand dalk verantwoordelik vir die gebrekkige taal- en intellektuele ontwikkeling of vir sy gedragsprobleme.

OUDERDOM BY EERSTE TOELATIN

Is die leerling te vroeg skool toe? Het hy aangepas by sy portuurgroep of ondervind hy daarmee probleme?

Par. 2. SKOLE BYGEWOON: Hoeveel skole het die leerling besoek? Het die leerling skole in ander provinsies bygewoon? Watter invloed kon dit gehad het op die skoolprestasie?

Par. 3. LIGGAAMLIKE GESTELDHEID: Die besonderhede hier word tesame met die gesondheidskaart beoordeel. Hier word die algemene gesondheidstoestand van die leerling weerspieël. Hierdie inligting omsluit die toestand van oog- en oordefekte, problematiese kindersiektes en spesifieke liggaamsgebreke. Negatiewe gesondheidstoestande kan 'n invloed uitoefen op die leerling se uiteindelike beroepsbeoefening.

Par. 4. PSIGOMETRIESE GEGEWENS: Onder hierdie kategorie kan ander verslae wat normaalweg binne die Ed. Lab.-kaart geberg word, beoordeel word. Belangrike resultate is die van I.K., aanleg, belangstellings, houding, persoonlikheid, ens. Die verslae van ondersoeke onderneem deur buite-instansies soos; onderwyshulpdiens, mediese verslae van artse, kliniese verslae van sielkundiges en psigiaters. Hierdie informasie is vir die voorligteronderwyser van onskatbare waarde.

Par. 5. PERSOONLIKHEID: In hierdie kategorie kry die laerskoolpersoneel alreeds die geleentheid om volgens voorskrif die persoonlikheid van die leerling te beskryf. Omdat hierdie gegewens relatief objektief behoort te wees, is dit 'n belangrike bron van inligting vir die voorligteronderwyser.

Par. 6. SKOLASTIESE PRESTASIE: Hierdie kategorie van data kan aan die voorligteronderwyser 'n beeld gee van die algemene akademiese moontlikhede van die leerling. Afleidings wat gemaak kan word, kan die volgende insluit:

* Is daar vakke waarin die leerling reg deur sy skoolloopbaan besonder goed presteer het?

* Die data dui die vlak van studie aan wat uiteindelik invloed sal uitoefen op die vlak van opleiding wat hy sal moet ondergaan en uiteindelike beroepskeuse wat die kind sal uitoefen.

* Die gemiddelde prestasie in verhouding met standerdgemiddeld tesame nog met die I.K. telling, indien beskikbaar, kan die akademiese beoordeling meer sinvol maak.

* Het die feit dat die leerling gedruip het moontlik sy selfvertroue benadeel en daardeur ook sy selfbeeld afgetakel?

* Die algemene beoordeling van die leerling se skoolbesoek kan 'n beeld gee van die leerling se gesondheidstoestand of moontlik van sy of haar vasgelopenheid.

Par. 7. ALGEMENE INLIGTING: Hierdie informasie sluit besonderhede in van aanlegte, belangstellings en prestasie binne en buite skoolverband, waaruit die voorligteronderwyser moontlike afleidings kan maak ten aansien van die leerling as persoon.

3.10.1.2 INLIGTING VERKRY VAN LEERLING SELF

Die beroepsoriënteringslêer van die leerling is die hoofbron van data wat deur die leerling self verskaf word. Hierdie lêer verskaf inligting oor 'n lang tydperk, gewoonlik vanaf st.6 tot st.10.

Alhoewel daar in hierdie lêer verskillende data kan wees byvoorbeeld belangstellingsprofiele, vakprestasieprofiele, anekdotiese verslae, beroepsstudies, ens. word vir hierdie studie T.O.D.78 (soos van toepassing in Transvaalse Sekondêre Skole) as bron van inligting van nader beskou.

Hierdie vraelys word deur die leerling self gedurende die jaar van skoolverlating voltooi. Hierdie vraelys gee 'n beeld van die leerling soos hy homself sien en sluit die volgende in. (Sien bylaag II).

Par. A. VRAE OOR JOU

Die vrae dui aan of die leerling nog skoolpligtig is of nie. Watter kursus hy neem. Watter vlak van opleiding kan geneem word.

Par. B. SKOOLVAKKE

Gee 'n aanduiding van die leerling se voorkeure. Hierdie voorkeure behoort met die akademiese prestasie van die leerling geverifieer te word.

Par. C. STUDIE-EIENSKAPPE

Die begripsvermoë en geheue soos die leerling homself beoordeel behoort

met die I.K. syfer te korreleer. Ten opsigte van oplettendheid en konsentrasievermoë behoort dit met die akademiese prestasie van die leerling in verband gebring te word. Deelname aan klasbesprekings kan ook aandui in watter mate 'n leerling teruggetrokke is of nie.

Par. D. TOEKOMSPLANNE

Hieruit kan afgelei word of die leerling beroepssekerheid het. Die wyse waarop hy hierdie vrae beantwoord, sal aandui in welke mate die leerling al 'n studie gemaak het van sy voorgenome loopbaanrigting. Die vraag oor wie die studiegelde betaal, dit wil sê die beursmoontlikhede, is belangrik want dit sou nie veel baat om 'n studiekursus te beplan as daar nie voldoende finansiële ondersteuning is nie. Weet die leerling van studiebeurse? Weet hy of sy wat die vereistes vir beurse is? Weet die leerling wat deeltydse studie behels?

Par. E. HUISLIKE LEWE

Uit hierdie gegewens kan daar 'n beeld gevorm word van die leerling se huislike lewe. Vrae 4 en 5 toon aan of die huisgesin volledig is; is ouers geskei? Wie sorg vir hulle? Die aard van die ouers se werk kan 'n mens 'n idee gee van die finansiële posisie van die gesin. Die werk en/of studierigting van die ouer broers en susters sal ook 'n aanduiding gee van wat van die leerling verwag word. Die ouers se inkomste en die aantal afhanklike kinders kan ook bepaal of daar voldoende fondse vir studie beskikbaar is.

Die antwoorde op die vrae oor vryetydbesteding kan 'n aanduiding van die gesinsaktiwiteite wees, maar hier kan ook iets opgemerk word ten aansien van die leerling se belangstelling.

Par. F. ONTSPANNING

Uit hierdie vrae kan afgelei word of die leerling sosiaal van aard is. Die moontlike leierseienskappe kan ook hier moontlik na vore tree.

Par. G. BEROEPSBELANGSTELLING

Hier kan moontlik gekontroleer word of daar belangstellings, vryetydbesteding, sosiale eienskappe, voorkeurvakke, akademiese prestasie, verstandsvermoë, al dan nie, is.

Par. H. PERSOONLIKHEID

Hier beoordeel die leerling homself ten opsigte van persoonlikheidseienskappe. Sekere beroepe vereis bepaalde persoonlikheidseienskappe soos sosialiteit vir die onderwys; goeie sosialiteit en gesondheid vir verpleging. Dit is noodsaaklik dat die leerling se persoonlikheidseienskappe ooreenkoms toon met sy moontlike beroepskeuses.

Par. I. VRAE

Hieruit kan die voorligteronderwyser aflei of die leerling moontlik 'n probleem beleef wat sy toekomsperspektief kan verduister.

"Die kumulatiewe verslae (en die leerling se eie verslae) is in die hande van die goeie interpreteerder 'n belangrike diagnostiese hulpmiddel" (Alberts, 197-:179).

Die verkreë inligting vereis egter goed deurdagte en sistematiese interpretasie (Shertzer en Stone, 1971:275).

Hierdie vaardigheid in die interpretasie van beskikbare inligting is uniek in die beroepsleidingsituasie. In ander situasies soos dié van die maatskaplike werker en in 'n sekere mate dié van die sielkundige is daar nie dieselfde groot hoeveelheid bruikbare inligting as juis by die voorligteronderwyser nie.

Vervolgens word die "samevatting" as onderhoudvaardigheid onder die loep geneem.

3.11 DIE GEBRUIK VAN DIE "SAMEVATTING" AS VAARDIGHEID

Binne die onderhoudsituasie as dinamiese aktiwiteit, is daar altyd 'n beweging na die einddoel van die onderhoud. Om hierdie beweging te laat vlot, kan 'n kort samevatting van wat bespreek is, gegee word.

Hierdie samevatting moet die hoofpunte wat bespreek is, uitlig sodat die respondent die totale prent wat die onderhoudvoerder opbou, kan kontroleer.

Carlyle (1977:18) beklemtoon dat die samevatting of parafrasering eintlik deel is van die luistervaardigheid. Die doel van hierdie vaardigheid is om

so noukeurig as moontlik begrip te hê van wat die ander persoon sê.

Die samevatting is van onskatbare waarde indien dit ook in die loop van die onderhoud gegee word.

Hierdie opsomming bied ook die geleentheid aan beide die onderhoudvoerder en respondent om dit waaroor gekommunikeer is te organiseer en te rangskik sodat hulle gesamentlik en op dieselfde wyse voortbeweeg na die einddoel (Gilmore, 1973:251).

Die samevatting, veral waar dit om teer sake draai, moet so geskied dat daar onderlinge begrip tussen die onderhoudvoerder en die kliënt bestaan. (Carlyle, 1977:18).

3.12 SAMEVATTING

Uit die bespreking van die belangrikste onderhoudvaardighede waaroor die voorligteronderwyser moet beskik, is dit duidelik dat 'n hoë premie geplaas word op die kundige en vaardige gebruikmaking daarvan.

In hoofstuk 4 sal daar deur middel van 'n empiriese ondersoek vasgestel word hoe belangrik die voorligteronderwyser die onderhoudvaardighede ag en hoe vaardig hulle in die gebruikmaking van die voorgaande onderhoudvaardighede is.

HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek teoreties begrond. Daar sal gekyk word na die doel van die ondersoek; verskillende empiriese ondersoekmetodes; die ontwerp van 'n vraelys as empiriese navorsingsmetode; anonimiteit van die vraelys; inhoud en verspreiding van die vraelys; terugontvangste en opvolgbrief; keuse van proefpersone; motivering en ontwerp van die vraelys; die eerste en tweede redaksie; voorkoms van die vraelys en begeleidende brief sowel as die opvolgbrief.

## 4.2 DIE DOEL VAN HIERDIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om:

* te bepaal hoe belangrik voorligteronderwysers verbonde aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal die geïdentifiseerde onderhoudvaardighede ag en

* hoe goed hulle in die gebruik van die vaardighede onderlê is.

## 4.3 ENKELE ONDERSOEKMETODES EN KEUSE VAN DIE UITEINDELIKE ONDERSOEKMETODE

Oorweging is geskenk aan die moontlikheid van besoeke aan Afrikaansmedium sekondêre skole waar persoonlike onderhoude gevoer word met voorligteronderwysers. As alternatief is die moontlikheid om 'n vraelys aan voorligteronderwysers vir voltooiing te stuur, oorweeg.

Daar word nou kortliks ingegaan op die voor- en nadele van die onderhoud en vraelys as navorsingsmetode. Daarna sal die gekose metode meer volledig beskryf word.

### 4.3.1 DIE ONDERHOUD AS ONDERSOEKMETODE

Die onderhoud is een van die mees algemene metodes van data insamel. As metode om data te versamel beskik die onderhoud oor kenmerke waaroor objektiewe toetse, skale en metodes om gedrag waar te neem, nie beskik nie (De Wet *et al.* 1981:62).

In werklikheid is 'n onderhoud as ondersoekmetode 'n mondelinge, persoonlike toepassing van 'n vraelys op elke lid van die steekproef (Landman 1980:116).

Daar kan onderskei word tussen gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude.

4.3.1.1 GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD

Hierdie onderhoud bestaan uit 'n reeks gestruktureerde vrae (De Wet et al. 1981:162). Alle ondervraagde persone beantwoord dieselfde vrae en kry dieselfde uitleg met omstandighede wat min of meer dieselfde is. Min ruimte word hierin gelaat vir herformulering tensy duidelike aanwysings gegee word (De Wet et al. 1981:162).

4.3.1.2 DIE ONGESTRUKTUREERDE ONDERHOUD

Volgens De Wet et al. (1981:163) is hierdie vorm van onderhoud meer buigsaam en informeel as die gestruktureerde onderhoud. Die respondent is vry om op vrae uit te brei en sy eie mening te gee.

4.3.1.3 DIE MEES ALGEMENE GEBRUIKSWAARDE VAN DIE ONDERHOUD AS ONDERSOEKMETODE

* Die moontlike verkeerde vertolking van vrae kan in die onderhoudsituasie geverifieer word (Borg en Gall, 1983:310).

* Meer akkurate en eerlike antwoorde kan gegee word aangesien sowel die doel as die afsonderlike vrae beter verduidelik kan word (Landman, 1980:116).

* Met dié dat die vraelys gedurende die onderhoud voltooi word, kan die ondersoeker seker wees van 'n honderd persent terugvoering (Marais, 1982:181).

4.3.1.4 NADELE VAN DIE ONDERHOUD AS ONDERSOEKMETODE

* Hierdie metode kan tydrowend wees indien elke skool besoek moet word (Marais, 1982:182; De Wet et al. 1981:163; Landman, 1980:116).

* Indien die onderhoud nie behoorlik gestruktureer is nie kan dit die betroubaarheid en dus die geldigheid daarvan beïnvloed (De Wet, et al. 1981:163).

* Die antwoorde wat gegee word, mag blyke gee van bevooroordeeldheid weens sekere gevoelens wat teenoor die onderhoudvoerder gekoester mag word (Landman, 1980:117).

* Opleiding van onderhoudvoerders in die vaardighede van onderhoudvoering is 'n voorvereiste, maar vir hierdie ondersoek nie prakties moontlik nie (De Wet et al, 1981:63; Landman, 1980:117).

4.3.2 DIE VRAELYS AS NAVORSINGSMETODE

Soos die naam aandui is dit 'n lys van vrae wat op versoek van die ondersoeker deur ander persone beantwoord moet word (De Wet et al. 1981:163).

4.3.2.1 VOORDELE VAN DIE VRAELYS AS NAVORSINGSMETODE

* Die respondent word in die geleentheid gestel om objektief te respondeer en hierdie response kan maklik ontleed word (De Wet et al. 1981:163).

* Omdat die respondent die vrae anoniem kan beantwoord het hy ook die geleentheid om sonder vooroordele en terughoudendheid vrylik te kan respondeer (Marais, 1982:183).

* Beinvloeding deur die ondersoeker word uitgeskakel en die respondent kan eerlik die vrae beantwoord (Marais, 1982:183).

* Dit neem baie minder tyd in beslag en is goedkoper as wat die geval is met die onderhoud (Landman, 1980:108).

* De Wet et al. (1981:163) beskou die vraelys ook as plaasvervanger van die onderhoud omdat baie van die data wat met 'n onderhoud ingesamel word, makliker en met meer proefpersone ingesamel kan word.

4.3.2.2 NADELE VAN DIE VRAELYS AS NAVORSINGSMETODE

* Met 'n vraelys kan die respondente gedwing word om antwoorde te kies wat nie vir hulle bevredigend is nie (De Wet et al. 1981:163).

* Respondente kan vrae verkeerdelik vertolk indien die vrae nie duidelik geformuleer is nie (De Wet et al. 1981:164).

* Volgens De Wet et al. (1981:164) is dit moeilik om die geldigheid van die vraelys as ondersoekmetode te bepaal.

Met inagneming van al die voor- en nadele van die twee ondersoekmetodes is daar besluit op die vraelys. Dit is vir die ondersoeker te tydrowend en onekonomies om al die Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal te besoek.

## 4.4 DIE ONTWERP VAN DIE VRAELYS AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE

Uit die literatuur blyk dit dat hierdie navorsingsmetode hewig gekritiseer is. Bewerings is gemaak dat dit 'n onvolmaakte onwetenskaplike meetinstrument is, en soms nie al die aspekte van 'n ondersoek betrek nie; die items kan nooit voldoende wees nie en vrae word gestel uit die standpunt van die ondersoeker (Marais, 1982: 184-185; De Landsheere, 1973:63; Mouly, 1978:188).

Nieteenstaande al die besware en kritiek bly die vraelys nog die ondersoekmetode wat die meeste gebruik word (Mouly, 1978:188).

### 4.4.1 KONSTRUKSIE VAN DIE VRAELYS

Volgens Mouly (1978:190) sal die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys afhang van die doeltreffendheid van die konstruksie daarvan. Die doel van die ondersoek is die spil waarom alles draai en elke item in die vraelys moet met die doel in verband gebring word.

In hierdie vraelys sal die items gestruktureerd wees. Die respondent sal antwoorde kies uit die veelkeusige items in die vraelys.

Die respondent sal in sekere gevalle 'n verdeelde itemvraag moet beantwoord - 'n keuse tussen "JA" of "NEE".

Waar die veelkeusige vraag nie voorsiening maak vir die respondent se keuse nie sal 'n item "ander" ingesluit word. Hier kan die respondent sy eie keuse aandui.

Enkele voorbeelde:

* Geslag

| | | |
|---|---|---|
| X | M | 1 |
| | V | 2 |

* Kwalifikasies:

| | | |
|---|---|---|
| B.Com. | X | 1 |
| B.A. | | 2 |
| B.Sc. | | 3 |
| Ander. Spesifiseer asb. | | |
| T.H.O.D. | X | 4 |

* Het godsdiensonderrig in die skool enige waarde ?

| | | |
|---|---|---|
| X | JA | 1 |
| | NEE | 2 |

* Maak u gedurende die onderhoud van 'n bandopnemer gebruik?

| | | |
|---|---|---|
| Gereeld | | 1 |
| Selde | X | 2 |
| Nooit | | 3 |

4.4.2 ANONIMITEIT VAN DIE VRAELYS

By opvoedkundige ondersoeke kan respondente versoek word om hulle self te identifiseer. Aangesien in hierdie vraelys inligting gevra word wat vertroulik van aard is (kwalifikasies, ens.) is daar besluit om die vraelys anoniem te hou omrede die ondersoekgroep volwassenes is en die verlangde data nie identifikasie vereis met die oog op die analise van die data nie. Met die oog op kontrolering van terugontvangste word die skool met 'n nommer geïdentifiseer (Tuckman, 1978:16; Borg en Gall, 1983:424).

4.4.3 SAMESTELLING VAN VOORLOPIGE VRAELYS

Dit is wenslik dat 'n deeglike loodsstudie op 'n klein aantal proefpersone onderneem word alvorens die werklike ondersoek plaasvind (Marais, 1982:193). Na hierdie loodsstudie kan die vraelys geredigeer word deur onduidelike en dubbelsinnige items uit te skakel (Landman, 1980:111; Tuckman, 1978:225).

By die samestelling van 'n vraelys behoort die volgende tegniese aspekte aandag te geniet:

* Die vraelys moet netjies vertoon (Borg en Gall, 1983:422).

* Die inhoud sowel as die formaat van vraelys moet deeglik beplan word (Landman, 1980:109).

* Die vrae moet so geformuleer word dat die verlangde inligting daarmee bekom word (Hopkins, 1976:146).

* Vraelys moet vir rekenaardoeleindes ontwerp word. Die antwoorde op die vrae moet gekwantifiseer word (Marais, 1982:190; Borg en Gall, 1983:415).

* Elke vraag moet slegs oor een begrip handel (Landman, 1980:110).

* Items moet so gestruktureer word dat slegs een antwoord verstrek word (Marais, 1982:190).

* Dit is noodsaaklik dat die items in 'n logiese volgorde gerangskik word en dat die vraelys maklik voltooi kan word (Borg en Gall, 1983:422; Landman, 1980:110).

* Hoogdrawende taal en tegniese terme moet so ver moontlik vermy word (De Landsheere, 1973:67).

* Kort maar duidelike instruksies moet gegee word. Waar moontlik behoort voorbeelde gegee te word van hoe die vraelys beantwoord moet word (Borg en Gall, 1983:422; Landman, 1980:110).

* Items moet so ontwerp word dat dit die belangstelling van die respondent wek. Dit verbeter die kanse dat vraelys voltooi sal word (Marais, 1982:190).

* Geen item mag ingevoeg word wat nie direk te make het met die doel van die ondersoek nie (Landman, 1980:109; Tuckman, 1978:216).

4.4.4 INHOUD

'n Volledige vraelys word saam met 'n begeleidende brief asook 'n geadresseerde koevert aan die voorligteronderwysers gepos (Landman, 1980:111).

4.4.5 VERSPREIDING

Voordat die vraelys aan die proefpersone gestuur word moet 'n skriftelike toestemming van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry word.

4.4.6 TERUGONTVANGSTE EN OPVOLGBRIEF

Vraelyste wat terug ontvang word moet gekontroleer word ten opsigte van die aantal skole wat nie reageer het nie. Volgens Landman (1980:112) is 70% terugontvangste bevredigend. Indien die terugontvangste nie hierdie kerf bereik nie kan 'n opvolgbrief aan die proefpersone wat nie gerespondeer het nie gestuur word. Indien ontvangste dan nog nie bevredigend is nie kan respondente telefonies genader word.

4.5 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.5.1 KEUSE VAN PROEFPERSONE

Na deeglike besinning en bespreking met die studieleier en navorsingsadvieskomitee is besluit om die personeellid wat verantwoordelik is vir beroepsleiding aan Afrikaansmedium sekondêre skole van Transvaal, in die ondersoek te betrek.

## 4.6 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

### 4.6.1 MOTIVERING EN ONTWERP VAN DIE VRAELYS

Na aanleiding van die bevindinge uit die literatuurstudie en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek is besluit om meer inligting oor die volgende sake in verband met onderhoudvoering aan sekondêre skole te kry.

* 'n Studie van die onderhoudvaardighede het aan die lig gebring dat die onderhoudvoerder oor 'n akademiese agtergrond moet beskik ten einde 'n sukses van onderhoudvoering te maak. (Vergelyk definisie van onderhoudvaardigheid Hoofstuk 1 par. 1.3.2).

* Uit die literatuurstudie blyk dit dat daar algemeen geldende sowel as spesifieke vaardighede is waaroor die voorligteronderwyser moet beskik. Die vraag wat gestel word is hoe belangrik die voorligteronderwyser die bepaalde vaardighede ag en hoe bedrewe die voorligteronderwyser, volgens sy eie oordeel, in die geïdentifiseerde onderhoudvaardighede is. (Vergelyk Hoofstuk 3).

* Die literatuur beklemtoon ook die opleiding van voorligteronderwysers veral in onderhoudvaardighede. Daar moet vasgestel word of voorligteronderwysers wel opleiding ontvang het en in watter mate daar belangstelling en behoefte is in opleiding in die geïdentifiseerde onderhoudvaardighede. (Vergelyk Hoofstuk 2 par. 2.8).

### 4.6.2 KEUSE VAN SOORTE ITEMS VIR DIE VRAELYS

Aangesien die verlangde inligting na verwagting feitelik van aard sal wees, is besluit om verdeelde items "JA"- "NEE" in die vraelys in te sluit. Met betrekking tot die maklike en vinnige voltooiing van die vraelys, is verder besluit om 'n aantal gestruktureerde veelkeusige items in te sluit ten einde die respondent se aandag rondom bepaalde moontlikhede te sentreer. Daar is geantisipeer dat nie alle veelkeusige items voorsiening maak vir elke respondent se besondere keuse nie. Derhalwe is 'n item "ander" by die veelkeusige items ingesluit. Daar is veral gepoog om kort, duidelike items te formuleer.

### 4.6.3 DIE MOTIVERING EN EERSTE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS

Na aanleiding van die motivering vir die vraelys en die kriteria vir die ontwerp van 'n vraelys is op die eerste redaksie besluit. Vervolgens word die motivering van elke item aangebied en daarna die eerste redaksie.

#### 4.6.3.1 MOTIVERING VAN ITEMS

Uit die ondersoeker se ervaring blyk dit dat daar 'n aansienlike afname is in die getal mans teenoor dames in die onderwys. Die waarde van die man, veral as vaderfiguur, neem 'n belangrike plek in die opvoeding van die kind in. Die voorligteronderwyser is die persoon in die sekondêre skool wat 'n besondere rol speel in die keusemaking en besluitneming van leerlinge, en as identifikasiefiguur kan hy die kind in hierdie besluitneming en keusemaking besondere steun gee. Daar sal met 'n vraag in die vraelys bepaal moet word wat die getalverhouding is tussen die manlike en vroulike voorligtingonderwysers. (Kyk vraag 1.1)

Dit gebeur in die praktyk dat die aanbieder van beroepsleiding die hoof, adjunkhoof, Departementshoof: Opvoedkundige leiding (deel van die bestuur van 'n skool) of 'n onderwyser kan wees. Deur middel van 'n vraag sal bepaal word of die personeellid verantwoordelik vir beroepsleiding deel is van die bestuurspan al dan nie. (Kyk vraag 1.2).

Om reg te laat geskied aan beroepsleiding by sekondêre skole en waar die beroepsleiding aktiwiteite in die onderhoud kan kulmineer en die onderhoudvaardighede 'n basiese akademiese kennis vereis (vergelyk Hoofstuk 1 par.1.3.2) sal dit nodig wees om deur middel van enkele vrae vas te stel wat die persone wat vir beroepsleiding verantwoordelik is se akademiese kwalifikasies is veral in daardie vak of vakke wat direk verband hou met beroepsleiding. (Kyk vraag 1.3.1, 1.3.2, 1.3.3 en 1.3.4).

Ervaring as voorligteronderwyser is van onskatbare waarde in die beroepsleidingsituasie. Daar sal deur middel van een of meer vrae vasgestel moet word hoe ervare die voorligteronderwysers is, eerstens as onderwyser en tweedens as voorligteronderwyser. (Kyk vraag 1.4.1 en 1.4.2).

Dit blyk dat die aantal personeellede wat vir beroepsleiding verantwoordelik is van skool tot skool verskil. Deur middel van 'n vraag sal die werklike situasie by skole gekontroleer word. (Kyk vraag 1.5).

Daar is uit die literatuur tien onderhoudvaardighede geïdentifiseer waaroor die aanbieder van beroepsleiding ten opsigte van onderhoudvoering moet beskik.

Daar sal met een of meer vrae in die vraelys vasgestel word hoe belangrik die respondente die verskillende vaardighede ag en hoe goed hulle onderlê is in die gebruik van die vaardighede.

KOMMUNIKASIE AS VAARDIGHEID

'n Studie van die literatuur (Kyk hoofstuk 3 par. 3.2) toon dat kommunikasie 'n besondere vaardigheid verg en dat dit nie as vanselfsprekend gebruik kan word nie. Die rol van nie-verbale kommunikasie kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit moet aan die hand van een of meer vrae gekontroleer word. (Kyk vraag 2.1).

VAARDIGHEID IN DIE STIGTING VAN RAPPORT

Die literatuur (kyk Hoofstuk 3 par. 3.4) stel dit as 'n vereiste dat daar 'n gunstige emosionele stemming heers gedurende die onderhoud. Hierdie gunstige gestemdheid staan bekend as die stigting van rapport. Hierdie vaardigheid waaroor die voorligteronderwyser moet beskik moet deur middel van 'n vraag of meer gekontroleer word.

STILTE AS ONDERHOUDVAARDIGHEID

Die stilte wat soms gedurende die onderhoud kan voorkom kan geïnisieer wees deur óf die onderhoudvoerder óf die kliënt. (Kyk Hoofstuk 3 par. 3.5). Daar sal deur middel van een of meer vrae vasgestel moet word of die voorligteronderwyser hierdie stilte wat soms voorkom effektief kan benut. (Kyk vraag 2.3).

HOUDING AS VAARDIGHEID BY ONDERHOUDVOERING

Die literatuur beklemtoon dat die onderhoudvoerder in die onderhoudsituasie positief en objektief moet wees. Die onderhoudvoerder moet sonder 'n sweem van kritiek of ongeduld en met onverdeelde aandag deelneem aan die onderhoud. (Kyk Hoofstuk 3 par. 3.8). Daar sal deur middel van een of meer vrae gekontroleer word of die voorligteronderwyser oor hierdie vaardigheid beskik. (Kyk vraag 2.4).

LUISTER AS VAARDIGHEID

Om effektief te luister na wat die kliënt sê word deur die literatuur (Hoofstuk 3 par. 3.3) as van kardinale belang beskou. Dit sal nodig wees om deur middel van een of meer vrae te bepaal of voorligteronderwysers effektief kan luister. (Kyk vraag 2.5).

EMPATIE AS VAARDIGHEID

Uit die literatuur (Kyk Hoofstuk 3 par. 3.7) moet die onderhoudvoerder die vaardigheid en vermoë besit om hom self in die plek van die ander, sonder om self emosioneel betrokke te raak, te stel. Die onderhoudvoerder moet 'n openheid sowel as warmte en agting vir die kind se gevoelens en gedagtes hê. Daarom sal daar deur middel van 'n vraag of meer gekontroleer word of die voorligteronderwyser dienooreenkomstig kan optree. (Kyk vraag 2.6).

WAARNEMING AS VAARDIGHEID

Die literatuur toon (kyk Hoofstuk 3 par. 3.6) dat daar by onderhoude emosionele faktore kan wees wat te voorskyn tree deur gesigsuitdrukkings, beweging van die liggaam, spierspanning, ens. Dit is noodsaaklik dat die onderhoudvoerder kennis neem van die simptome maar dat dit beoordeel moet word in die konteks van die gebeure. (Persepsie) Daar moet deur middel van een of meer vrae gekontroleer word of die voorligteronderwyser vaardig is in die handeling. (Kyk vraag 2.7).

DIE GEBRUIK VAN 'N SAMEVATTING AS VAARDIGHEID

Gedurende die onderhoud as dinamiese aktiwiteit is daar 'n beweging na die einddoel van die onderhoud. Die literatuur (Kyk Hoofstuk 3 par. 3.11) beklemtoon dat 'n opsomming van onskatbare waarde is vir beide die onderhoudvoerder en kliënt. Dit is noodsaaklik dat die onderhoudvoerder die hoofpunte wat bespreek is, uitlig sodat die kliënt die totale beeld wat die onderhoudvoerder opbou, kan kontroleer. Aan die hand van een of meer vrae moet vasgestel word of die voorligteronderwyser van hierdie vaardigheid gebruik maak. (Kyk vraag 2.8).

VRAAGSTELLING AS VAARDIGHEID

Dat die wyse waarop die onderhoudvoerder vrae formuleer en stel 'n direkte invloed het op die antwoorde wat deur die kliënt gegee word, word deur die literatuur beklemtoon. (Kyk Hoofstuk 3 par. 3.9) Die gebruik van die geslote vraag bind die gesprek met dit wat die onderhoudvoerder in gedagte het, alhoewel die doel van die onderhoud is om die kliënt die geleentheid te gee om dit wat in sy gedagtes is, te noem en te bespreek. Deur middel van 'n vraag of meer sal daar bepaal moet word of die voorligteronderwyser weet wanneer 'n geslote of oop vraag gestel moet word. (Kyk vraag 2.9).

INTERPRETASIE VAN VERSLAE AS VAARDIGHEID

'n Studie van die literatuur (Kyk Hoofstuk 3 par. 3.10) toon dat die voorligteronderwyser die unieke geleentheid het om met 'n magdom van gegewens uit verslae

van leerlinge hulle te beoordeel. Elke leerling het 'n verlede, 'n hede en 'n moontlike toekoms. Dat daar korrelasie is tussen sy inherente vermoëns en geleenthede aan die een kant en sy prestasie en optredes aan die ander kant is nie te betwyfel nie. Daar sal deur middel van 'n vraag of meer bepaal moet word of die voorligteronderwyser waarde put uit die verslae. (Kyk vraag 2.10).

Waar hierdie ondersoek handel oor voorligteronderwysers se graad van vaardigheid in onderhoudvoering en die mate waarin hulle dit as belangrik beskou, sal daar deur middel van een of meer vrae in die vraelys vasgestel moet word of die voorligteronderwyser enige opleiding ten opsigte van onderhoudvoering, met klem op die onderhoudvaardighede, behoort te ondergaan en of studente in opleiding intensief hierin opgelei behoort te word. (Kyk vraag 3.1, 3.2(a) en 3.2(b)). Vervolgens word die eerste redaksie onderneem.

4.6.3.2 DIE EERSTE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS

Na aanleiding van die motivering vir die vraelys en die kriterium vir die ontwerp van 'n vraelys is op die eerste redaksie besluit.

VRAAG 1.1

Met vraag 1.1 sal daar gepoog word om vas te stel wat die getalsverhouding mans teenoor dames is wat vir beroepsleiding verantwoordelik is.

1.1 U GESLAG

| | | |
|---|---|---|
| M | | 1 |
| V | | 2 |

VRAAG 1.2

Ten einde te bepaal wie op 'n skool se personeel vir die beroepsleiding verantwoordelik is, is die volgende vraag in die vraelys ingesluit.

1.2 U HUIDIGE POS:

| | | |
|---|---|---|
| H O O F | | 1 |
| Adjunkhoof | | 2 |
| Departementshoof | | 3 |
| Onderwyser/es | | 4 |

VRAAG 1.3

Met vraag 1.3.1, 1.3.2 en 1.3.3 sal daar vasgestel word wat voorligteronderwysers se akademiese kwalifikasies is.

1.3 U KWALIFIKASIES:

1.3.1 B-Grade

| | | |
|---|---|---|
| BA of (BA Ed) | | 1 |
| BCom of (BCom Ed) | | 2 |
| BSc of (BSc Ed) | | 3 |
| Ander (Spesifiseer asseblief) ............................ | | 4 |

1.3.2 Na-graads

| | | |
|---|---|---|
| B Ed (Algemeen) | | 1 |
| B Ed (Voorligting) | | 2 |
| BA (Hon) (Sielkunde) | | 3 |
| Ander (Spesifiseer asseblief bv. MA (Klinies, ens.) ................................... | | 4 |

1.3.3 Onderwysdiploma

| | | |
|---|---|---|
| H.O.D. | | 1 |
| T.O.D. | | 2 |
| T.H.O.D. | | 3 |
| U.O.D. | | 4 |
| L.O.D. | | 5 |
| Ander (Spesifiseer asseblief) ............................ | | 6 |

VRAAG 1.3.4

Met vraag 1.3.4 wil daar vasgestel word of die voorligteronderwyser die vak Sielkunde III of 'n ander derdejaarsvak wat direk verband hou met voorligting in sy graad ingesluit het.

1.3.4 Dui aan of u 'n vak op derdejaarsvlak in u graadkursus ingesluit het wat direk verband hou met voorligting?

(Spesifiseer asseblief bv. Sielkunde III)

........................................

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

VRAAG 1.4

Om vas te stel hoe ervare voorligteronderwysers in die onderwysberoep is en ervaring as voorligteronderwyser is vraag 1.4.1 en 1.4.2 in die vraelys ingesluit.

1.4.1 Totale aantal diensjare in die onderwys

| Jare | | |
|---|---|---|
| 1-5 | | 1 |
| 6-10 | | 2 |
| 11-20 | | 3 |
| 21+ | | 4 |

1.4.2 Aantal jare betrokke by beroepsleiding in sekondêre skole.

| Jare | | |
|---|---|---|
| 1-5 | | 1 |
| 6-10 | | 2 |
| 11-20 | | 3 |
| 21+ | | 4 |

VRAAG 1.5

Om vas te stel hoeveel persone by die bepaalde skool vir beroepsleiding verantwoordelik is, is vraag 1.5 in die vraelys ingesluit.

1.5 Dui aan die getal personeellede, uself uitgesluit, wat beroepsleiding by u skool aanbied.

| Getal | | |
|---|---|---|
| 0 | | 1 |
| 1 | | 2 |
| 2 | | 3 |
| 3 | | 4 |

VRAAG 2.1

Vraag 2.1 is gestel om te bepaal hoe belangrik die voorligteronderwyser die interpretasie van nie-verbale kommunikasie ag en dan ook om vas te stel hoe vaardig hy homself beskou in die hantering van die vaardigheid.

2.1 a. Hoe belangrik ag u die interpretasie van die nie-verbale kommunikasie wat kan plaasvind gedurende 'n onderhoud d.w.s. liggaamshouding, gebare, geluide of 'n gesug?

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u in hierdie interpretasie?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.2

Om vas te stel hoe belangrik 'n gesonde emosionele klimaat is by onderhoudvoering en om die vaardigheid van die voorligteronderwyser te bepaal, is vraag 2.2 by die vraelys ingesluit.

2.2 a. Hoe belangrik ag u die skep van 'n gesonde emosionele klimaat gedurende die onderhoud? (Totstandkoming van rapport)

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u daarin?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.3

Deur middel van vraag 2.3 moet daar bepaal word hoe belangrik die voorligteronderwyser die benutting van stilte wat soms voorkom by 'n onderhoud beskou en moet daar ook bepaal word hoe vaardig hy is in die hantering van so 'n stilte.

2.3 a. Hoe belangrik ag u die effektiewe benutting van die stilte wat soms in 'n onderhoud kan voorkom om tog die onderhoud te laat vlot?

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u in die hantering van so 'n stilte?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.4

Ten einde te bepaal hoe belangrik dit is dat voorligteronderwysers onbevooroordeeld en met onverdeelde aandag sal deelneem aan die onderhoud en om te bepaal hoe vaardig hy daarin is, is die volgende vraag gestel.

2.4 a. Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser onbevooroordeeld, sonder 'n sweem van kritiek of ongeduld aan die onderhoud deelneem?

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u om so onbevoordeeld op te tree?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.5

Deur middel van vraag 2.5 sal daar bepaal word hoe belangrik dit vir die voorligteronderwyser is om aandagtig te luister na wat die kind sê en hoe vaardig die voorligteronderwyser homself daarin ag.

2.5 a. Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser aandagtig moet luister na wat die kind sê?

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u om aandagtig te luister?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.6

Met vraag 2.6 moet vasgestel word hoe belangrik voorligteronderwysers dit beskou om begrip te hê vir die kind se situasie sonder om self emosioneel betrokke te raak en hoe vaardig hy daarin is.

2.6 a. Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser begrip vir die kind se situasie sal hê sonder om self emosioneel betrokke te raak? (Empatie)

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u daarin om begrip van die kind se situasie te hê sonder om self emosioneel betrokke te raak?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.7

Om te bepaal hoe belangrik dit vir die voorligteronderwyser is om die gebeure wat in die onderhoud mag voorkom, waar te neem maar dit in die konteks van die gebeure te beoordeel en hoe vaardig hy is om dit so waar te neem, is vraag 2.7 ingesluit in die vraelys.

2.7 a. Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser die gebeure wat in die onderhoud voorkom waarneem en dit dan in die konteks van die gebeure objektief beoordeel? (Persepsie)

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u om die gebeure soos in 2.7(a) beskryf waar te neem en objektief te beoordeel?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.8

Deur middel van vraag 2.8 sal daar bepaal word hoe belangrik die voorligteronderwyser dit ag om die gegewens wat gedurende die onderhoud ingesamel word saam te vat sodat die kind die indrukke wat die voorligteronderwyser van hom het kan verifieer en hoe vaardig die voorligteronderwyser is om so 'n samevatting te gee.

2.8 a. Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser gegewens wat hy gedurende die onderhoud ingesamel het moet saamvat sodat die kind die indrukke wat hy van hom het kan verifieer?

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig is u daarin om so 'n samevatting te gee?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.9

Ten einde vas te stel hoe belangrik die voorligteronderwyser dit ag dat hy weet wanneer daar gedurende die onderhoud 'n geslote of 'n oop vraag gestel moet word en hoe vaardig hy homself daarin beskou is vraag 2.9 in die vraelys ingesluit.

2.9 a. Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser gedurende die onderhoud moet weet of hy 'n oop of 'n geslote vraag moet vra? Voorbeeld van geslote vraag: Was jy by toe die ongeluk gebeur het?

Voorbeeld van oop vraag: Jy was by toe die ongeluk plaasgevind het. Wat het gebeur?

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig beskou u uself om te besluit of u 'n oop of 'n geslote vraag moet vra?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 2.10

Met vraag 2.10 gaan daar vasgestel word hoe belangrik die voorligteronderwyser dit ag dat die gegewens verkry uit verslae korrek geinterpreteer word en hoe vaardig hy homself beskou.

2.10 a. Hoe belangrik ag u die korrekte interpretasie van gegewens verkry uit die onderstaande dokumente:

Voogverslae:

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig beskou u uself daarin?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

2.10 2a. Kumulatiewe verslagkaart (Ed Lab.)

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig beskou u uself?

| | | |
|---|---|---|
| Uiters vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

2.10 3a. Persoonlike beroepsleidinglêer van leerlinge (Sluit in outobiografieë, anekdotiese verslae, maar veral die T.O.D. 78).

| | | |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | | 1 |
| Belangrik | | 2 |
| Onbelangrik | | 3 |

b. Hoe vaardig beskou u uself?

| | | |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | | 1 |
| Redelik vaardig | | 2 |
| Glad nie vaardig | | 3 |

VRAAG 3.1

Met vraag 3.1 sal daar bepaal word of voorligteronderwysers opleiding gehad het in die geïdentifiseerde onderhoudvaardighede.

3.1 Het u enige opleiding gehad in bostaande onderhoud-vaardighede?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | | 1 |
| Nee | | 2 |

VRAAG 3.2(a)

Om vas te stel of voorligteronderwysers ten gunste is van 'n opleidingsprogram

gerig op die onderhoudvaardighede vir diensdoende voorligteronderwysers is vraag 3.2(a) ingesluit.

3.2 Sou u ten gunste wees van 'n opleidingsprogram gerig op hierdie onderhoudvaardighede?

a. vir die diensdoende voorligteronderwyser met die oog op inskerping van hierdie vaardighede

| | | |
|---|---|---|
| Ja | | 1 |
| Nee | | 2 |

VRAAG 3.2(b)

Met vraag 3.2(b) kan daar bepaal word of voorligteronderwysers ten gunste is van die insluiting van opleiding in onderhoudvaardighede in die opleidingsprogram van toekomstige voorligteronderwysers.

b. vir studente wat hulle voorberei as toekomstige voorligteronderwysers

| | | |
|---|---|---|
| Ja | | 1 |
| Nee | | 2 |

4.7 DIE TWEEDE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS

Die vraelys is met die studieleier en navorsingsadvieskomitee bespreek. Die nodige redaksionele verandering is aangebring.

Die tweede redaksie van die vraelys is in persoonlike onderhoude met voorligteronderwysers van enkele skole in die komprehensiewe eenheid Middelburg bespreek.

Die doel van hierdie besprekings was hoofsaaklik om onduidelike en dubbelsinnige items te identifiseer en uit te skakel. Daar moes ook vasgestel word of die verkreë data soos beplan, geanaliseer kan word.

Daar is gepoog om die lengte van die vraelys te beperk sodat die respondente slegs 'n paar minute benodig om die vraelys te voltooi. Die tyd wat benodig word vir die voltooiing behoort nie 15 minute te oorskry nie.

Die vraelys word anoniem voltooi. Die nommer op die vraelys word slegs gebruik vir kontrole doeleindes en alle inligting word as persoonlik en vertroulik beskou,

4.8 VOORKOMS VAN DIE VRAELYS

Die volgende gegewens verskyn op die begeleidende brief en voorblad van die vraelys.

* Aan wie die vraelys gerig word.

* Die doel van die ondersoek.

* Die vertroulikheid van die inligting.

* Aanwysigings met betrekking tot die voltooiing van die vraelys.

* Voorbeelde

4.9 DIE BEGELEIDENDE BRIEF

Die begeleidende brief verskyn as bylaag aan die einde van die skripsie.

4.10 OPVOLGBRIEF

Daar is besluit om van poskaarte gebruik te maak indien die terugontvangste nie 70% haal nie. (Sien bylaag aan die einde van die skripsie)

4.11 TERUGONTVANGSTE

Van die 170 vraelyste wat uitgestuur was is 99 voor die sperdatum (1985-02-28) terug ontvang. Aan al die voorligteronderwysers wat nie gerespondeer het nie is 'n opvolgbrief in die vorm van 'n poskaart gestuur. Hierdie opvolgaksie het nog 36 vraelyste opgelewer. Dit het die terugontvangste op 135 uit 170 voltooide vraelyste (79,4%) te staan gebring.

4.12 VERWERKING VAN VRAELYSRESPONSE

Na samesprekings met die studieleier en op aanbeveling van die statistiese konsultant: PU vir C.H.O. is besluit om die response volgens die SAS-program te rekenariseer, omdat dit in die lig van die doel van hierdie ondersoek voldoende is.

4.13 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel van die empiriese ondersoek gestel. Die onderhoud en die vraelys as navorsingsmetode is teenoor mekaar opgeweeg. Die keuse van die proefpersone sowel as die samestelling van die vraelys is bespreek. Die eerste en tweede redaksie is daarna onder die loep geneem. Ten slotte is daar aandag aan die begeleidende- en opvolgbrief en die prosedures by die terugontvangs van vraelyste gegee.

In hoofstuk 5 sal 'n analise en bespreking van die vraelysresponse gemaak word.

# HOOFSTUK 5

## Aanbieding, analise en interpretering van vraelysresponse

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die vraelysresponse met betrekking tot die volgende sake aangebied, geanaliseer en geinterpreteer: Die geslag en huidige pos van die voorligteronderwyser sowel as sy kwalifikasies en jare ervaring, die belangrikheid en behendige hantering van geïdentifiseerde onderhoudvaardighede en die opleiding in onderhoudvaardighede.

### 5.2 BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE

In hierdie paragraaf word die response op vraag 1.1 tot 1.5 aangebied, geanaliseer en geïnterpreteer.[1)]

#### 5.2.1 Vraag 1.1

Die geslag van persone wat vir beroepsleiding verantwoordelik is. (Bylaag 111, vraag 1.1)

Vraag 1.1

"U GESLAG"

Tabel 5.1

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Manlik | 95 | 70,4 |
| Vroulik | 40 | 29,6 |
| Totaal | 135 | 100 |

##### 5.2.1.1 Analise van response.

Uit tabel 5.1 blyk dit dat die persone verantwoordelik vir beroepsleiding oorwegend mans is, naamlik 70,4% (95 uit 135.)

##### 5.2.1.2 Interpretasie van response

1) By die aanbieding van die analise en interpretasie van vraelysresponse sal elke item afsonderlik geanaliseer word, maar elke groep items wat direk onderling met mekaar verband hou sal as geheel geïnterpreteer word.

Na aanleiding van die response in tabel 5.1 blyk dit dat die Transvaalse onderwysdepartement tot op datum waarskynlik ten gunste daarvan is dat die posbekleër 'n man sal wees.

5.2.2 Vraag 1.2

Die pos wat die voorligteronderwyser by die skool beklee (Bylaag 111, vraag 1.2)

Vraag 1.2

"U HUIDIGE POS:

Hoof
Adjunkhoof
Departementshoof
Onderwyser/es"

Tabel 5.2

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Hoof | 0 | 0 |
| Adjunkhoof | 7 | 5,2 |
| D.O.L.[1)] | 86 | 63,7 |
| Onderwyser/es | 42 | 31,1 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.2.2.1 Analise van response.

Volgens die response in tabel 5.2 beklee 63,7% van die respondente die pos D.O.L.[1)] 5,2% is adjunk-hoofde terwyl 31,1% onderwysers is.

5.2.2.2 Interpretasie van response

Die meerderheid van die personeellede verantwoordelik vir beroepsleiding, naamlik 68,9% (93 uit 135) is deel van die bestuurspan van 'n skool en het dus direk inspraak by die organisasie en beplanning vir beroepsleiding van die skool.

Aan die ander kant word dit betwyfel of die adjunk-hoof, met sy veelvuldige pligte nog sy volle aandag aan die beroepsleidingaktiwiteite kan skenk. By die groter hoërskole kan die D.O.L. dieselfde probleem as die adjunk-hoof ervaar.

---

1) In hierdie studie word die afkorting D.O.L. vir Departementshoof: Opvoedkundige leiding, gebruik.

5.2.3 Vraag 1.3

Die kwalifikasies van voorligteronderwysers. (Bylaag 111, vraag 1.3)

Vraag 1.3 bestaan uit vier afsonderlike vrae.

Met vrae 1.3.1 en 1.3.2 wou daar onderskeidelik vasgestel word wat respondente se B- en nagraadse kwalifikasies is, terwyl daar met vrae 1.3.3 en 1.3.4 bepaal wou word wat hulle professionele kwalifikasies is.

Vraag 1.3.1

"U KWALIFIKASIES:"

B-Grade

BA of BA Ed
BCom of BCom Ed
BSc of BSc Ed
Ander (Spesifiseer asseblief

..........................

Tabel 5.3

| | Getal | % |
|---|---|---|
| BA of BA Ed | 98 | 72,6 |
| B.Com of B.Com Ed. | 10 | 7,4 |
| BSc of BSc. Ed. | 6 | 4,5 |
| Ander | 1 | 0,7 |
| Ongegradueer | 20 | 14,8 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.2.3.1 Analise van response.

Uit die totaal van 135 respondente beskik 72,6% (98 uit 135) oor 'n BA - of BA Ed-graad, terwyl 7,4% (10 uit 135) oor 'n B.Com- of B.Com.Ed-graad beskik. 4,5% (6 uit 135) beskik oor 'n B.Sc- of B.Sc.Ed.-graad terwyl 14,8% van die respondente (20 uit 135) nie oor 'n B-graad beskik nie.

Vraag 1.3.2

"NA-GRAADS

B Ed (Algemeen
B Ed (Voorligting)
BA (Hon) (Sielkunde)
Ander (Spesifiseer asseblief bv. MA
(Klinies) ens.)"

..................................

Tabel 5.4

| | Getal | % |
|---|---|---|
| B.Ed. Algemeen | 22 | 16,3 |
| B.Ed. Voorligting | 9 | 6,7 |
| B.A. (Hons.) Sielkunde | 5 | 3,7 |
| Ander | 14 | 10,3 |
| Geen na-graadse kwalifikasie | 85 | 63,0 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.2.3.2 Analise van response

Volgens die respondente het 37% (50 uit 135) aangetoon dat hulle oor 'n na-graadse kwalifikasie beskik. 23% van al die respondente beskik oor 'n B.Ed-graad. Van hierdie groep beskik 6,7% (9 uit 135) oor die graad B.Ed.(Voorligting) en 16,3% (22 uit 135) oor die graad B.Ed. (Algemeen). 63% (85 uit 135) van al die respondente beskik nie oor 'n na-graadse kwalifikasie nie.

Vraag 1.3.3

"Onderwysdiploma

H.O.D.

T.O.D.
T.H.O.D.
U.O.D.
L.O.D.
Ander (spesifiseer asseblief)"
..............................

Tabel 5.5

| | Getal | % |
|---|---|---|
| H.O.D. | 38 | 28,1 |
| T.O.D. | 17 | 12,6 |
| T.H.O.D. | 55 | 40,7 |
| U.O.D. | 9 | 6,7 |
| L.O.D. | 1 | 0,7 |
| Ander | 3 | 2,3 |
| Geen diploma | 12 | 8,9 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.2.3.3 Analise van response

Volgens die response in tabel 5.5. beskik 91,1% (123 uit 135) van al die respondente oor 'n onderwysdiploma, terwyl 8,9% (12 uit 135) oor geen onderwysdiploma beskik nie.

Vraag 1.3.4

"Dui aan of u 'n vak op derdejaarsvlak in u graadkursus ingesluit het wat direk verband hou met voorligting. (Spesifiseer asb.bv. Sielkunde III)."

Tabel 5.6

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Wel so 'n vak | 57 | 43,2 |
| Nie so 'n vak | 75 | 56,8 |
| Totaal | 132 | 100 |
| Nie gerespondeer nie | 3 | 2,2 |

5.2.3.4 Analise van response

Uit die gegewens blyk dit dat van die 132 respondente 43,2% (57 uit 132) oor 'n kursus op derdejaarsvlak wat direk verband hou met beroepsleiding, bv. sielkunde III, beskik. 56,8% (75 uit 132) beskik egter nie oor sodanige kwalifikasie nie.

5.2.3.5 Interpretasie van response op vraag 1.3 (Vraag 1.3.1 tot 1.3.4).

Die response in tabel 5.3 en 5.4 toon dat die meerderheid voorligteronderwysers in die algemeen goed gekwalifiseerd is; (85,2%) 115 uit 135 beskik oor 'n graad en 37% (50 uit 135) het na-graadse kwalifikasies.

Indien daar egter gekyk word na die kwalifikasies wat deur die Wet op nasionale onderwysbeleid en onderwysopleiding van 1967 vereis word, word gevind dat die ordonnansie bepaal dat

* Alle onderwysers toepaslike opleiding moet ontvang in voorligting om in elke betrokke onderwysstadium die gepaste skoolvoorligting te kan gee.

* die onderwysers wat belas is met voorligting oor minstens een van die volgende kwalifikasies moet beskik:

- . Sielkunde III en/of
- . Opvoedkunde III en/of
- . Voorligtingsielkunde III of
- . 'n B.Ed. graad wat deur die komitee goedgekeur is (D.N.O., 1976:10).

In die lig van hierdie vereistes voldoen 42,2% (vergelyk tabel 5.6) van die voorligteronderwysers wat gerespondeer het aan die vereistes ten opsigte van bepaalde derdejaarsvakke. Indien aanvaar word dat B.Ed. (voorligting) alleen deur die komitee goedgekeur is beskik 6,7% ook oor 'n B.Ed.-graad soos deur die ordonnansie bepaal.

Op grond hiervan kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat onderwysers wat nie oor toepaslike kwalifikasies beskik nie, as voorligteronderwysers aangestel word.

63,7% van alle respondente beklee die pos D.O.L. en 'n ontleding van sy werksopdrag toon dat beroepsleiding maar een van vele pligte is (TVL, 1985:13). Die kwalifikasies wat vereis word vir die pos D.O.L. is nie noodwendig die kwalifikasies wat vir beroepsleiding vereis word nie. Omdat beroepsleiding net 'n komponent van die take van die D.O.L. is kan daar nie beweer word dat hulle nie voldoende in hulle taak as D.O.L. opgelei is indien hulle nie spesifieke opleiding in beroepsleiding gehad het nie (TVL, 1985:13).

Behalwe akademiese kwalifikasies word vir die D.O.L. ook bepaalde persoonseienskappe vereis wat die onderwyser in besonder toerus vir die gespesialiseerde taak (TVL, 1985:7).

Die geval van die gewone onderwyser wat nie noodwendig oor die kwalifikasies beskik nie en tog verantwoordelik is vir beroepsleiding, moet gesien word in die lig van die bepaling dat 'n skoolhoof van 'n onderwyser se dienste kan gebruik maak in enige hoedanigheid wat beskou word as in belang van die onderwys (TVL, 1985:3).

Tabel 5.5. toon dat 8,9% (12 uit 135) oor geen onderwysdiploma beskik nie. Die aanname kan gemaak word dat hierdie 8,9% respondente wat nie oor 'n onderwysdiploma beskik nie, wel in besit is van 'n B.A. Ed.-; B.Com.Ed.- of B.Sc. Ed.-graad.

5.2.4 Vraag 1.4

Jare diens as onderwyser en jare betrokke by beroepsleiding (Bylaag 111, vraag 1.4)

Vraag 1.4.1

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word oor hoeveel diensjare as onderwyser die respondente beskik.

"Totale aantal diensjare in die onderwys"

Tabel 5.7

| | Getal | % |
|---|---|---|
| 1 - 5 jaar diens | 19 | 14,1 |
| 6 -10 jaar diens | 29 | 21,5 |
| 11 - 20 jaar diens | 51 | 37,7 |
| 21+ jare diens | 36 | 26,7 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.2.4.1 Analise van response

'n Analise van die response in tabel 5.7 toon dat 37,7% (51 uit 135) van 11 - 20 jaar diens het, terwyl 14,1% (19 uit 135) tussen 1 en 5 jaar ervaring het.

Vraag 1.4.2

Met hierdie vraag wou daar by respondente vasgestel word hoe lank hulle alreeds by beroepsleiding betrokke is.

"Aantal jare betrokke by beroepsleiding
in sekondêre skole."

Tabel 5.8

| | Getal | % |
|---|---|---|
| 1-5 jaar betrokke by beroepsleiding | 74 | 55,3 |
| 6-10 jaar betrokke by beroepsleiding | 44 | 32,8 |
| 11-20 jaar betrokke by beroepsleiding | 14 | 10,4 |
| 21+ jaar betrokke by beroepsleiding | 2 | 1,5 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Nie respondeer nie | 1 | - |

5.2.4.2 Analise van response

Uit die vraelysresponse blyk dit dat 55,3% (74 uit 135) van 1 tot 5 jaar by beroepsleiding betrokke is, terwyl 10,4% (14 uit 135) tussen 11 en 20 jaar daarby betrokke is.

5.2.4.3 Interpretasie van response (Sluit vraag 1.4.1 en 1.4.2 in)

As 10 jaar en meer as kriterium vir ervare onderwysers beskou word, blyk dit dat 64,4% (vergelyk tabel 5.7) respondente ervare is terwyl 35,6% as onervare beskou word.

Volgens hierdie kriterium is 88,1% (118 uit 134) van al die respondente onervare in die aanbieding van beroepsleiding.

Respondente moes by vraag 1.5 aandui hoeveel personeellede in die betrokke skool vir beroepsleiding verantwoordelik is. (Bylaag 111, vraag 1.5).

> "Dui aan die getal personeellede, uself uitgesluit, wat ook beroepsleiding by u skool aanbied."

Tabel 5.9

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Een voorligteronderwyser | 54 | 41,8 |
| Twee voorligteronderwysers | 41 | 31,8 |
| Drie voorligteronderwysers | 25 | 19,4 |
| Vier voorligteronderwysers | 9 | 7,0 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.2.5.1 Analise van response

Uit die response blyk dit (vergelyk tabel 5.9) dat daar by 41,8% van die skole een voorligteronderwyser is terwyl daar by 58,2% van die skole meer as een en tot selfs 4 voorligteronderwysers is.

5.2.5.2 Interpretasie van response

Uit tabel 5.9 blyk dit dat daar by sommige hoërskole tot soveel as 4 onderwysers verantwoordelik is vir beroepsleiding. Aangesien daar hoogstens twee poste vir D.O.L. per skool kan wees sal die ander noodwendig onderwysersposte wees. Daar is dus 'n plek vir die jonger onderwyser wat wel opgelei is in beroepsleiding.

Waar daar 3 of 4 onderwysers betrek is by beroepsleiding kan daar wel probleme ontstaan. Die skole beskik moontlik nie oor die nodige beroepsleiding- en onderhoudlokale om beroepsleiding, veral die onderhoudvoering, tot sy reg te laat kom nie.

5.3 RESPONSE OP VRAE WAT HANDEL OOR DIE ONDERHOUDVAARDIGHEDE

5.3.1 Vraag 2.1

Met vraag 2.1(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die interpretasie van nie-verbale kommunikasie ag. Bylaag 111, vraag 2.1(a).

Vraag 2.1

a. "Hoe belangrik ag u die interpretasie van die nie-verbale kommunikasie wat kan plaasvind gedurende 'n onderhoud, d.w.s. liggaamshouding, gebare, geluide of 'n gesug?"

Tabel 5.10

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 100 | 74,1 |
| Belangrik | 35 | 25,9 |
| Onbelangrik | 0 | 0 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.1.1 Analise van response

74,1% (100 uit 135) van die voorligteronderwysers wat gerespondeer het beskou die korrekte interpretasie van nie-verbale kommunikasie as uiters belangrik by onderhoudvoering. Vir 25,9% is hierdie interpretasie wel belangrik terwyl geeneen dit as onbelangrik ag nie.

By die b-gedeelte van die vraag is van respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle in die interpretasie van nie-verbale kommunikasie is. (Bylaag 111 vraag 2.1(b)).

Vraag 2.1(b)

"Hoe vaardig is u in hierdie interpretasie?"

Tabel 5.11

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 43 | 32,1 |
| Redelik vaardig | 90 | 67,2 |
| Glad nie vaardig | 1 | ,7 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.1.2 Analise van response

Behalwe vir een respons beskou 32,1% (43 uit 134) hulle self as besonder vaardig en 67,2% (90 uit 134) ag hulle self as redelik vaardig in die interpretasie van nie-verbale kommunikasie.

5.3.1.3 Interpretasie van response

Die meerderheid voorligteronderwysers ag die interpretasie van nie-verbale kommunikasie besonder hoog. (Vergelyk tabel 5.10). In die geheel gesien is die aanduiding dat meeste respondente vaardig met betrekking tot die interpretasie van nie-verbale kommunikasie (Vergelyk tabel 5.11).

5.3.2 Vraag 2.2

Met vraag 2.2(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die stigting van rapport as vaardigheid beskou. (Bylaag 111, vraag 2.2(a)).

Vraag 2.2(a)

"Hoe belangrik ag u die skep van 'n gesonde emosionele klimaat gedurende die onderhoud? (Totstandkoming van rapport)."

Tabel 5.12

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 124 | 91,9 |
| Belangrik | 11 | 8,1 |
| Onbelangrik | 0 | 0 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.2.1 Analise van response

Analise van die response toon dat 91,9% (124 uit 135) van alle respondente die gesonde emosionele klimaat (totstandkoming van rapport) as van uiterste belang gedurende die onderhoud beskou.

By die b-gedeelte van die vraag is van respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle is in die stigting van rapport as onderhoudvaardigheid. (Bylaag 111, vraag 2.2(b)).

Vraag 2.2(b)

"Hoe vaardig is u daarin?"

Tabel 5.13

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 55 | 41 |
| Redelik vaardig | 77 | 57,5 |
| Glad nie vaardig | 2 | 1,5 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.2.2 Analise van response

Van al die respondente ag 57,5% (77 uit 134) hulle as redelik vaardig ten opsigte van die skep van 'n gesonde emosionele klimaat en 41% (55 uit 134) beskou hulself as besonder vaardig.

5.3.2.3 Interpretasie van response

Die vaardigheid in die totstandkoming van rapport word deur die meerderheid voorligteronderwysers as van uiterste belang beskou. (Vergelyk tabel 5.12) Die feit dat 'n groot meerderheid voorligteronderwysers nie besonder vaardig is in die stigting van rapport nie kan moontlik daaraan toegeskryf word dat voorligteronderwysers nie bewus was van hierdie vaardigheid nie, en dus nie daarin geoefen is nie.

5.3.3 Vraag 2.3

Met vraag 2.3(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die effektiewe benutting van die stilte wat soms in 'n onderhoud voorkom, ag. (Bylaag 111, vraag 2.3(a)).

Vraag 2.3(a)

a. " Hoe belangrik ag u die effektiewe benutting van die stilte wat soms in 'n onderhoud kan voorkom om tog die onderhoud te laat vlot?"

Tabel 5.14

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 52 | 38,5 |
| Belangrik | 80 | 59,3 |
| Onbelangrik | 3 | 2,2 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.3.1 Analise van response

'n Analise van die response toon dat 38,5% (52 uit 135) van die respondente hierdie vaardigheid as uiters belangrik beskou. 59,3% (80 uit 135) toon aan dat hierdie vaardigheid belangrik is terwyl 2,2% (3 uit 135) dit as onbelangrik beskou.

By die b-gedeelte van die vraag is van respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle is in die effektiewe benutting van stilte wat soms voorkom by onderhoudvoering. (Bylaag 111, vraag 2.3(b)).

Vraag 2.3(b)

"Hoe vaardig is u in die hantering van so 'n stilte?"

Tabel 5.15

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 31 | 23,1 |
| Redelik vaardig | 96 | 71,7 |
| Glad nie vaardig | 7 | 5,2 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.3.2 Analise van response

71,7% van die voorligteronderwysers wat gerespondeer het (96 uit 134) beskou hulself as redelik vaardig in die hantering van stilte in die onderhoudsituasie. 23,1% (31 uit 134) het aangedui dat hulle besonder vaardig is terwyl 5,2% (7 uit 134) meen dat hulle glad nie vaardig is in die hantering van stilte nie.

5.3.3.3 Interpretasie van response

Na aanleiding van die response in tabel 5.14 blyk dit dat hierdie vaardigheid deur die minderheid as van uiterste belang geag word. Die meerderheid respondente beskou hulself ook nie besonder vaardig nie. (Vergelyk tabel 5.15). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die belangrikheid nie besef word nie en dat daar nie gereeld van hierdie vaardigheid gebruik gemaak word nie.

5.3.4 Vraag 2.4

Met vraag 2.4(a) moes daar by die respondente vasgestel word hoe belangrik hulle onbevooroordeeldheid in die onderhoudsituasie ag. (Bylaag 111, vraag 2.4

Vraag 2.4(a)

"Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser onbevooroordeeld, sonder 'n sweem van kritiek of ongeduld, aan die onderhoud deelneem?"

Tabel 5.16

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 122 | 90,4 |
| Belangrik | 13 | 9,6 |
| Onbelangrik | 0 | 0 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.4.1 Analise van response

90,4% van die respondente (122 uit 135) het hierdie vaardigheid as uiters belangrik beskou, terwyl 9,6% (13 uit 135) dit as belangrik en geen respondente hierdie vaardigheid as onbelangrik beskou nie.

By die b-gedeelte van die vraag is dit van die respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle is om 'n onbevooroordeelde houding in te neem by die onderhoud. (Bylaag 111, vraag 2.4(b)).

Vraag 2.4(b)

"Hoe vaardig is u om so onbevooroordeeld op te tree?"

Tabel 5.17

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 67 | 50 |
| Redelik vaardig | 65 | 48,5 |
| Glad nie vaardig | 2 | 1,5 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.4.2 Analise van response

50% van die respondente (67 uit 134) het aangedui dat hulle besonder vaardig is om 'n onbevooroordeelde houding in te neem by die onderhoud. 48,5%

(65 uit 134) beskou hulself as redelik vaardig terwyl 1,5% (2 uit 134) glad nie vaardig is nie.

5.3.4.3 Interpretasie van response

Die groot meerderheid respondente voel sterk vir 'n onbevoooroordeelde houding tydens die onderhoud maar is waarskynlik nie vaardig genoeg in die hantering daarvan nie.

5.3.5 Vraag 2.5

Met vraag 2.5(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle luister as vaardigheid beskou. (Bylaag 111, vraag 2.5(a)).

Vraag 2.5(a)

a. "Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser aandagtig moet luister na wat die kind sê?"

Tabel 5.18

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 132 | 97,8 |
| Belangrik | 3 | 2,2 |
| Onbelangrik | 0 | 0 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.5.1 Analise van response

Volgens tabel 5.18 het 97,8% (132 uit 135) van die respondente die vaardigheid om te luister as van uiterste belang beskou terwyl 2,2% (3 uit 135) dit net belangrik ag.

By die b-gedeelte van die vraag is dit van die respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle is om effektief te luister. (Bylaag 111, vraag 2.5(b)).

Vraag 2.5(b)

b. "Hoe vaardig is u om aandagtig te luister?"

Tabel 5.19

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 104 | 77,6 |
| Redelik vaardig | 30 | 22,4 |
| Glad nie vaardig | 0 | 0 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.5.2 Analise van response

Uit die vraelysresponse blyk dit dat 77,6% van die aanbieders van beroepsleiding (104 uit 134) hulself as besonder vaardig beskou om aandagtig te luister, terwyl 22,4% (30 uit 134) aangedui het dat hulle redelik vaardig is. (Vergelyk tabel 5.19).

5.3.5.3 Interpretasie van response

Die meerderheid voorligteronderwysers beskou luister as van uiterste belang. (Vergelyk tabel 5.18). Die onderwyser is daagliks in 'n luisterverhouding tot die leerlinge betrokke en daarom ook dat die meerderheid voorligteronderwysers hulle as besonder vaardig beskou in die hantering van luister as onderhoudvaardigheid.

5.3.6 Vraag 2.6

Met vraag 2.6(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle begrip vir die kind se situasie ag sonder om self emosioneel betrokke te raak. (Bylaag 111, vraag 2.6(a)).

Vraag 2.6(a)

"Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser begrip vir die kind se situasie sal hê sonder om self emosioneel betrokke te raak?" (Empatie)

Tabel 5.20

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 103 | 76,3 |
| Belangrik | 31 | 23 |
| Onbelangrik | 1 | 0,7 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.6.1 Analise van response

Volgens die vraelysresponse ag 76,3% (103 uit 135) respondente empatie uiters belangrik terwyl dit by 23% (31 uit 135) nie die geval is nie.

By die b-gedeelte is van respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle in die hantering van empatie is. (Bylaag 111, vraag 2.6(b)).

Vraag 2.6(b)

"Hoe vaardig is u daarin om begrip van die kind se situasie te hê sonder om self emosioneel betrokke te raak?"

Tabel 5.21

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 30 | 22,4 |
| Redelik vaardig | 103 | 76,9 |
| Glad nie vaardig | 1 | 0,7 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.6.2 Analise van response

Die response in tabel 5.21 toon dat 76,9% (103 uit 134) respondente hulle as redelik vaardig beskou teenoor 22,4% (30 uit 135) wat hulself as besonder vaardig beskou. (Tabel 5.21).

5.3.6.3 Interpretasie van response

Die feit dat die meerderheid respondente sê dat hulle begrip het vir die kind se situasie toon hoe belangrik hulle dit ag. (Vergelyk tabel 5.20). 'n Verdere afleiding is dat die meerderheid voorligteronderwysers nie voldoende opleiding ontvang het in die hantering van die vaardigheid nie.

5.3.7 Vraag 2.7

Met vraag 2.7(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik waarneming as vaardigheid deur hulle beskou word. (Bylaag 111, vraag 2.7(a)).

Vraag 2.7(a)

"Hoe belangrik ag u dit dat die voorligteronderwyser die gebeure wat in die onderhoud voorkom waarneem en dit dan in die konteks van die gebeure objektief beoordeel? (Persepsie)"

Tabel 5.22

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 103 | 76,3 |
| Belangrik | 31 | 23,0 |
| Onbelangrik | 1 | 0,7 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.7.1 Analise van response

Volgens die vraelysresponse (Tabel 5.22) beskou 76,3% (103 uit 135) van die voorligteronderwysers die vaardigheid om waar te neem as van uiterste belang terwyl 23,7% (32 uit 135) dit nie so belangrik ag nie.

By die b-gedeelte van die vraag is dit van die respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle is in die hantering van waarneming as onderhoudvaardigheid. (Bylaag 111 vraag 2.7(b)).

Vraag 2.7(b)

"Hoe vaardig is u om die gebeure soos in 2.7(a) beskryf waar te neem en objektief te beoordeel?"

Tabel 5.23

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 30 | 22,4 |
| Redelik vaardig | 103 | 76,9 |
| Glad nie vaardig | 1 | 0,7 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.7.2 Analise van response

'n Analise van die response toon dat 76,9% (103 uit 134) van die voorligter-onderwysers wat gerespondeer het, redelik vaardig is in die hantering van waarneming as onderhoudvaardigheid terwyl 22,4% (30 uit 134) hulself as besonder vaardig beskou. (Vergelyk tabel 5.23).

5.3.7.3 Interpretasie van response

Alhoewel die meerderheid voorligteronderwysers (Vergelyk tabel 5.22) die korrekte waarneming by onderhoudvoering as baie belangrik ag, is dit opvallend dat 76,9% van die respondente nie besonder vaardig is nie. Hierdie gebrek aan vaardigheid kan waarskynlik as gevolg van onvoldoende opleiding wees.

5.3.8 Vraag 2.8

Met vraag 2.8(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die gebruik van 'n samevatting as onderhoudvaardigheid ag. (Bylaag 111, vraag 2.8(a)).

Vraag 2.8(a)

> "Hoe belangrik ag u dit dat die voorligter-
> onderwyser gegewens wat hy gedurende die
> onderhoud ingesamel het moet saamvat sodat
> die kind die indrukke wat hy van hom het
> kan verifieer?"

Tabel 5.24

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 82 | 60,7 |
| Belangrik | 53 | 39,3 |
| Onbelangrik | 0 | 0 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.8.1 Analise van response

Van die 135 respondente beskou 60,7% (82 uit 135) die gee van 'n samevatting van die gegewens wat verkry is uit die beroepsleidingsonderhoud, as van uiterste belang.

By die b-gedeelte van die vraag is dit van die respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle is in die gee van 'n samevatting by die beroepsleidingsonderhoud.

Vraag 2.8(b)

"Hoe vaardig is u daarin om so 'n samevatting te gee?"

Tabel 5.25

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 34 | 25,7 |
| Redelik vaardig | 95 | 72,0 |
| Glad nie vaardig | 3 | 2,3 |
| Totaal | 132 | 100 |
| Geen respons | 3 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.8.2 Analise van response

Uit 'n analise van die vraelysresponse blyk dit dat 72,0% (95 uit 132) hulself as redelik vaardig ag in die hantering van "samevatting" as onderhoudvaardigheid. Drie respondente het aangedui dat hulle glad nie vaardig is nie.

5.3.8.3 Interpretasie van response

Uit die gegewens uit tabel 5.24 kan afgelei word dat daar 'n groep voorligter-onderwysers is wat nie die belangrikheid van hierdie vaardigheid besef nie. Die meerderheid van die voorligteronderwysers het ook aangedui dat hulle nie besonder vaardig is in die hantering van hierdie vaardigheid nie. (Vergelyk tabel 2.25) Die oorsaak kan lê in die beperkte tyd wat vir onderhoude beskikbaar is. Die voorligteronderwyser is haastig omdat hy te veel gevalle moet hanteer.

5.3.9 Vraag 2.9

Met vraag 2.9(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die stel van oop of geslote vrae tydens die onderhoud ag. (Bylaag 111, vraag 2.9(a)).

Vraag 2.9(a)

"Hoe belangrik ag u dit dat die voorligter-onderwyser gedurende die onderhoud moet weet of hy 'n oop of 'n geslote vraag moet vra? Voorbeeld van geslote vraag: Was jy by toe die ongeluk gebeur het?

Voorbeeld van oop vraag: "Jy was by toe die ongeluk plaasgevind het. Wat het gebeur?"

Tabel 5.26

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 74 | 54,8 |
| Belangrik | 53 | 39,3 |
| Onbelangrik | 8 | 5,9 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.9.1 Analise van response

Die gegewens in tabel 5.26 toon dat 54,8% (74 uit 135) van die respondente die stel van 'n oop of geslote vraag as uiters belangrik ag. 5,9% (8 uit 135) ag dit as onbelangrik.

By die b-gedeelte van die vraag is dit van respondente verwag om aan te toon hoe vaardig hulle hulself ag om 'n besluit te neem of 'n oop of geslote vraag gevra moet word gedurende die onderhoud. (Bylaag 111, vraag 2.9(b)).

Vraag 2.9(b)

"Hoe vaardig beskou u uself om te besluit of u 'n oop of 'n geslote vraag moet vra?"

Tabel 5.27

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 29 | 21,7 |
| Redelik vaardig | 83 | 61,9 |
| Glad nie vaardig | 22 | 16,4 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.9.2 Analise van response

Volgens die vraelysresponse ag 61,9% (83 uit 134) van die respondente hulself as redelik vaardig met betrekking tot die stel van oop of geslote vrae gedurende die onderhoud terwyl 16,4% (22 uit 134) hulself glad nie vaardig in die stel van 'n oop of geslote vraag ag nie.

5.3.9.3 Interpretasie van response

Die response in tabel 5.26 toon dat 45,2% van die voorligteronderwysers die stel van 'n oop of geslote vraag as nie van uiterste belang beskou nie. Hierdie voorligteronderwysers besef moontlik nie hoe belangrik die formulering van vrae in die onderhoud is nie. Die meerderheid ondervind probleme met die stel van vrae. Dit kan moontlik toegeskryf word dat daar by die opleiding nie voldoende aandag gegee is aan vraagstelling nie.

5.3.10 Vraag 2.10.1

Met vraag 2.10.1(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die interpretasie van gegewens verkry uit voogverslae, ag. (Bylaag 111, vraag 2.10.1(a)).

Vraag 2.10.1(a)

"Hoe belangrik ag u die korrekte interpretasie van gegewens verkry uit die onderstaande dokumente:
Voogverslae:"

Tabel 5.28

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 100 | 74,1 |
| Belangrik | 34 | 25,2 |
| Onbelangrik | 1 | 0,7 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.10.1 Analise van response

74,1% (100 uit 135) van die respondente beskou die korrekte interpretasie van voogverslae as uiters belangrik en een respondent ag dit glad nie belangrik nie. (Vergelyk tabel 5.28).

By die b-gedeelte van die vraag is dit van die respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle is in die interpretasie van gegewens verkry uit die voogverslae van skoolverlaters. (Bylaag 111, vraag 2.10.1(b)).

Vraag 2.10.1(b)

"Hoe vaardig beskou u uself daarin?"

Tabel 5.29

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 64 | 47,8 |
| Redelik vaardig | 68 | 50,7 |
| Glad nie vaardig | 1 | 1,5 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.10.2 Analise van response

Van al die respondente ag 47,8% (64 uit 134) hulself as besonder vaardig terwyl 50,7% (68 uit 134) aandui dat hulle redelik vaardig is in die interpretasie van die gegewens verkry uit die voogverslae.

5.3.10.3 Interpretasie van response

25,9% van die voorligteronderwysers besef moontlik nie die waarde van inligting verkry uit die voogverslae nie. Hierdie toedrag van sake kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle nie intensief van voogverslae gebruik maak nie.

Die vraag ontstaan of hierdie voorligteronderwysers voldoende opleiding ontvang het in hierdie vaardigheid sodat hulle die gegewens uit voogverslae met welslae kan hanteer.

5.3.10.4 Vraag 2.10.2

Met vraag 2.10.2(a) moes daar by respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die interpretasie van gegewens verkry uit die kumulatiewe verslagkaarte, ag. (Bylaag 111, vraag 2.10.2(a)).

Vraag 2.10.2(a)

"Kumulatiewe verslagkaart (Ed.Lab.)"

Tabel 5.30

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 102 | 75,6 |
| Belangrik | 31 | 23,0 |
| Onbelangrik | 2 | 1,4 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.10.5 Analise van response

Vraelysresponse toon dat 75,6% (102 uit 135) van die respondente die interpretasie van gegewens verkry uit die kumulatiewe verslagkaarte as uiters belangrik beskou terwyl 1,4% (2 uit 135) van die respondente dit as onbelangrik beskou.

By die b-gedeelte van die vraag is dit van respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle in die interpretasie van gegewens verkry uit die kumulatiewe verslagkaart, is. (Bylaag 111, vraag 2.10.2(b)).

Vraag 2.10.2(b)

"Hoe vaardig beskou u uself?"

Tabel 5.31

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 64 | 47,8 |
| Redelik vaardig | 69 | 51,5 |
| Glad nie vaardig | 1 | 0,7 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.10.6 Analise van response

Vraelysresponse toon dat 47,8% (64 uit 134) van die respondente hulself besonder vaardig ag in die hantering van die inligting verkry uit die kumulatiewe verslagkaart. 51,8% (69 uit 134) het aangetoon dat hulle redelik vaardig is terwyl een respondent meen hy is glad nie vaardig nie (vergelyk tabel 5.31).

5.3.10.7 Interpretasie van response

Die gegewens verkry uit tabel 5.30 toon dat die meerderheid, naamlik 75,6% van die voorligteronderwysers die korrekte interpretasie van inligting verkry uit die kumulatiewe verslagkaart as van uiterste belang ag. Hierdie respons kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die voorligteronderwysers meer geredelik gebruik maak van die kumulatiewe verslagkaart as bron van inligting. Hierteenoor toon tabel 5.31 dat daar 'n groot getal voorligteronderwysers is wat nie besonder vaardig in die interpretasie van gegewens uit die kumulatiewe verslagkaart is nie. Aangesien hierdie dokument altyd beskikbaar is vir die voorligteronderwyser ontstaan die vraag of daar wel genoegsaam van hierdie bron van inligting gebruik gemaak word.

5.3.10.8 Vraag 2.10.3

Met vraag 2.10.3(a) moes daar by die respondente vasgestel word hoe belangrik hulle die interpretasie van gegewens verkry uit die persoonlike beroepsleidinglêer van leerlinge ag. (Bylaag 111, vraag 2.10.3(a)).

Vraag 2.10.3(a)

"Persoonlike beroepsleidinglêer van leerlinge
(Sluit in outobiografieë, anekdotiese verslae,
maar veral die T.O.D. 78)"

Tabel 5.32

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Uiters belangrik | 87 | 64,5 |
| Belangrik | 47 | 34,8 |
| Onbelangrik | 1 | 0,7 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.3.10.9 Analise van response

Uit die vraelysresponse blyk dit dat 64,5% (87 uit 135) van die respondente die interpretasie van gegewens verkry uit die persoonlike beroepsleidinglêer van leerlinge as van uiterste belang ag. Een respondent beskou dit as onbelangrik.

By die b-gedeelte van die vraag is dit van respondente verwag om aan te dui hoe vaardig hulle in die interpretasie van gegewens verkry uit die persoonlike beroepsleidinglêer, is. (Bylaag 111, vraag 2.10.2(b)).

Vraag 2.10.3(b)

"Hoe vaardig beskou u uself?"

Tabel 5.33

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Besonder vaardig | 57 | 42,5 |
| Redelik vaardig | 72 | 53,7 |
| Glad nie vaardig | 5 | 3,8 |
| Totaal | 134 | 100 |
| Geen respons | 1 | - |
| Totaal | 135 | - |

5.3.10.10 Analise van response

Vraelysresponse toon dat 53,7% (72 uit 134) van die respondente h redelik vaardig beskou in die interpretasie van gegewens verkry uit die persoonlike beroepsleidinglêer van die skoolverlater. 3,8% (5 uit 134) respondente het aangedui dat hulle glad nie vaardig is nie. (Vergelyk tabel 5.33).

5.3.10.11 Interpretasie van response

Na aanleiding van response uit tabel 5.32 kan afgelei word dat 35,5% van die voorligteronderwysers nie die belangrikheid van die beroepsleidinglêer en veral ten opsigte van die T.O.D. 78 besef nie. Volgens die response in tabel 5.33 is 57,5% (77 uit 134) van die voorligteronderwysers redelik of selfs glad nie vaardig in die interpretasie van inligting verkry uit die persoonlike beroepsleidinglêer van die skoolverlater nie.

Die moontlikheid bestaan dat die voorligteronderwyser nie van hierdie dokument by onderhoudvoering gebruik maak nie, omdat hy moontlik nie goed genoeg in die hantering van die inligting uit hierdie dokument verkry, onderlê is nie.

5.4 RESPONDENTE SE RESPONSE OP VRAE OOR OPLEIDING

5.4.1 Vraag 3.1

Met vraag 3.1 is daar by respondente vasgestel of hulle enige opleiding in bostaande onderhoudvaardighede gehad het. (Bylaag 111, vraag 3.1).

Vraag 3.1

"Het u enige opleiding gehad in bostaande onderhoudvaardighede?"

Tabel 5.34

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Getal met opleiding | 59 | 43,7 |
| Getal sonder opleiding | 76 | 56,3 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.4.1.1 Analise van response

Uit die response blyk dit dat 43,7% (59 uit 135) van die voorligteronderwysers opleiding in onderhoudvaardighede ontvang het teenoor 56,3% (76 uit 135) wat geen opleiding ontvang het nie. (Vergelyk tabel 5.34).

5.4.2 Vraag 3.2

Vraag 3.2 het respondente se mening getoets oor 'n opleidingsprogram in onderhoudvaardighede. (Bylaag 111, vraag 3.2)

By die a-gedeelte van die vraag moes respondente aandui of hulle ten gunste is van 'n opleidingsprogram vir diensdoende voorligteronderwysers. (Bylaag 111, vraag 3.2(a)).

Vraag 3.2(a)

"Sou u ten gunste wees van 'n opleidingsprogram gerig op hierdie onderhoudvaardighede.

(a) vir die diensdoende voorligteronderwyser met die oog op inskerping van hierdie vaardighede"

Tabel 5.35

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Belangstelling in addisionele opleiding | 130 | 96,3 |
| Geen belangstelling | 5 | 3,7 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.4.2.1 Analise van response

Die response in tabel 5.35 toon dat 96,3% (130 uit 135) van die voorligteronderwysers wat gerespondeer het, belangstel in addisionele opleiding in die hantering van die onderhoudvaardighede. Net 5 respondente stel nie in addisionele opleiding belang nie.

Vraag 3.2(b) het respondente se mening in verband met die opleiding van voorligteronderwysstudente in onderhoudvaardighede bepaal. (Bylaag 111, vraag 3.2(b)).

Vraag 3.2(b)

"Vir studente wat hulle voorberei as toekomstige voorligteronderwysers."

Tabel 5.36

| | Getal | % |
|---|---|---|
| Ten gunste van so 'n program | 134 | 99,3 |
| Nie ten gunste van so 'n program | 1 | 0,7 |
| Totaal | 135 | 100 |

5.4.2.2 Analise van response

Die gegewens in tabel 5.36 toon dat 99,3% (134 uit 135) ten gunste is daarvan dat opleiding in onderhoudvaardighede deel moet vorm van die opleidingsprogram vir toekomstige voorligteronderwysers. Een respondent is nie ten gunste van so 'n program nie.

5.4.2.3 Interpretasie van response

Die response in tabelle 5.34, 5.35 en 5.36 toon duidelik dat die voorligteronderwysers wat respondeer het skynbaar ontoereikende opleiding en selfs geen opleiding in onderhoudvaardighede ontvang het nie. Indien hulle wel die nodige opleiding ontvang het, sou daar nie so 'n groot behoefte aan opleiding gewees het nie.

Die afleiding kan dus gemaak word dat by die aanvanklike opleiding van voorligteronderwysers nie voldoende aandag aan opleiding in die onderhoudvaardighede geskenk is nie.

Indien daar aangeneem word dat die voorligteronderwysers nie oor genoeg kennis beskik rakende die onderhoudvaardighede nie, is dit onvermydelik dat die belangrikheid van hierdie vaardighede grootliks onderskat sal word.

Uit voorgaande sal ook noodwendig voortvloei dat sommige van die respondente nie vaardig sal wees in die hantering van die onderhoudvaardighede nie.

5.5 SAMEVATTING

Met die analise van die gegewens verkry uit die empiriese ondersoek blyk dit dat die voorligteronderwysers oorwegend mans is, en dat die meerderheid deel uitmaak van die bestuursspan van die skole. Verder blyk dit ook dat die meerderheid voorligteronderwysers nie oor die nodige kwalifikasies beskik om as voorligteronderwyser op te tree nie. Die voorligteronderwysers is grootliks ervare sover dit die aantal diensjare as onderwyser betref maar in soverre dit die ervaring as voorligteronderwysers aangaan is die meeste redelik onervare. Die meeste van die geïdentifiseerde onderhoudvaardighede word nie as uiters belangrik beskou nie, terwyl die grootste gedeelte van die respondente hulself slegs as redelik vaardig beskou in die hantering

van die vaardighede. Die meerderheid respondente stel belang in addissionele opleiding en daar bestaan 'n baie sterk gevoel by voorligteronderwysers dat daar by die aanvanklike opleiding ook opleiding in onderhoudvaardighede gegee moet word.

In hoofstuk 6 volg 'n samevatting van inligting verkry uit die literatuurstudie sowel as dié verkry uit die empiriese ondersoek. Daarna volg enkele gevolgtrekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDING

Ten einde die hele saak van onderhoudvaardighede by beroepsleiding aan skoolverlaters in perspektief te plaas, was dit eerstens nodig om die tema vanuit die literatuur te bestudeer. Tweedens is empiries vasgestel in hoeverre die voorligteronderwyser kennis het, en vaardig is in die hantering van die algemene vaardighede en meer spesifiek ook daardie vaardigheid wat eie is aan die onderhoud by beroepsleiding aan die skoolverlater.

Nadat die samevatting van die literatuurstudie en empiriese ondersoek aangebied is, sal gevolgtrekkings waartoe gekom is, aangebied word. In die lig van beide die literatuurstudie en empiriese ondersoek sal daar enkele aanbevelings gemaak word.

### 6.2 PROBLEEMSTELLING (par. 1.1)

Waarneming en navrae het aan die lig gebring dat nie al die voorligteronderwysers aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal vaardig is met betrekking tot onderhoudvoering nie.

Daar moes bepaal word oor watter vaardighede die voorligteronderwyser moet beskik en in watter mate hy vaardig in onderhoudvoering is.

### 6.3 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK (par. 1.2)

Die doel van die studie was om:

* algemeen geldende en

* spesifieke onderhoudvaardighede wat eie is aan die beroepsleidingsituasie te identifiseer en dan

* te bepaal hoe belangrik voorligteronderwysers verbonde aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal die onderhoudvaardighede ag en in watter mate hulle daarin vaardig is.

## 6.4 BEGRIPVERKLARING (par. 1.3)

### 6.4.1 Onderhoudvaardigheid

Daar is aangetoon dat die begrip onderhoudvaardigheid beide kennis en behendige hantering van die vaardighede impliseer.

## 6.5 METODE VAN ONDERSOEK (par. 1.4)

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek.

## 6.6 BEROEPSLEIDING AS KOMPONENT VAN VOORLIGTING (Hoofstuk 2 par. 2.1)

Hier is aangedui dat voorligting bestaan uit die komponente persoonlikheidsvoorligting, opvoedkundige voorligting en beroepsleiding maar dat laasgenoemde ten nouste saamhang met die ander. Verder is daar aangetoon dat by die indiwidualisering van beroepsleiding aan 'n skoolverlater daar sprake van berading kan wees.

## 6.7 DIE BEGRIP ONDERHOUD (par. 2.2)

Die beskouings van Kahn en Cannel, Fenlason, Mackay en Downs et al. oor die begrip onderhoud is ondersoek en beskryf. Uit die beskrywings blyk dit dat 'n onderhoud 'n dinamiese karakter het; daar bestaan kommunikasie tussen twee persone wat beide verbaal en nie-verbaal kan wees; daar vind 'n interaksie plaas en veroorsaak dus wedersydse beïnvloeding. Die onderhoud is doelgerig.

## 6.8 GEBEURE IN DIE ONDERHOUD BY BEROEPSLEIDING AAN DIE SKOOLVERLATER (par. 2.3)

### 6.8.1 Probleemidentifisering as 'n gebeure in die onderhoud

Dit behels die identifisering van die probleem wat impliseer dat daar deur berading inligting van die skoolverlater ingewin word. Dit kan ook die verkenningsgebeure in die onderhoud by beroepsleiding aan die skoolverlater genoem word.

### 6.8.2 Inligting aan die skoolverlater as gebeure in die onderhoud

Hier is dit die taak van die voorligteronderwyser om die nodige inligting op 'n wetenskaplike wyse, doelgerig aan die skoolverlater beskikbaar te stel.

6.8.3 Korrelering van die kennis van die kind met die kennis oor die beroepswêreld as gebeure in die onderhoud

Dit is die taak van die voorligteronderwyser om die kennis van die skoolverlater met die vereistes van 'n beroep of beroepe te korreleer.

## 6.9 DIE ONDERHOUD BESKOU VANUIT 'N OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF (par. 2.4)

Daar is kortliks verwys na die begrip opvoeding en daarvolgens is die gebeure in die onderhoud beoordeel. Die doel van die onderhoud by beroepsleiding is die steungewing aan die skoolverlater wat lei tot sy volwassewording. Die onderhoud by beroepsleiding impliseer 'n opvoedingsituasie omdat daar 'n opvoeder en 'n opvoedeling teenoor mekaar staan. Daar vind 'n interaksie plaas waarmee die voorligteronderwyser die skoolverlater lei tot beroepsvolwassenheid en dus ook wasdom, Gedurende die onderhoud staan die voorligteronderwyser en die skoolverlater in 'n kenverhouding, vertrouensverhouding en gesagsverhouding tot mekaar.

## 6.10 METODES VAN ONDERHOUDVOERING BY BEROEPSLEIDING AAN SKOOLVERLATERS (par.2.5)

Hier is verwys na die direktiewe en nie-direktiewe metode van onderhoudvoering. Daar is verder aangetoon dat daar 'n kombinasie van beide metodes (eklektiese metode) bestaan. Die besluit van watter metode gebruik moet word sal afhang van die persoonlikheid van die voorligteronderwyser. Die oogmerk van die onderhoud en die verhouding tussen die voorligteronderwyser en die skoolverlater kan ook hierdie besluit beïnvloed.

## 6.11 DIE GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE ONDERHOUD (Par. 2.6)

Uit die literatuur blyk dit dat daar nie eenstemmigheid is ten aansien van die geldig- en betroubaarheid van die onderhoud nie. Desnieteenstaande is die onderhoud die mees gebruikte instrument in die hande van die gedragswetenskappe, en kan met die behoorlike gebruik daarvan tog positiewe resultate verkry word.

## 6.12 DIE OPLEIBAARHEID VAN VOORLIGTERONDERWYSERS IN ONDERHOUDVOERING (Par. 2.7)

Alhoewel daar meningsverskille in die literatuur voorkom, kan daar tog tot die slotsom gekom word dat onderhoudvoering 'n kuns is, dat daardie vaardighede wat betrek is by onderhoudvoering wel deur inoefening bemeester kan word.

6.13 ONDERHOUDVAARDIGHEDE

In hoofstuk 3 is van die belangrikste algemene vaardighede wat nodig is vir die suksesvolle verloop van die onderhoud bespreek. Verder is daar ook na 'n spesifieke vaardigheid, naamlik interpretasie van inligting verkry uit verslae, gekyk.

Daar word in die literatuur onderskeid getref tussen die volgende vernaamste vaardighede.

6.13.1 Kommunikasie (Par. 3.2)

Hier word veral onderskei tussen verbale en nie-verbale kommunikasie. Ten aansien van die verbale kommunikasie is dit nodig om die taal wat gebesig word in die konteks van die onderhoud te beoordeel en te gebruik. Wat die nie-verbale kommunikasie betref kom hierdie vorm van kommunikasie veral na vore by die uitdruk van emosie. Daar is op gewys dat beide die verbale en nie-verbale kommunikasie as totaal en nie as verdeelbare eenhede gehanteer moet word.

6.13.2 Luister

Om te luister word deur meeste skrywers beskou as die geleentheid om die kliënt te leer ken. Deur te luister word die geleentheid geskep vir die kliënt om te praat. Daar word in die literatuur onderskei tussen marginale luister, evaluerende luister en projektiewe luister.

6.13.3 Rapport (Par. 3.4)

Vir die sukses van 'n onderhoud is die skepping van 'n gesonde emosionele klimaat van kardinale belang. Die onderhoudvoerder moet die kliënt aanvaar soos hy is, en hierdie houding moet gedurende die hele onderhoud gehandhaaf word.

6.13.4 Stilte (Par. 3.5)

Hierdie stilte verwys na die tydperk wat die onderhoudvoerder wag om die

respondent die geleentheid te gee om te begin praat of die gesprek voort te sit. Daar word onderskei tussen stilte wat geïnisieer word deur onderhoudvoerder en dié geïnisieer deur die kliënt.

6.13.5 Waarneming (Par. 3.6)

Wat waarneming betref stel die meeste skrywers dat hierdie waarneming perseptueel van aard moet wees. Die interpretasie van wat waargeneem word is belangriker as die waarneming self. Die emosionele faktore is by alle onderhoude teenwoordig en die simptome daarvan moet in die konteks van die onderhoud beoordeel en interpreteer word.

6.13.6 Empatie (Par. 3.7)

Hierdie vaardigheid omsluit die vermoë wat die mens besit om hom in die plek van die ander te stel, sodat hy begrip kan hê vir die ander persoon se gevoelens maar met die voorwaarde dat die onderhoudvoerder nie self emosioneel betrokke raak nie.

6.13.7 Houding (Par. 3.8)

Die sukses van die onderhoud sal grootliks bepaal word deur die houding wat die onderhoudvoerder inneem teenoor die kliënt. Enige optrede van die onderhoudvoerder wat 'n konflik of botsende opinie teweeg bring sal daardie noodsaaklike verhouding tussen die partye vertroebel.

6.13.8 Vraagstelling (par. 3.9)

Die formulering en stel van die vrae is die werktuig waarmee die onderhoudvoerder werk en daarom is dit nodig dat die vrae met die grootste omsigtigheid gestel moet word. Daar word in die literatuur grootliks onderskei tussen geslote en oop vrae. Watter tipe vraag gestel word kan beïnvloed word deur verskillende faktore soos die doel van die onderhoud, die vermoë van die kliënt om antwoorde te formuleer, ens. Beide die geslote en oop vraag kan met vrug gebruik word in die onderhoud.

6.13.9 Interpretasie van verslae (Par. 3.10)

Hierdie vaardigheid is uniek in die beroepsleidingsituasie omdat die voorligter-

onderwyser oor 'n magdom gegewens beskik wat normaalweg nie by ander gedragswetenskappe voorkom nie. Daar word onderskei tussen inligting verkry uit verslae deur onderwysers opgestel en inligting deur die kind self verskaf.

6.13.10 Die gebruik van die "samevatting" (Par 3.11)

Die dinamiese verloop van 'n onderhoud is altyd gerig op die doel. Deur 'n opsomming of samevatting kry die kliënt die geleentheid om die gegewens wat verkry is te verifieer en kan saam in die rigting beweeg word wat albei die betrokke partye bevredig.

6.14.1 Die doel van die empiriese ondersoek (Par. 4.2)

In hoofstuk 4 is die doel van die ondersoek gestel naamlik om empiries

* te bepaal hoe belangrik voorligteronderwysers verbonde aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal die geïdentifiseerde onderhoudvaardighede ag en

* hoe goed hulle in die gebruik daarvan is.

6.14.2 Enkele ondersoekmetodes en keuse van die uiteindelike ondersoekmetode (Par 4.3)

Daar is gekyk na die onderhoud en vraelys as ondersoekmetode. Die voor- en nadele van die onderhoud as ondersoekmetode is beskrywe. (Par 4.3.1) Die vraelys as ondersoekmetode is bespreek. Daar is na die voor- en nadele van die vraelys as navorsingsmetode verwys. (Par. 4.3.2)

6.14.3 Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode (Par. 4.4)

In paragraaf 4.4. is die ontwerp van 'n vraelys as empiriese navorsingsmetode bespreek. By die veelkeusige vrae waar nie vir die respondent se keuse voorsiening gemaak is nie, sal 'n item "ander" ingesluit word.

In paragraaf 4.4.2 is aangetoon dat die vraelys anoniem beantwoord sal word, dat 'n voorlopige vraelys opgestel moet word en 'n loodsstudie onderneem moet word. (Par. 4.4.3) Die vraelys is saam met 'n begeleidende brief aan respondente gestuur nadat toestemming verkry is van die Transvaalse onderwysdepartement

om die ondersoek te mag doen. (Par. 4.4.4. en Par. 4.4.5) Vervolgens is die terugontvangste en opvolgbrief bespreek. (Par. 4.4.6)

6.14.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

6.14.4.1 Keuse van proefpersone

Daar is besluit om die personeellid wat verantwoordelik is vir beroepsleiding aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal, by die ondersoek te betrek

6.14.4.2 Samestelling van die vraelys (Par. 4.6)

In paragraaf 4.6.1 is die motivering en ontwerp van die vraelys gestel en in paragraaf 4.6.2 is die keuse van die soorte items in die vraelys bespreek.

6.14.4.3 Die motivering en eerste redaksie van die vraelys

Met par. 4.6.3.1 is elke item van die vraelys volledig gemotiveer en in par. 4.6.3.2 is die eerste redaksie van die vraelys volledig bespreek.

In par. 4.7 is die tweede redaksie bespreek, die nodige wysiginge op die vraelys is gedoen en vraelys is tesame met die begeleidende brief aan respondente gestuur.

6.14.4.4 Terugontvangste (Par. 4.11)

Van die 170 vraelyste wat uitgestuur is, nadat 'n opvolgbrief uitgestuur is, het 135 van die 170 voorligteronderwysers gerespondeer wat 'n aanvaarde 79,4% opgelewer het.

6.14.4.5 Verwerking van vraelys response (Par. 4.12)

Die response is volgens die SAS-program gerekenariseer.

6.15 BIOGRAFIESE BESONDERHEDE IN VERBAND MET RESPONDENTE (Hoofstuk 5 par. 5.2)

6.15.1 Geslag (Par. 5.2.1)

Die response het getoon dat die manlike voorligteronderwyser oorwegend in die meerderheid is.

6.15.2 Huidige pos (par. 5.2.2)

Die response het getoon dat die meerderheid voorligteronderwysers deel is van die bestuurspan van 'n skool.

6.15.3 Kwalifikasies (par. 5.2.3)

Uit die response is afgelei dat voorligteronderwysers oor die algemeen oor hoë kwalifikasies dit wil sê 'n B-graad en hoër beskik, maar volgens die wetlike vereistes wat gestel word vir voorligteronderwysers voldoen die meerderheid van voorligteronderwysers nie aan die minimum vereistes nie.

6.15.4 Jare ervaring (par. 5.2.4)

Die ondersoek toon dat die meerderheid voorligteronderwysers ervare onderwysers is, maar wat betref die aanbieding van beroepsleiding is hulle oorwegend onervare.

6.15.5 Getal personeel betrokke by beroepsleiding (par. 5.2.5)

Die ondersoek toon dat by 'n groot aantal sekondêre skole daar slegs een voorligteronderwyser is wat oor die algemeen gekoppel aan die pos D.O.L. By 'n groep skole is daar meer as een voorligteronderwyser, wat dus die geleentheid bied vir 'n onderwyser, uitgesonderd die D.O.L., om beroepsleiding aan te bied. Dit bied dus vir die beginnervoorligteronderwyser die geleentheid om by toetrede tot die onderwysberoep verantwoordelik te wees vir 'n gedeelte van die beroepsleiding by die betrokke skool.

6.15.6 RESPONDENTE SE RESPONSE OP VRAE WAT HANDEL OOR ONDERHOUDVAARDIGHEDE (par. 5.3.1)

6.15.6.1 Kommunikasie (par. 5.3.1)

74,1% van die voorligteronderwysers ag die interpretasie van nie-verbale kommunikasie besonder hoog terwyl 67,9% hulself nie as besonder vaardig in hierdie interpretasie beskou nie.

6.15.6.2 Rapport (par. 5.3.2)

Hierdie vaardigheid word deur 91,9% van die respondente as van uiterste belang beskou. 55% van die voorligteronderwysers meen dat hulle besonder vaardig is in die stigting van rapport.

6.15.6.3 Stilte (par. 5.3.3)

By die benutting van "stilte" word nie 'n baie hoë premie geplaas op die belangrikheid van hierdie vaardigheid nie. 38,5% van die respondente beskou hierdie vaardigheid as van uiterste belang. Die vaardigheidspeil is deur 71,7% aangedui as redelik.

6.15.6 Houding (par. 5.3.4)

Om gedurende 'n onderhoud onbevooroordeeld sonder 'n sweem van kritiek of ongeduld aan die onderhoud deel te neem word deur 90,4% voorligteronderwysers as van uiterste belang geag terwyl 50% ook aangedui het dat hulle besonder vaardig is in die hantering van die onderhoudvaardigheid.

6.15.6.5 Luister (par. 5.3.5)

Die luistervaardigheid is deur 97,8% respondente as van uiterste belang geag. So ook het 77,6% aangetoon dat hulle besonder vaardig is in die hantering van die vaardigheid.

6.15.6.6 Empatie (par. 5.3.6)

Om begrip te hê vir die kind se situasie sonder om self emosioneel betrokke te raak word deur 76,3% voorligteronderwysers as van uiterste belang geag terwyl 77,6% aangedui het dat hulle nie besonder vaardig is nie.

6.15.6.7 Waarneming (par. 3.7)

Waarneming as onderhoudvaardigheid word deur 76,3% voorligteronderwysers as van uiterste belang beskou terwyl 76,9% aangedui het dat hulle slegs redelik vaardig is in die hantering van die onderhoudvaardigheid.

6.15.6.8 Samevatting (par. 5.3.8)

Die gebruik van 'n samevatting by onderhoudvoering word deur 60,7% van die respondente as van uiterste belang geag terwyl hulle ook aangedui het dat hulle nie besonder vaardig is nie.

6.15.6.9 Vraagstelling (par. 5.3.)9

Om gedurende 'n onderhoud te weet of 'n oop of geslote vraag gestel moet word, word deur 54,8% voorligteronderwysers as van uiterste belang geag terwyl 78,3% van die respondente aangedui het dat hulle redelik en selfs glad nie vaardig is nie.

6.15.6.10 Korrekte interpretasie van gegewens verkry uit verslae

* Voogverslae (par. 5.3.10)

74,1% respondente beskou vooglêergegewens as van uiterste belang terwyl 50,7% aantoon dat hulle redelik vaardig is in die interpretasie van hierdie gegewens.

* Kumulatiewe verslagkaart (par. 5.3.11)

Die gegewens verkry uit die kumulatiewe verslagkaart en korrekte interpretasie daarvan word deur 75,6% respondente as van uiterste belang geag terwyl daar respondente is wat nie onderlê is in die interpretasie van die gegewens nie.

* Persoonlike beroepsleidinglêer (par. 5.3.12)

64,5% Voorligteronderwysers het aangedui dat dit van uiterste belang is dat die gegewens verkry uit die persoonlike beroepsleidinglêer van leerlinge korrek geinterpreteer word. 57,5% van die voorligteronderwysers het aangedui dat hulle redelik tot glad nie vaardig is in die hantering van hierdie vaardigheid nie.

6.15.7 OPLEIDING IN ONDERHOUDVAARDIGHEDE

6.15.7.1 Opleiding ontvang (par. 5.4.1)

Die response toon dat 56,3% nie opleiding ontvang het in die hantering van die onderhoudvaardighede nie.

6.15.7.2 Belangstelling in indiensopleiding (par. 5.4.2)

96,3% van die respondente het aangedui dat hulle belangstelling het vir indiensopleiding in die hantering van die onderhoudvaardighede.

6.15.7.3 Opleiding van toekomstige voorligteronderwysers (par. 5.4.3)

99,3% respondente het aangedui dat opleiding in die hantering van die onderhoudvaardighede by die opleidingsprogram van voorligteronderwysers ingesluit moet word.

Vervolgens word gekyk na die gevolgtrekkings waartoe gekom is.

## 6.16 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorafgaande literatuurstudie en empiriese ondersoek kan die onderstaande gevolgtrekkings gemaak word.

6.16.1 Die belangrikheid van die onderhoudvaardighede. (par. 3.2)

Uit die literatuur blyk dit dat die maksimale benutting van die onderhoud as beroepsleidingsaktiwiteit slegs kan plaasvind indien die voorligteronderwyser oor die nodige kennis en bedrewendheid in die hantering van die vaardigheid beskik.

6.16.2 Ervaring van voorligteronderwysers. (par. 5.2.4)

Die response het getoon dat die voorligteronderwysers ervare onderwysers is maar dat hulle met betrekking tot die aanbieding van beroepsleiding nie so ervare is nie.

6.16.3 Kwalifikasies van voorligteronderwysers. (par. 5.2.3)

Die ondersoek toon dat die meerderheid voorligteronderwysers, as onderwysers goed gekwalifiseerd is, maar waar dit hier spesifiek gaan oor beroepsleiding-aktiwiteite beskik die meerderheid voorligteronderwysers nie oor die nodige akademiese kwalifikasies wat gestel word vir die voorligteronderwyser nie.

6.16.4 Opleiding van voorligteronderwysers.(par. 5.4.1)

Uit die ondersoek blyk dit dat die voorligteronderwysers nie voldoende opleiding ontvang het in onderhoudvaardighede nie. Daar is 'n baie sterk gevoel by die meerderheid dat indiensopleiding 'n hoë prioriteit behoort te geniet.

6.16.5 Belangrikheid van onderhoudvaardighede

Met die ondersoek is bevind dat as gevolg van onvoldoende opleiding nie al die vaardighede as van uiterste belang geag word by onderhoudvoering nie.

6.16.6 Behendigheid in die hantering van die onderhoudvaardighede

As gevolg van onvoldoende kennis en inoefening van die onderhoudvaardighede is daar bevind dat die voorligteronderwysers nie oor die nodige behendigheid beskik om hierdie vaardighede in onderhoudvoering te hanteer nie.

Vervolgens word enkele aanbevelings aangebied

6.17 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die ondersoek word die volgende aanbevelings gemaak.

* Dat hoë prioriteit aan die opleiding van voorligteronderwysers in onderhoudvoering en die daarmee gepaardgaande vaardighede gegee word.

* Die Transvaalse Onderwysdepartement behoort toe te sien dat slegs opgeleide voorligteronderwysers vir beroepsleiding by skole oorweeg en aangestel word.

* Dat opleidingsinstansies wat vir die opleiding van voorligteronderwysers verantwoordelik is groter eenvormigheid met betrekking tot die aard en inhoud van opleiding nastreef.

* Dat daar in die opleiding veel meer aandag aan die praktiese inoefening van vaardighede gegee moet word.

* Dat universiteite in samewerking met die Transvaalse Onderwysdepartement van tyd tot tyd aan diensdoende voorligteronderwysers verdere opleiding, veral in onderhoudvoering, sal aanbied.

6.18 Tekortkominge van die ondersoek

Aangesien slegs die personeellede van Afrikaansmedium sekondêre skole wat vir beroepsleiding verantwoordelik is by die empiriese ondersoek betrek is, kan bevindinge nie vir alle voorligteronderwysers in Transvaal veralgemeen word nie.

6.19 Aanbevelings vir verdere navorsing

Soortgelyke navorsing kan op nasionale basis by Afrikaans- en Engelsmedium sekondêre skole gedoen word.

Daar kan moontlik 'n vergelykende studie van die response van gekwalifiseerde en nie-gekwalifiseerde voorligteronderwysers gemaak word.

6.20 Slot

Die sukses by die implimentering van 'n voorligtingsprogram by sekondêre skole sal afhang van die kwaliteit van opleiding van personeel wat gemoeid is met die program. Opleiding in onderhoudvoering stel die voorligteronderwyser in staat om 'n duideliker persoonsbeeld van die skoolverlater op te bou. Dit lei tot beter hulpverlening aan die skoolverlater en dus ook tot 'n meer verantwoordbare beroepskeuse.

B R O N N E L Y S

ALBERTS, N.F. 1974. Voorligtingsielkunde. Pretoria: Van Schaik.

BELKIN, G.S. 1975. Practical counselling in the schools. New York: Brown.

BERELSON, B. & STEINER, C.A. 1964. Human behavior. New York: Harcourt Brace.

BEVERIDGE, W.E. 1968. Problemsolving interviews. London: Allen & Unwin.

BORG, W.R. & GALL, M.D. 1983. Education research. London: Longman.

BROWN, C.T. & KELLER, P.W. 1973. Monologue to dialogue. New York: Prentice-Hall.

BROWN, L. 1970. Communication facts and ideas in business. New York: Prentice-Hall.

BUYS, M. 1984. Beroepsvoorligting vir junior sekondêre skoolfase. (Kompas 6:10 R.G.N., Okt.)

CARLYLE, C.I. 1977. Important challenge: teaching the skill of active listening. Journalism educator, 32(1): 18 - 20, April.

DE LANDSHEERE, G. 1973. Algemene en vergelijkende onderwijskunde. Rotterdam: Universitaire Press.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. Kyk SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Departement van Nasionale Opvoeding.

DEUTSCH, F. & MURPHY, W.F. 1966. The Clinical interview. Vol. 1 New York: International Universities.

DE WET, J.J. MONTEITH, J.L. DE K, VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981: Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban: Butterworth.

